

**Letterkunde en die reg in die Middeleeuse epos
Vanden vos Reynaerde met spesifieke verwysing
na die Suid-Afrikaanse regstelsel**

deur

Jan Frederick Stander

**'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die
graad**

MA in Afrikaans

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

STUDIELEIER: Prof. Nerina Bosman

MEDESTUDIELEIER: Prof. Duard Kleyn

Erkenning en dankwoord

My dank aan almal wie se kommentaar en advies hierdie verhandeling die lig laat sien het, in die besonder my studieleiers, **Prof. Nerina Bosman** van die Departement Afrikaans aan UP en **Prof. Duard Kleyn** van die Regsfakulteit aan dieselfde universiteit; **dr. Elda van der Merwe**, vir haar kommentaar, redigering en proeflees van die vele weergawes van die verhandeling; en **Me. Adrienne Warricker** van die Merensky biblioteek, wat met gemak 'n magdom aan waardevolle inligting met die druk van 'n knoppie kon oproep.

Jan Stander.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	5
INLEIDING	5
1.1 Inleiding	5
1.2 Agtergrond.....	6
1.3 Motivering vir die studie	8
1.4 Navorsingsfokus en doelstellings	9
1.5 Navorsingsvrae	9
1.6 Werkswyse.....	10
1.7 Teksuitgawe.....	11
1.8 Beperkings	14
1.9 Oorsig oor die verhandeling	14
HOOFSTUK 2	15
VANDEN VOS REYNAERDE AS MIDDELEEUSE TEKS	15
2.1 Inleiding	15
2.2 Ontstaansgeskiedenis.....	15
2.3 Die publiek.....	20
2.4 Datering: die dertiende eeu	21
2.5 Die outeur: “Willem die Madocke maecte”	23
2.6 Die Reinaert as diere-epos of dieregedig	25
2.7 Misdad in die Middeleeue	27
2.8 Die verhaal.....	28
2.9 ’n Verhaal van reg en onreg	32
2.10 Slot en vooruitskouing.....	33
HOOFSTUK 3	35
REINAERT SE ERFLATING IN SUID-AFRIKA	35
3.1 Inleiding	36
3.2 Die Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale	36
3.3 Die Middeleeuse Vanden vos Reynaerde in Suid Afrika.....	46
3.4 Afsluiting en vooruitskouing.....	58
HOOFSTUK 4	60
DIE ONTWIKKELING VAN ’n EUROPESE REGSTELSEL IN DIE MIDDELEEUSE VLAANDERE	60
4.1. Inleiding	60
4.2. Die Romeinse reg.....	61
4.3. Die Germaanse reg	66

4.4.	Die kanonieke reg of kerkreg.....	71
4.5.	Op pad na 'n ius commune.....	73
4.6.	Samevatting en vooruitskouing.....	78
HOOFSTUK 5.....		79
DIE SUID-AFRIKAANSE REGSTELSEL.....		79
5.1	Inleiding.....	79
5.2	Kensketsing van die Suid-Afrikaanse reg.....	79
5.3	Romeins-Hollandse reg (14de tot 17de eeu).....	82
5.4	Die VOC-tydperk aan die Kaap die Goeie Hoop (1652–1806).....	84
5.5	Britse besetting en koloniserings van die Kaap.....	86
5.6	Samevatting en vooruitskouing.....	91
HOOFSTUK 6.....		93
VANDEN VOS REYNAERDE EN DIE MODERNE SUID-AFRIKAANSE REGSTELSEL: 'n TEKSGEBASEERDE VERGELYKING.....		93
6.1	Inleiding.....	93
6.2	Die verhaal.....	96
6.3	Die hoofkarakters: antropomorfe diere.....	102
6.4	'n Vergelyking tussen die Reinaert en die hedendaagse Suid-Afrikaanse straf- en strafprosesreg..	104
6.5	Samevatting en voortuitskouing.....	122
HOOFSTUK 7.....		124
GEVOLGTREKKING.....		124
7.1	Bereiking van die doestellings.....	124
7.2	Bydrae van die verhandeling.....	126
BIBLIOGRAFIE.....		127

HOOFSTUK 1

INLEIDING

(...) tussen literatuur en recht bestaat wel vaker kruisbestuiving. Het zijn nu eenmaal allebei bij uitstek talige bedrijven, en rechtszaken met hun frontale conflicten bedienen de literatuur gul met een plot en een conflict (Van Oostrom 2006:499).

1.1 Inleiding

Daar is 'n lang en simbiotiese verbintenis tussen die letterkunde en die reg. Dit is 'n erkende feit dat in primitiewe samelewings die reg, letterkunde en inderdaad religie 'n koherente eenheid gevorm het. Alhoewel hierdie drie elemente mettertyd los geraak het van mekaar, was daar tot in die Middeleeue steeds 'n noue band tussen hulle (Pavlovic 1986:697). 'n Verdere faktor wat volgens Pavlovic bygedra het tot hierdie verbintenis tussen reg en letterkunde, is die feit dat skrywers gedurende die Middeleeue dikwels regsgeleerdes of priesters was, soms beide (Pavlovic 1986:697).

Pavlovic, in 'n resensie van die werk *Literature and law in the Middle Ages: A Bibliography of Scholarship* deur J.A. Alford en D.P. Seniff, merk as volg op met verwysing na Italiaanse Middeleeuse literatuur:

Of its ninety-two entries seventy-four are devoted exclusively to the work of Dante, whom several scholars view as the first penal legislator not only of Italy but of Europe, and his *Commedia* as the first completely developed system of justice and order in European literature. And yet, he was really a man of his time, since an essential element of Italian culture of the thirteenth and fourteenth century was law and juridical tradition. Almost all the first poets and writers of Italian 'ascente literatura' were notaries, judges, or men of law.

Ook Gravidal (1992:2) merk op: "European literature of the Middle Ages, English and German as well as French, bears the imprint of a marked preoccupation with law."

Beide Gravidal se opmerking en Pavlovic se kommentaar is van toepassing op die *Reinaert*.

1.2 Agtergrond

Om in die tweede dekade van die een-en-twintigste eeu 'n studie oor 'n Middelnederlandse teks aan te pak, mag vreemd opval – hierdie tydperk is op stuk van sake ver verwyderd van ons hedendaagse samelewing en die taal waarin die epos geskryf is, is ook moeilik verstaanbaar. Maar dit gaan hier nie om sommer enige Middelnederlandse teks nie – dit gaan om *Vanden vos Reynaerde*, een van die merkwaardigste letterkundige werke van die Middeleeue.

Die Middelnederlandse diere-epos *Vanden vos Reynaerde* (verderaan word daar ook na hierdie werk verwys as die *Reinaert*) fassineer ondersoekers van die letterkunde, die Middeleeue en die reg al eeue lank. Die verhaal van die verhoor van die sluwe jakkals Reinaert is vol drama en menslike swakhede en dit is 'n dankbare en onuitputlike bron vir voortgaande ondersoek.

Tot die werklik omvangryke internasionale literatuurversameling oor die *Reinaert* wil hierdie navorsing 'n beskeie bydrae maak deur die *Reinaert* te plaas binne die konteks van die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel – 'n stelsel wat sy oorsprong ten dele in die Middeleeuse straf- en strafprosesreg van die Lae Lande het. Die *Reinaert* is nog nie vanuit hierdie spesifieke invalshoek bestudeer nie. 'n Nuwe ontleding van die epos met 'n nuwe invalshoek sal dus binne die Suid-Afrikaanse konteks, en meer spesifiek die Afrikaanse konteks, 'n bydrae lewer.

By die bestudering van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite was die *Reinaert* nog altyd een van die kanonieke Middeleeuse tekste. Helaas word daar vandag al hoe minder in die Suid-Afrikaanse universitêre konteks aandag bestee aan die Middeleeuse letterkunde. Hierdie navorsing sal poog om ook hierdie leemte ten dele te probeer vul.

Die *Reinaert* is 'n verhaal van reg en onreg en die ondersoek daarvan val grofweg gesien binne die interdisiplinêre “Reg-en-Letterkunde-beweging” waar die verband tussen die reg en die letterkunde sentraal staan. Die vraag wat by die eerste lees van die teks by my

opgekom het, was die volgende: Watter ooreenkomste is daar aan te toon tussen die hofverrigtinge in die *Reinaert* en aspekte van die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel?

“De aard van alle rechtshistorisch onderzoek is tweeslachtig: het wil het recht, d.i. vaste regels, beschrijven en moet tegelijk de uiterste beweeglijkheid van het recht aantonen”, skryf Van Caenegem (1954:1) in sy boek *Geschiedenis van het strafrecht in Vlaanderen van de XIe tot de XIVe eeuw*. Hierdie beweeglikheid van die reg word onder andere in die verhandeling geïllustreer. Volgens Van Caenegem word die menslike strewe na vaste en duursame reëls steeds teleurgestel. Die maatskappy bly nie stilstaan nie maar leef en beweeg en die reg evolueer voortdurend. Iets van hierdie evolusie sal aangetoon word deur die samelewing en regstelsel van die een-en-twintigste-eeuse Suid-Afrika in die ontleding van *Vanden vos Reynaerde* te betrek.

Omdat die reg 'n sentrale plek in die epos inneem, nooi die teks lesers as't ware uit om hierdie aspek deeglik te verken.

Die skerp en satiriese blik van die skrywer van die *Reinaert* op die magshebbers van sy tyd is vandag nog steeds relevant vir Suid-Afrika in 'n tydsgewrig waar ons soms ongebreidelde korrupsie en magsingryping waarneem van die magshebbers wat selfs die reg nie ontsien nie.

Van Leeuwen (1971:22–23) som die *Reinaert* as volg op:

Het epos is vol spot op de hebzuchtige en laffe adel, vol hekeling van de lagere geestelijkheid (...) vol ironie ook over de reeds ijdel wordende burgers; en als geheel: een satire op de mensheid in het algemeen, op zijn egoïsme, zijn valsheid. Zijn kleinheid. De verteltrant is zeer levendig, de psychologie meesterlijk, de compositie knap.”

Van Oostrom (2006:465) beskryf *Reinaert* as onder andere 'n Vlaamse volksheld vir die Vlaamse Beweging – 'n karakter wat die arrogansie van die magshebbers “aftroefde met slimheid en daadkragtigheid”.

Teen hierdie agtergrond is daar na die teks gekyk.

1.3 Motivering vir die studie

Lesers van ou tekste (in hierdie geval 'n Middeleeuse teks) ondervind soms probleme om die leefwêreld van daardie tekste goed genoeg te verstaan dat die teks vir hulle kan oopgaan en dat hulle dit wat deur die eeue nog “waar” gebly het, kan raaksien. Vir hierdie toedrag van sake is daar voor die handliggende redes. In my geval, en oor die algemeen in die Suid-Afrikaanse konteks, is taal die eerste struikelblok – vir moderne Afrikaanse lesers is 'n Middelnederlandse teks besonder ontoeganklik. Alhoewel vertalings (kyk Hoofstuk 3) hier van groot hulp is, is daar ook ander struikelblokke. Die diere-epos of fabel, eens so 'n gewilde teksgenre, doen ook vreemd aan. In die *Reinaert* is die diere antropomorfies en hulle vertoon, benewens die dierlike, ook duidelike menslike karaktertrekke. Dit is nie die soort teks waaraan moderne lesers gewoond is nie.

En dan is daar ook die sentrale gebeurtenis in die *Reinaert*, naamlik die koninklike hofsitting, waar die hoofkarakter, Reinaert die vos, aangekla word van 'n hele aantal misdade en verhoor word. Nou verbonde aan die hofsitting is die satiriese inslag van die teks waarin die korrupsie van die magshebbers genadeloos en venynig blootgelê word.

Die reg is vir moderne lesers nie noodwendig 'n vertroude vakgebied nie, maar dit vorm op verskeie maniere wel deel van hulle ervaringswêreld.

In ons een-en-twintigste-eeuse konteks waar die oppergesag van die reg heers, maar waar Suid-Afrika terselfdertyd deur endemiese korrupsie geteister word, het dit daarom vir my sinvol gelyk om eerstens te fokus op die Suid-Afrikaanse “lewe” van Reinaert en om tweedens baie spesifiek te fokus op die regsaspekte van die teks – maar met die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel as agtergrond.

Die regsaspekte in die epos is al deeglik nagevors, maar na my wete nog nie binne 'n moderne konteks nie. Myns insiens is dit egter interessant omdat die reg iets is waarmee elke landsburger kan identifiseer. Daarom vind ek dit nie onvanpas om in my studie die fokus sterk te laat val op die ou Middeleeuse regstelsel soos wat dit in die Vlaandere van die 12de en 13de eeu was nie. Om die reg en die literatuur met mekaar in verband te bring, is insgelyks 'n ou tradisie – 'n tradisie wat in die 20ste eeu selfs meer formeel aangedui word met die naam “Law and Literature – Reg en Letterkunde”.

Soos wat Van Oostrom (2006:499) tereg opmerk, is die reg en die letterkunde albei by uitstek “talige bedrieffen”. Dit mag dus op die oog af vreemd aandoen om twee regstelsels, naamlik dié van die Middeleeuse Vlaandere en dié van die moderne Suid-Afrika circa 2017 te vergelyk, maar deur presies dit te doen, maak my studie ’n nuwe bydrae tot die huidige literêre diskoers rakende *Vanden vos Reynaerde*, gee insig in die universele aard van én die reg én die menslike natuur en dui laastens ook aan hoe hierdie merkwaardige teks nuut oopgemaak kan word vir een-en-twintigste-eeuse studente van die reg en die letterkunde om sodoende miskien ’n verdere lewe van die merkwaardige teks te verseker.

As laaste motivering geld die volgende: die skrywer van die epos, ene Willem, bied ’n ontluisterende blik op mens en mag – ’n toedrag van sake wat daagliks in SA ook aan die orde van die dag is. Ook om hierdie rede bly die epos in die een-en-twintigste eeu relevant.

1.4 Navorsingsfokus en doelstellings

Die sentrale gebeurtenis van die *Reinaert* is die verhoor van die vos voor koning Nobel. Die epos bied om hierdie rede ’n insiggewende blik op die regsprosedure van die tyd – spesifiek die regsprosedure soos toegepas in die feodale en koninklike howe. Hierdie aspek van *Reinaert* is wel al deeglik nagevors (vergelyk verderaan), maar sover vasgestel kon word, is die verbintenis tussen die Middeleeuse reg van die Lae Lande, soos wat dit in *Reinaert* neerslag vind, en dié van Suid-Afrika nog nie bestudeer nie. In my navorsing het ek die hofverrigtinge in die Middeleeuse teks (en waar van toepassing die Middeleeuse straf- en strafprosesreg) vergelyk met dié in die moderne Suid-Afrikaanse reg en ooreenkomste en verskille tussen die twee regstelsels uitgelig.

Ten einde dit te kon doen, moes ek ’n verband lê tussen die Middeleeuse epos en die moderne Afrikaanse letterkunde.

1.5 Navorsingsvrae

Voortspruitend uit die doelstellings soos aangedui in afdeling 1.3, is die volgende navorsingsvrae geformuleer:

- (1) Hoe verskil die regsproses en verhoor in die *Reinaert* van die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg en hoe kom dit daarmee ooreen? Anders gestel: tot watter

mate word elemente van die Middeleeuse reg soos te sien in die *Reinaert* nog in die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg aangetref?

- (2) Watter regverdiging kan gevind word om twee regstelsels wat deur meer as sewe eeue geskei word met mekaar te probeer vergelyk?

Ten einde vraag (1) te beantwoord, is die volgende subvrae geformuleer:

- (1.a) Watter regstelsel het tydens die vos se verhoor in die twaalfde en dertiende eeu (vergelyk Hoofstuk 2) gegeld?
- (1.b) Watter oorblyfsels van hierdie Middeleeuse regstelsel is nog merkbaar in die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg? Anders gestel: is daar enige verband tussen die twee regstelsels en indien wel, tot watter mate is die Middeleeuse strafregstelsel in die Suid-Afrikaanse reg geresipieer (opgeneem)?

En vir vraag (2):

- (2.a) Watter verband is daar tussen die Middeleeuse epos en die moderne Suid-Afrikaanse letterkunde?

1.6 Werkswyse

Die navorsing kan getipeer word as 'n teksondersoek of literatuurstudie-ondersoek wat bronne uit die velde van die Middeleeuse letterkunde, die moderne Afrikaanse volksverhaalondersoek, die Middeleeuse feodale regsprosesse en die Suid-Afrikaanse regstelsel en regsgeeskiedenis betrek en integreer. 'n Beskrywende en vergelykende metodologie is gevolg.

Ten einde die verband tussen *Vanden vos Reynaerde* en meer onlangse Afrikaanse volksverhale aan te toon, sal die *Reinaert* se erflating in Suid-Afrika ondersoek word deur na volksverhale en die akademiese diskoers hieroor te kyk. Afrikaanse vertalings en herskeppings van die epos sal ook aandag kry.

Die hofprosedure soos uitgebeeld in die epos is beskryf deur spesifiek te fokus op daardie dele van die werk waarin regsaspekte ter sprake kom. Deur regshistoriese bronne te raadpleeg, is 'n oorsig van die Middeleeuse strafregstelsel gegee. Op dieselfde wyse is die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel nagespeur. Die regsproses in die *Reinaert* is ten slotte met die huidige Suid-Afrikaanse straf(proses)reg vergelyk.

Twee soorte bronne is geraadpleeg:

Primêre bron

Vanden vos Reynaerde

Sekondêre bronne

- Literatuurwetenskaplike bronne
- Regshistoriese bronne
- Volksverhale soos opgeteken deur verskeie outeurs
- Kultuurhistoriese bronne

1.7 Teksuitgawe

Die teks van *Vanden vos Reynaerde* wat gebruik is in hierdie verhandeling, is die uitgawe van Burm en Van der Merwe (1973). Hulle weergawe berus op die diplomatieuse uitgawe van Hellinga van die Comburgsche handskrif, of Handskrif A (Burm en Van der Merwe 1973: Inleiding).

Die Comburgse handskrif bevat 'n aantal Middelnederlandse literêre tekste waaronder *Vanden vos Reynaerde*. Dit is tussen 1380 en 1425 deur 'n paar kopiïste geskryf en is afkomstig uit die omgewing van Gent (Wikipedia). Die handskrif is in 1805 ontdek en waarskynlik ongeveer 1400 geskryf (Lulofs 1983:54).

Die openingsvers in Burm en Van der Merwe se uitgawe lui: "Willem, die vele boucke maecte". In die Dykse Handskrif, wat ongeveer 1375 geskryf is, word dit só geskryf: "Vvillam die madocke makede" (Lulofs 1983:54; ook volgens die webwerf van die Universiteit Münster, vergelyk <https://www.ulb.uni-muenster.de/> en http://repositorium.uni-muenster.de/document/midos/820415cc-9b48-49bf-952d-cfc719dd503c/dycksche-hs_komplett.pdf).

Dat Willem die Madoc sou geskryf het, word sedertdien aanvaar en selfs deur verskeie navorsers as deel van sy naam genoem (vergelyk bv. Van Oostrom 2006).

Handskrif A vorm ook die grondslag van Lulofs (1983) se uitgawe, maar hy maak ook gebruik van ander redaksies, soos onder ander die Dyckse handskrif (Handskrif F).

Wat die vertalings betref, is daar gesteun op die teksaantekeninge en glosse van Burm en Van der Merwe (1973), Lulofs (1983), De Jong (1983) se vertaling en Slings (1999) vir moderne Nederlands. Slings se vertaling is 'n gemoderniseerde Middelnederlandse teks en klop nie altyd goed met die aanhalings nie.

Die prent van die eerste bladsy van die *Reinaert* (op die volgende bladsy) is verkry vanaf http://repositorium.uni-muenster.de/document/midos/820415cc-9b48-49bf-952d-cfc719dd503c/dycksche-hs_komplett.pdf

D' arme andigher opbare
 g' e macht smeltē ofc' wāre
 g' er en is te smeltē mer goet
 T en si datmer' conde toe doet
Hier ende die marale seuene
 wits belof vā minne geuene
 D at ic beloefte minne here
 s in is mit recht die ere
 I sser iet goets toe gheser
 W are en hadde tē arbeit
 H iet bestaen in te en stille
 T en hadde gesijn om sine wille
 D ie enige toget in te le hoeken
 g' ach geuinen en gesoeken
 D ien werde te geue sine ghebede
 D ie dit selue dichten te
 D at god allen siele si heetichter
 E noec mede voert den dichter
 H em si genadich en vertene
 T hif taer doet en is gene amei

Avillan die matode matode
 Daer in die omne wāre
 I je vnoet so harce
 D at die auenture vā rymaerte
 I ndicere was omolmaket vluen
 D ie amour niet en hadde verdruen
 D ar in die vix tē soeken
 E n hie vā valschē boeken
 I n dietche heuer begonnen
 G od moett hē sūe hulpe ommer
Niet hē dat toe mijn sin
 D at ic viddt in die begu
 D orte te wipen en ten doren
 D elc' comen dat si horen
 D ele rime en te soort
 D ien si onniet sin ghoert
 D at sie laten onbekamer
 T e vele slachtē si ten rauen
 D ie emor es at eue malle
 s i mātē sille rime valschē
 D aer si niet moer af ne weten
 D an ic doe hoe die gene heren
 D ie in vā bālonē leuen
 D at si wel si souden vegen en
 g' in dichten ware oer gelisse
 D at negog ic met dur hare wille
 E n hadē mi niet gebeten
 D ie in groter honelsheten
 G herne keret hare laten
 s i had in dat ic soude mātē
 D ele auenture vā rymaerte
 a l begrepen die gromāte
 I c wil wel dat se te goere hoie
 E n taer toe geue hie oren
 D iegaerne plegen in heren
 E n hātē sin taer toe heren
 s in si arme spū sūte
 D at si leuen houelshē
 D ie vstaet in goede sūne
 s vhoert hoe ic begūne

1.8 Beperkings

As gevolg van die beperkte omvang van 'n MA-verhandeling en die spesifieke fokus op regsaspekte, asook om grootskaalse herhaling van bestaande bronne te vermy, is daar nie in groot diepte op alle aspekte van die teks ingegaan nie.

1.9 Oorsig oor die verhandeling

In Hoofstuk 2 word *Vanden vos Reynaerde* as Middeleeuse teks kortliks bespreek.

In Hoofstuk 3 word aangetoon dat die Middeleeuse vos Reinaert in die Suid-Afrikaanse landskap onuitwisbare spore as Afrikaanse jakkals getrap het.

In Hoofstuk 4 word die regstelsel wat in die 12de en 13de eeu in Vlaandere geheers het, beskryf.

In Hoofstuk 5 word die ontwikkeling van die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel kortliks geskets.

In Hoofstuk 6 word die Middeleeuse regstelsel soos wat dit in die *Reinaert* aangetref word met die moderne strafregstelsel van die hedendaagse Suid-Afrika vergelyk.

Die verhandeling word ten slotte in Hoofstuk 7 saamgevat.

HOOFSTUK 2

VANDEN VOS REYNAERDE AS MIDDELEEUSE TEKS

If it were the only interesting and valuable work existing in the old Dutch, it alone would fully repay the trouble of learning that language.
(Joseph Bosworth 1836)

Reynaert is een klassiek werk, misschien wel het meest klassiek werk uit onze literatuur.

(Gerritsen in die Ten Geleide-voorwoord in Lulofs 1983:10)

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die Middeleeuse teks *Vanden vos Reynaerde* (voortaan die *Reinaert*) baie oorsigtelik bespreek. As gevolg van die beperkte omvang van 'n MA-verhandeling en die meer spesifieke fokus op die Suid-Afrikaanse konteks waarin (en agtergrond waarteen) die *Reinaert* gelees word (vergelyk Hoofstuk 1), asook om grootskaalse herhaling van bestaande bronne te vermy, sal daar nie in groot diepte ingegaan word op alle aspekte van hierdie teks nie.

Die volledigste studies oor die *Reinaert* in die onlangse verlede is dié van Lulofs (1983), Van Oostrom (2006) en Lippevelde (2012). In die volgende oorsig word daar dan ook grootliks op hierdie drie bronne gesteun.

2.2 Ontstaansgeskiedenis

Willem, die vele boucke maecte

(...)

Hem vernoyde so haerde

Dat die avonture van reynaerde

In dietsche onghemaket bleven

(...)

Dat hi die vijte van reynaerde soucken

Ende hise na den walschen boucken

In dietsche dus hevet begonnen –
(Verse 1–9)

Willem, wat baie boeke geskryf het,
(...)
Het dit baie jammer gevind
Dat die avonture van Reinaert
Nie in Nederlands vertaal is nie.
Daarom het hy die lewensverhaal van Reinaert nageslaan
En die verhaal, volgens die Franse boeke,
In Nederlands as volg begin –

Soos uit bostaande aanhaling blyk, het die *Reinaert* nie op 'n dag as 'n nuutgeskepte werk uit die pen van Willem, die outeur, voortgevloei nie. Wat aan die *Reinaert* voorafgegaan het, was eeue-oue verhale – soveel is vandag duidelik. In die besonder het ander Middeleeuse tekste soos die Franse *Roman de Renard* en die Latynse *Ysengrimus* die *Reinaert* beïnvloed. Oor die literêr-historiese bronne, onder andere die “walsche boucken” waarvan Willem skryf, wat die ontstaanskonteks van die werk bepaal het, heers daar in die breë twee sienings: dié van die folkloriste en dié van die esopiste (Lulofs 1983:15, Van Oostrom 2006:466). Die sogenaamde “folkloriste” se siening is dat die mondelinge tradisie van Germaanse sages en volkspoësie deur die Franke na Noord-Frankryk gebring is vanwaar dit oorgegaan het in die Franse *Roman de Renard*, 'n Oudfranse “textcomplex” soos wat Van Oostrom (2006:468) dit noem. Die Esopiste weer, meen dat Latynse Middeleeuse tekste en fabelversamelings, wat op hulle beurt 'n Oosterse diereverhaaloorsprong het, die eintlike literêre voorgangers van die *Reinaert* was. Op hierdie Oosterse diereverhale het Esopus byvoorbeeld sy fabels gebaseer, vandaar die benaming “Esopiste”. Daar word nou kortliks gekyk na dié twee sienings oor die bronne van die *Reinaert*.

2.2.1 Die folkloriste

“Met de uitgave van *Reinhart Fuchs* in 1834 van Jakob Grimm begint het wetenschappelijk *Reynart*-onderzoek”, konstateer Lulofs (1983:15). Volgens Grimm het die epos ontstaan uit Germaanse sages en volkspoësie wat mondeling oorgelewer is en in Noord-Frankryk dan sou lei tot die ontstaan van die *Roman de Renard*, waar die verskillende takke van die verhale skriftelik “gefikseer” word, soos wat Lulofs (1983:15) dit stel. In hierdie teks (of dan

versameling verhale) is die Germaanse afkoms te sien in die name van die dierekarakters: Reinaert, Isengrijn, Hersint, Grimbeert en Bruun – weliswaar ook met 'n “indringer” uit die Ooste: koning Nobel die leeu. Die oorspronklike Germaanse koning was naamlik die beer.

Van Oostrom (2006:469) wys spesifiek ook op “allerlei gerelateerde Germaanse stoffen”, soos die komplot wat Isengrijn en Bruun teen Nobel sou smee om die beer op die troon te plaas; en die Oosgotiese koning Ermanaric, legendaries weens sy enorme skatte.

2.2.2 Die Esopiste

Grimm se opvatting was lank die heersende een, maar Lulofs (1983:15) toon aan dat dit in 1914 deur Julien Foulet uitgedaag is. Foulet is oortuig dat die epos as bron skriftelik oorgelewerde Latynse tekste het. Hierdie tekste is deur geleerde Latynse skrywers bewaar en gedurende die Middeleeue navertel.

Diereverhale het 'n lang geskiedenis en die bekendstes onder hulle is waarskynlik uit Egipte afkomstig. Ook in Arabiese kom reeds in die agste eeu 'n reeks diereverhale tot stand onder die titel *Kalilah wa-Dimna*, wat via Persies na 'n vroeër Sanskrit-teks, *Pantsjatranta*, teruggaan. In hierdie tekste kom verhale soortgelyk aan dié in die *Ysengrimus* en die *Roman de Renard* voor.

Volgens Lulofs was daar kontak tussen die Arabiese en die Wes-Europese kultuur met as belangrike tussenpersoon ene Alfonsus, 'n Joodse arts en sterrekundige wat as Christen gedoop is. Hy sou baie bygedra het tot die bekendmaking van Arabiese verhale in die Weste.

In die fabels van Esopus is daar ook invloede uit die Ooste te sien. Die fabels het in die sesde eeu voor Christus in Griekeland ontstaan en hulle is later in Latyn vertaal. In die latere Middeleeuse diereverhale kan die fabels van Esopus duidelik herken word, soos in die fabel van die vos en die raaf met die stuk kaas. Die nie-inheemse leeu in die diereverhale kan ook toegeskryf word aan die verhale uit die Midde-Ooste via Esopus, aldus Lulofs (1983:20).

Die Esopiese verhale is duidelik van belang in die ontwikkeling van die *Reinaert*-epos. Veral belangrik vir die speurtog na bronne van die *Reyanert* is die verhaal van die siek leeu wat

sy volgelinge ontbied en om raad vra. Niemand kan die leeu egter help nie. Die wolf beskuldig die vos omdat hy nie gekom het toe die koning almal ontbied het nie. Wanneer die vos dan wel opdaag, hét hy raad vir die koning: die koning moet in die afgestroopte (*gevilde*) vel van wolf toegedraai word. Hierdie verhaal, soos wat Lulofs aantoon, ontwikkel mettertyd – die leeu word 'n inheemse beer; die siek leeu hou later 'n hofdag en later is dit 'n gesonde leeu wat die hofdag hou. Dit is dan ook die verhaal soos wat hy aangebied word in die *Reinaert*.

Die twee sienings – dié wat aandrang op 'n inheemse, Germaanse oorsprong en dié wat 'n (midde-) Oosterse klassieke herkoms veronderstel – het dus lank teenoor mekaar gestaan. Lulofs (1983:25) sê wel dat die *Reinaert* nie 'n verhaal is wat tot Germaanse tye teruggaan en deur die volk verder vertel is nie. Op bladsy 16 van die nou reeds dikwels aangehaalde werk, verwys Lulofs ook na Jauss wat stel dat die diere-epos nie direk af te lei is uit die ou sprokies nie (die bonatuurlike elemente ontbreek naamlik). Jauss sê egter ook dat dit onjuis is om die epos uitsluitlik terug te voer tot die Latyns-Christelike fabelliteratuur; daarvoor was diereverhale te belangrik in die Germaanse volksverhaalskat.

Watter van die bogenoemde teorieë juis is, is 'n moeilike vraag om te beantwoord – 'n vraag wat ook buite die reikwydte van hierdie verhandeling val. Hiermee word dan volstaan.

2.2.3 Twee belangrike voorgangers

Benewens die ou verhale wat in die *Ecbasis Captivi* aangetref word, is daar twee meer direkte Wes-Europese voorgangers vir *Vanden vos Reynaerde*. Hulle is die Franse *Roman de Renard* en die *Ysengrimus*.

2.2.3.1 Die Roman de Renard

In die tweede helfte van die twaalfde eeu, in ongeveer 1175 (Lulofs 1983:22), word die eerste Reinaert-verhaal deur Pierre de Saint-Cloud in die Franse volkstaal neergeskryf – die eerste van 28 verhale wat saam die *Roman de Renard* sou vorm. Hierdie eerste en oudste verhaal staan later bekend as *Le Plaid* (*Die Pleidooi*) en dit is hierdie verhaal wat in die *Reinaert* bewerk sou word. Volgens Lulofs (1983:22) loop die eerste deel van die Reinaert-epos “ongeveer parallel” met *Le Plaid*.

2.2.3.2 Die Ysengrimus

Daar is 'n nog ouer teks wat ook van groot belang is vir enige speurtog na die bronne van die *Reinaert*. In 1814 vind Jacob Grimm in Parys 'n *Ysengrimus*-handskrif (Lulofs 1983:21). Hierdie ontdekking was belangrik vir die studie van die herkoms van die *Reinaert*. Die gedig is vermoedelik in 1150 in Gent geskryf. Dit is op 'n hoogs intellektuele peil, vol ironie waarin die draak gesteek word met allerlei kerklike en intellektuele toestande in 'n tyd toe vele kerklike dogmas in twyfel getrek is. (Lulofs 1983:21). Byna al die verhale uit die *Ysengrimus* is in die verskillende takke van die *Roman de Renard* bewerk (Lulofs 1983:23).¹

Die diere het nou elk 'n eie naam – soos wat Lulofs (1983:33) dit stel: hulle “epiese” name – grotendeels ontleen aan Germaanse name. Die wolf, Ysengrimus, is die hoofkarakter en Reinardus is sy adviseur. In geheel bestaan die werk uit 24 verhale, waarvan die verhaal van die hofdag van die siek leeu uit 1 200 verse bestaan en van esopiese oorsprong is (Lulofs 1983:21). Nie alle verhale in die *Ysengrimus* is van Latynse fabels afkomsig nie; dié van die visvangs op die ys is wel van Germaanse oorsprong (Lulofs 1983:21).

Van Oostrom (2006:467) noem die *Ysengrimus* “dat hoogstaande product van een vlijmscherpe monnikengeest” wat vir die eerste keer die “onverwoestbare namen” Reynaert en Ysengrijn gebruik. “Volgens kenners is haast in geen enkele andere tekst het middeleeuws Latijn zo zichtbaar een levende taal.” (Van Oostrom 2006:40)

Opsommenderwyse: die *Reinaert*-teks sluit aan by die Franse *Roman de Renard* uit die twaalfde eeu, wat op sy beurt grootliks ontleen is aan die *Ysengrimus* waarin verskeie diereverhale verwerk is. Die *Ysengrimus*-versameling gaan op sy beurt weer terug na onder andere die Latynse tekste en fabelversamelings van Romulus, Avianus en Esopus (Lulofs 1983:39).

In die tyd wat die *Reinaert* geskryf is, was daar duidelik ook ander verhale in die volksmond in omloop. Ook al ruim voor die verskyning van die *Ysengrimus* doen daar in die volksmond

¹ Bloot volledigheidshalwe kan ook vermeld word dat *Reinhart Fuchs* teen die einde van die twaalfde eeu in Middelhoogduits deur Heinrich der Glichezare geskryf word met stukke teks wat nie in Frans oorgelewer is nie. Die *Reinaert*-verhale was dus vermoedelik in Noord-Frankryk, Vlaandere en Duitsland populêr (Lulofs 1983:23).

anekdotes oor *Reinaert die ronde* (Van Oostrom 2006:469). Van Oostrom (2006:469) tipeer die *Reinaert* dan ook as 'n meesterwerk op basis van tradisie.

Vanden vos Reynaerde het dus diep wortels wat terugstrek na antieke tye en na mondelinge vertellings uit die Germaanse verhaalskat. Teen die aanbreek van die Middeleeue was die diereverhale heel waarskynlik al deel van die volksbesit en Willem se teks was geen nuwe verhaal nie. Willem self bied sy verhaal aan as aanvulling tot die vroeëre werk van iemand anders, naamlik ene Aernout, wat dit nie “vulschreven” het nie (vers 6).

2.3 Die publiek

Lulofs (1983), met verwysing na vorige studies, vra waar die teks te hore of te siene was – voorgedra, en indien wel deur wie? In 'n klooster te Gent of op die markplein? Volgens hom was die inhoud van die teks van “bijzonder hoog intellektueel niveau” en ook die publiek sou hoogs ontwikkelde moes wees om die hele problematiek van juridiese versus morele skuld behoorlik te kon verstaan (Lulofs 1983:46). Die moontlike publiek en selfs ook die opdraggewer(s) sou uit 'n aantal sosiale lae van die destydse samelewing kon kom.

Lulofs ag dit heel waarskynlik dat ryk koopliede, wat die abdye van St. Pieters en St. Baafs min of meer beheers het, die meeste deur die teks aangespreek sou word omdat hulle die gevaar van willekeurige magshebbers sou ken. Verder was die teks ook bruikbaar vir die sieleheil van gelowiges.

Van Oostrom (1983) weer, in *Reinaert primair*, argumenteer oortuigend dat baie Middelnederlandse tekste in 'n adellike milieu ontstaan het en dat die bedoelde publiek in adellike kringe gesoek moet word.

Lulofs (1983:50) som op:

Een hoog intellektueel niveau dat wij bij het publiek veronderstellen als voorwaarde om de tekst ten volle te kunnen waarderen, kan men zoeken in geestelijke kringen, maar ook in aristocratische of patricische kringen.

Of die werk bedoel was om gelees, voorgelees of voorgedra te word, is nie seker nie. Volgens Lulofs (1983:52) meen Jauss dat die teks nie 'n voordragteks was nie. So 'n siening word ondersteun deur die feit dat die teks nie geïmproviseer is nie maar wel “gecomponeerd” (Lulofs t.a.p.). Dit wil volgens Lulofs egter nie sê dat dit bestem was om net gelees te word nie: “Ik kan me een adellijk heer niet goed voorstellen met een Reinaertboekje in een hoekje” (Lulofs 1983:53). Lulofs (1983:45) toon aan hoe die publiek in die teks toegesprek word en dat die orale tradisie waarskynlik heel lewendig was. Die verhaal self speel af in die land van Waes, in Oos-Vlaandere naby of in Gent.

2.4 Datering: die dertiende eeu

Wanneer is die *Reinaert* geskryf? So situeer die skrywer die tekstyd:

Het was in eenen tsinxendaghe
Dat beede bosch ende haghe
Met groenen loverene waren bevaen.
Vers 41–43

In Afrikaans kan dit so vertaal word:
Dit was in die Pinkstertyd
Toe sowel bos as struikgewas
Met groen lower (blare) bedek was

Willem self gee geen ander tydsaanduiding nie as dat die verhaal afspeel in die Pinkstertyd – in die vroeë lente dus.

Die presiese datering van die *Reinaert* was vir lank 'n omstrede kwessie. Vergelyk byvoorbeeld Lulofs (1983:50 e.v.), Van Oostrom (2006:466 e.v.) en Lippevelde (2012:11). Datering is wel vir hierdie ondersoek belangrik sodat vasgestel kan word watter regstelsel in dié tyd in Vlaandere gebruiklik was. Soos wat Lippevelde (2012:11) dit so mooi stel, moet die temporele verankering van die teks genuanseerd bekyk word. Daar is pas hier bo aangetoon wat 'n lang en gevarieerde ontstaansgeskiedenis die epos al beleef het toe Willem sy unieke en eiesoortige teks geskryf het – dus iets wat in ag geneem kan word wanneer daar oor die datering van die teks nagedink word.

Vervolgens word na 'n paar Reinardiste verwys.

Lulofs (1983:50) poog om die teks te dateer deur dit met ander duidelik gedateerde tekste soos *Karel ende Elegast* en *Alexanders Geesten* te vergelyk. Alhoewel dit moeilik is om die Nederlandse weergawe van die bekende Reinaert-verhale te dateer, kan dit ongetwyfeld getipeer word as 'n Middeleeuse, en in die besonder 'n Middelnederlandse, teks.

Lulofs (1983:50 e.v.) betoog soos volg: Die Franse Reinaert-verhale word in 1179 gedateer en 'n Latynse bewerking van die *Reinaert*, die *Reynardus vulpes*, is tussen 1272 en 1279 gemaak. Die ontstaansdatum van die *Reinaert* lê dus tussen die twee datums 1179 en 1272, dus laat twaalfde eeu of in die dertiende eeu vóór 1272.

Lulofs (1983:51) verwys na Gysseling (1978) en Peeters (1973). Volgens Gysseling (1978) dateer die teks uit die laat 12de eeu toe Philips van de Elzas graaf van Vlaandere was, dus voor 1191. Peeters plaas die teks weer veel later, naamlik omstreeks 1260.

Lulofs self redeneer dat oorgelewerde handskrifte van die teks taamlik jonk is (uit ongeveer 1400) en dat die taalgebruik in die sogenaamde Handskrif A nie die indruk laat dat dit veel vroeër as 1200 ontstaan het nie. Sy betoog berus op stawende argumente soos dat daar in die *Reinaert* telkens na ander Reinaert-avonture verwys word en dat die manier waarop Nobel en Isengrijn in die verhaal voorgestel word, aantoon dat dit reeds bekende verhale was in die tyd toe die *Reinaert* geskryf is.

Lulofs sê ook met stelligheid dat die *Reinaert*-teks reeds in die eerste kwart van die dertiende eeu bekend was. Dit lyk dus asof hy die ontstaansdatum voor 1225 dateer, maar wel definitief in die dertiende eeu.

Volgens Van Oostrom (2006:466) was die datering van die teks tot in die sewentigerjare van die vorige eeu onseker, maar die meeste navorsers situeer die teks nou volledig in die dertiende eeu en nie meer in die laat twaalfde eeu nie. Ter ondersteuning van 'n dertiende-eeuse ontstaansdatum noem Van Oostrom (2006) dat die teks die gevestigde genre van die ridderroman, waarmee die dieregedig 'n ironiese dialoog aangaan, veronderstel. Die teks behoort dus tot die "hoogtij van de Vlaamse literatuur" (Van Oostrom 2006:467).

Slings (1999:25) spreek die mening uit dat die werk in ongeveer 1260 geskryf is.

Na aanleiding van die bogenoemde uiteensetting lyk dit dus asof die *Reinaert* getipeer kan word as 'n Middelnederlandse teks wat uit die eerste helfte van die dertiende eeu dateer, soos wat Lippevelde (2012:2) ook besluit.

2.5 Die outeur: “Willem die Madocke maecte”

Die voornaam van die skrywer van die epos ken ons darem en dit is al heelwat, sê Van Oostrom (2006:496). Willem stel homself in die eerste vers en ook in die akrostigon, BI WILLEME, van die laaste verse aan die woord:

Die volgende is Lulofs (1983:194) se weergawe van die slotverse:

Vers 3461–3469

Bi Gode, ic dart hu wel raden!

Isengrijn sprac toten beere:

“**Wat** sechdire toe, brune heere?”

“**Ik** ligghe in den rijseren

Lievre dan hier in den yseren.

Laet ons toten coninc gaen

Ende sinen pays daer ontfaen.”

Met Fyrapeel datsi ghinghen

Ende maecten pays van allen dinghen.

Hierdie weergawe van die laaste nege verse van die epos verskil van dié van Burm en Van der Merwe (1973) wat so lui:

Bi Gode, ic dart hu wel raden!”

Isengrijn sprac toten beere:

“Wat sechdire toe, brune heere?”

Brune sprac: “Ik hebbe lievre in de rijseren

Dan hier te ligghe int ysere.

Laet ons toten coninc gaen

Ende sinen pays daer ontfaen.”

Met syrapeel datsi ghinghen,

Ende maecten pays van allen dinghen.

In Afrikaans kan dit só vertaal word (vergelyk Burm en Van der Merwe (1973:160) se aantekening hier):

By God, ek kan u dit wel aanraai!
Het Isengryn vir die beer gesê.
“Wat sê u hiervan heer Bruun?
“Ek lê liewerste in die kreupelhout
As hier in die boeie (ysters).
Laat ons na die koning gaan
En sy vrede daar aanneem.”
Hulle het saamgegaan met Sirapeel
En vrede gemaak aangaande alles.

Volgens Lulofs (1983:314) kan die slotverse met 'n klein wysiging só lui: 'Ic ligghe', sprac hi (of Bruun) 'in den rijseren/Lieure dan hier in den yseren'. Lulofs sê (t.a.p.): “De versterking van het acrostichon zou trouwens in eerste instantie ontstaan zijn door het toevoegen van *brune sprac*.”

Nog iets wat ons weet, is dat Willem ook 'n ander boek geskryf het, naamlik die *Madoc*. Helaas het hierdie boek (en dit was waarskynlik nog 'n meesterwerk) in die vergetelheid verdwyn sodat ons niks verder daaroor kan sê nie.

Die vraag of die *Reinaert* deur een of twee outeurs geskryf is, skyn vandag bygelê te wees. Lulofs noem as belangrike argument vir een outeur dat die teks “de indruk maakt een eenheid te zijn die noch in de structuur, noch in taalgebruik een breuk vertoont” (1983:44).

Vervolgens word die kontoere van die skim, Willem, soos wat Van Oostrom (2006:498 e.v.) hulle skets, kortliks nagepak. Hy was 'n intellektueel, het drie tale (Nederlands, Frans en Latyn) goed geken en was ook 'n grondige kenner van die Bybel. Hy het baie gelees. Soos wat Van Oostrom dit stel: hy was 'n boekeman en filoloog wat bedoel het om van sy epos iets heel besonders te maak.

“Meer dan een boekenman moet Willem taalman zijn geweest, en misschien zelfs in letterlijke zin” skryf Van Oostrom (2006:498). “Taalmanne” het in die Middeleeue in die hof

opgetree om die woord te voer namens partye wat nie self enige oratoriese talent gehad het nie (Van Oostrom, t.a.p.). Vanweë sy definitiewe regs kennis, soos blyk uit die epos, is dit goed moontlik dat Willem so 'n taalman, raadsman of griffier kon wees. Dit is baie duidelik dat hy ook 'n regskenner was.

Maar in die eerste plek was Willem 'n digter en skrywer – sy werk was nie in die eerste plek 'n hofverslag nie, maar 'n roman, stel Van Oostrom.

Die outeur van die epos, Willem, het die groot kenner van die *Reinaert*, (die “meesterfiloloog” in Van Oostrom se kensketsing), F. Lulofs, nie juis geïnteresseer nie: “Wie was Willem? We weten het niet.” sluit Lulofs die kort kensketsing wat hy van die outeur gee kort en kragtig af (1983:46).

2.6 Die Reinaert as diere-epos of dieregedig

In hierdie afdeling word die kenmerke van die diere-epos nagegaan. Voorlopig kan gestel word dat die personasies in die *Reinaert* antropomorfe diere is wat soos mense optree. Die vos Reinaert is die beskuldigde in 'n verhoor en die ander diere tree op as partye, getuies en beamptes in 'n hofverrigting waar regsreëls geld en 'n volle regsproses gevolg word. Die antropomorfisme word vervolgens kortliks bespreek, omdat dit van belang is as 'n mens die hofsaak in die *Reinaert* met “menslike” howe en strafregstelsels wil vergelyk.

Dit is tipies vir die Middeleeuse epiek dat diere op 'n menslike manier voorgestel word.

Lulofs (1983:40 e.v.) toon aan hoe die uitbeelding van diere in die Middeleeue deur die beeldende kuns gevorm is en dat Reinaert, in die besonder, uitgebeeld is as 'n duiwelse verleier wat die ander diere die verderf inlei. Volgens Lulofs (t.a.p.) is die illustrasies veral van belang om die antropomorfe voorstelling van die diere te verstaan. Hy wys daarop dat die teks 'n ewewig bewaar tussen die personasies se menslike en dierlike eienskappe.

Volgens Bouwman (1991) is die bedoeling met die antropomorfisme dat die diere (wat besonder wel ter tale is) met iemand of iets die spot dryf en 'n “komiese noot in het verhaal brengen” (Bouwman 1991:399).

Lippevelde (2012:31 e.v.) gee 'n goeie oorsig oor die bestaande literatuur oor die antropomorfisme in die *Reinaert* en hier word veral op haar uiteensetting gesteun.

Die diere in die *Reinaert* vertoon die volgende menslike eienskappe: hulle kan praat en is om die waarheid te sê baie wel ter tale (soos ook die diere in die fabels van Esopus, byvoorbeeld); elke dier het 'n naam waardeur hy, soos 'n mens, 'n individuele karakter in die epos word; en die diere beklee sosiale posisies, byvoorbeeld dié van adellikes (koning Nobel en sy baronne Isengrijn en Bruun asook die vos self).

Benewens die diere is daar ook mense: boere (soos Lamfroit), dorpenaars (soos Lottram Langvoet, mevrou Vuulmaerte en ander), gemeentelede en geestelikes (die pastoor, sy vrou Julocke en sy seun Martinet).

Menslike swakhede, soos die sug na rykdom en mag, gierigheid, vraatsugtigheid en die neiging na korrupsie, is nie vreemd aan hierdie karakters (mens en dier) nie. Die karakters is ook getrou aan die feodale, juridiese en Christelike norme van hulle tyd.

Tog is die dierekarakters nie volkome menslik nie. Hulle behou ook hulle dierlike eienskappe, soos die kater, Tybeert, wat besonder lief is vir muise. Bruun, die beer, het weer 'n swakte vir heuning en die vos self dink nie twee keer voordat hy 'n hen en 'n klomp kuikens doodbyt nie. Die haas, Cuwaert, is doodbang vir die vos, sy natuurlike vyand.

Die briljantheid van die epos is daarin geleë dat die leser in die twintigste eeu dit nie vreemd vind dat 'n hele hofproses ontplooi waar almal hulle aan die strafprosesreg van die tyd moet hou nie. Dit kry die skrywer reg deur 'n ewewig te handaaf tussen die diere se menslike optrede (byvoorbeeld *Reinaert* as kluisenaar en bedevaarder) en hulle dierlike instinkte (byvoorbeeld *Reinaert* wat jag maak op die hoenders). Vergelyk die toneel waar *Reinaert* ewe vroom voor sy voorgenome pelgrimsreis van die koning afskeid neem en soos 'n mens op sy agterpote gaan staan ten spyte van die feit dat hy nou vier wolfpootskoene het:

Verse 3041–3044

Na deze tale ghinc hi staen
Up sine twee achterste voeten
Ende maende die diere, cleene ende grote,
Datsi alle voer hem baden

Na hierdie woorde gaan hy staan
Op sy (twee) agterpote
En versoek dringend die diere, klein en groot,
Om vir hom te bid

2.7 Misdad in die Middeleeue

Die misdade waarvan Reinaert aangekla word, was tipies van die Middeleeuse samelewing en is, soos ons weet, ook nie vreemd in die een-en-twintigste eeu nie. Die vier uitingsvorme van menslike behoeftes, soos wat Berents (1985:10) hulle noem, is feitlik daaglik die onderwerpe van koerantberigte in die huidige Suid-Afrika. Dit sluit in die behoefte aan seksualiteit en voortplanting, die behoefte aan voedsel en ander vorme van besit wat ons voortbestaan moontlik maak, die behoefte aan veiligheid en die behoefte aan mag en status. Misdade wat met hierdie behoeftes verbind word, kan ingedeel word in misdrywe teen die sedes, misdrywe teen materiële vermoëns, aggressiemisdrywe en misdrywe teen die owerheid.

'n Daad is nie sonder meer 'n misdad nie. Die samelewing besluit oor die "wetlikheid" of legaliteit van 'n bepaalde handeling en wanneer dit wel 'n misdad is. So is die doodskiet van onskuldige mense soos vrouens en kinders byvoorbeeld soms wel geoorloof binne 'n oorlogsituasie. Daar kan aangeneem word dat die Middeleeuse samelewing die klagstaat teen Reinaert in 'n ernstige lig sou beskou het – vandaar die oproep van koning Nobel dat die vos voor hom moet verskyn.

Interessant vir hierdie ondersoek is ook die verband tussen die misdad en die straf. In die Middeleeue kon veroordeelde misdadigers soms kies dat lyfstraf in 'n boete omgesit word of gevangenisstraf in verbanning of voëlvryverklaring. Slegs die doodstraf kon nie in 'n ander straf omgeskakel word nie.

Reinaert word van die volgende misdade aangekla (kyk ook Hoofstuk 5): verkragting, kindermishandeling, diefstal, poging tot moord en moord.

Conradie (2011) toon aan dat die *Reinaert* in die besonder ook geweld demonstreer en hy bespreek 'n paar voorbeelde van geweld in die epos: die hondjie Cortoys ervaar

byvoorbeeld Reinaert se diefstal van die wors as erge benadeling, maar die ironie ontgaan niemand nie. Cortoys het naamlik self die wors by Tybeert die kater gesteel.

Daar is genoeg getuienis van Reinaert se gewelddadigheid – hy is die “felle met de rode baard”, moet ons nie vergeet nie. So vermoor hy die hen Coppe en byt nog 11 kuikentjies (in die haan Cantecleer se woorde was hulle sy seuns en dogters) dood. Normale dieregedrag (hy is per slot van sake ’n vos) en menslike ervaring van die misdaad (hartseer en wraakgedagtes) loop hier deureen:

En siedaar, deur die antropomorfisme van Cantecleer en die syne word
’n vos se natuurlike neigings verhef tot moord – geweld *par excellence*.

Die roofdier het ’n moordenaar geword (Conradie 2011:11). Conradie (2011:12) som op:

Fisieke geweld is by Reinaert beperk tot ’n insident soos waar hy vir Cuwaert die haas die ‘credo’ leer, wat buitendien volgens Slings op ’n (homo-)seksuele relasie dui, en die vang van ’n hoendertjie van tyd tot tyd (Slings 1999:17); die skreiendste fisieke geweldpleging laat hy aan ander oor. As hy die erg gewonde en magtelose Bruun treiter (Burm en Van der Merwe 1978: r. 916), word die intensiteit van die geweld verbaal – deur sy bytende sarkasme – tot groot hoogtes gevoer.

2.8 Die verhaal

Alvorens die epos self in die breë bespreek word, word ’n kort opsomming van die belangrikste verhaaldeure gegee. Dit is nodig sodat die uiteensetting in hoofstukke 5 en 6 verstaan kan word. Hier word onder andere ook op Lippvelde (2012) se samevatting van die verhaal gesteun.

Na die eerste 39 verse, waar Willem die lesers of gehoor voorberei op die verhaal wat kom, kondig hy aan: “Nu hoort hoe ic hier beghinne!” (vers 40).

Verse 41–496 Die hofdag

Koning Nobel kondig ’n hofdag aan waar alle diere verplig word om te verskyn. Reinaert die vos daag egter nie op nie.

Op die hofdag kla verskillende diere die vos aan van 'n aantal misdrywe. Volgens Isengrijn die wolf sou Reinaert sy vrou verkrag het; Cortoys lê 'n klagte van diefstal, Pancer die bewer kla Reinaert aan van poging tot moord op Cuwaert die haas en die diere wil Reinaert terstond die doodstraf oplê. Vervolgens lewer Reinaert se neef 'n vurige pleidooi ten gunste van sy oom, maar dan kom 'n begrafnisstoet die hof binne: Cantecler die haas se dogter Coppe is deur Reinaert doodgebyt.

Na beraadslaging met sy baronne ("tsinen ouden", vers 466), stem die koning en sy leenhere saam dat die vos voor die hof gedaag moet word en dat Bruun die beer die dagvaarding aan die vos by sy burg, Maupertuus, sal beteken.

Verse 497–1358 Die eerste en tweede dagings

Reinaert lok die eerste twee diere wat opdrag kry om hom voor die hof te daag, Bruun die Beer en Tybeert die Kater, agtereenvolgens op listige wyse in 'n lokval. Hulle keer beide beteuterd en beseer terug na die koning.

Vir Bruun sê Reinaert dat hy nie hof toe kan gaan nie omdat sy maag te vol is van te veel heuning. Wanneer Bruun hom smeek, neem Reinaert hom na 'n boomstam waarin die timmerman Lamfreyde twee wê geslaan het om die boomstam in twee te kan kloof. Wanneer die gulsige Bruun sy kop en twee voorpote in die spleet ingedruk het, haal die geslepe Reinaert die wê uit sodat Bruun in die stam vasgeklem word. Bruun word deur die timmerman Lamfreyde en dorpsbewoners goed toegetakel. Hy is lelik beseer wanneer hy homself uiteindelik uit die stam uittrek en die bloed loop hom af.

Die wrede vos verlustig hom in Bruun se leed.

Ook Tybeert word deur sy eie lus vir muise in 'n lokval gelei. In die pastoor se skuur word hy in 'n strik gevang. Martinet, die pastoor se seun, word wakker van Tybeert se geskree en maak sy vader en moeder wakker. Die "pape" (die priester) wil die kat, kaal soos hy uit die bed gespring het, met sy vrou se spinrok (die stok waarop die wol wat op die spinwiel of spintol gespinn moet word, eers gedraai word) toetakel. In die chaos wat volg, spring die vervaarde kater met kloue en tande tussen die pastoor se bene in en hy verloor sy "klokke" en die "ding" val op die grond, tot verdriet van die pastoor se vrou, wat vrees dat hy hierna nie meer lus sal wees vir die liefdespel nie.

Weer eens is Reinaert die een wat vol leedvermaak oor almal se pyn so lag dat sy agterent open en 'n harde wind hom ontglimp (Burm en Van der Merwe 19713:59).

Verse 1359–1752: Die derde daging

Die derde besteller van die dagvaarding, Grimbeert die das, Reinaert se neef, oortuig hom dat dit beter is om hof toe te gaan. Hy ooreed Reinaert tewens om by hom wat Grimbeert is te bieg, sodat hy aflaat kan kry. Daarop erken Reinaert dat hy allerlei wandade gepleeg het teenoor Bruun en Tybeert en dat Cantecler ook baie van hom moes verduur. Hy het ook Isengrijn bedrieg by verskillende geleenthede, onder ander deur by sy tante te slaap. As biegvader gee Grimbeert hom veertig houe met 'n takkie.

Bewend daag Reinaert dan uiteindelik voor die hof op.

Verse 1753–2049: Die veroordeling van die vos

By die hof word formele klagtes gelê en Reinaert word ter dood veroordeel: hy sal gehang word.

Verse 2050–2490: Reynart se meesterlike lis (soos wat De Jong (1983:84) dit beskryf.)

Wanneer Isengrijn, Bruun en Tybeert die galg gaan oprig, en Reinaert alleen met die koning en koningin is, vertel die listige vos 'n verhaal van skatte en verraad teen die koning.

Reinaert se eie vader, saam met Isengrijn die wolf, Bruun die beer, Tybeert die kater en Grimbeert die das, het duistere planne gesmee teen koning Nobel met die doel om Bruun op die troon te kry. Met dié doel het hulle 'n groot skat vergader. Reinaert agtervolg egter sy vader, en steel op sy beurt die skat. Sonder die skat val die komplot teen die koning in duie, maar hy wat Reinaert is, word as sondebok voorgehou!

Verse 2491–3073: Vryspraak en pelgrimstog

Die koning en koningin is die ene ore en baie geïnteresseerd in die skat. Net Reinaert weet waar dit is en hy sal die skatplek bekend maak as die koning hom sou vrylaat.

Verse 2542–2544

Doe nam die coninc een stro
Ende vergaf reynaerde al gader
Die wanconst van sinen vader
Ende zijns selves mesdaet toe.

In Afrikaans kan ons dit so vertaal (vergelyk Burm en Van der Merwe 1973:116):

Toe het die koning 'n strooihalm geneem en geheel en al die wrok teen
Reynaert se vader laat vaar en bowendien Reynaert se eie misdade
vergewe.

Verder wil Reinaert graag, omdat hy onder pouslike ban verkeer, 'n pelgrimstog na Rome onderneem.

Die koning neem vervolgens vir Tybeert, Bruun en Isengrijn gevange. Die besondere wrede Reinaert (vers 2842) se oomblik van wraak het egter aangebreek en in 'n gebaar van uiterste sadisme vra hy die koningin om 'n plegrimstas en skoene, wat onderskeidelik uit die pels op die rug van Bruun die beer en die pote van Isengrijn en sy vrou Hersint, gesny moet word.

Reinaert vertrek dan op die sogenaamde pelgrimstog na Rome, maar word eers na sy burg Maupertuus begelei deur Cuwaert die haas en Belijn die ram.

In sy burg onder die grond vermoor Reinaert vir Cuwaert terwyl Belijn buite wag (hy, synde 'n ram, kan nie in die gat onder die grond inkruip nie). Onder voorwendsel dat dit 'n brief is, stuur Reinaert Belijn met Cuwaert se kop in 'n tas terug na koning Nobel en vlug met sy gesin na 'n wildernis.

Wanneer die tas by koning Nobel oopgemaak word, begryp die koning nie alleen dat hy gruwelik bedrieg is nie, maar ook dat hy as koning sy eer verloor het en van sy getroue dienaars, heer Bruun en heer Isengrijn ontnem is deur die booswig, Reinaert.

Op hierdie punt gryp Firapeel die luiperd in en hy kom met 'n immorele voorstel om die mag van die koning te herstel. Hy stel voor dat Nobel Bruun en Isengrijn om versoening vra deur

Belijn as offer aan te bied. Reinaert en sy verwante word voëlvry verklaar. Dit is dan, ironies, “sconinx vrede”.

2.9 'n Verhaal van reg en onreg

Dat die *Reinaert* 'n meesterwerk is, word nie betwyfel nie – feitlik iedereen wat al ooit die teks gelees het, stem hieroor saam. Deur die manier waarop Willem die Reinaert-verhaal vertel, het hy 'n boek gemaak “dat in feite alle andere Reinaertboeken overbodig maak”, konstateer Van Oostrom (2006:471).

Willem vertel 'n verhaal waarin die magshebbers van sy tyd (en veral die koning) aan die kaak gestel word as mense wat nie reg laat geskied nie, maar verblind word deur hebsug en die sug na roem en eer. Wanneer Reinaert – wat natuurlik geen engel is nie – se gruwelike bedrog en die moord op Cuwaert duidelik word, dring die omvang van sy eie swakheid tot die verslae koning deur:

Verse 3383–3388

Die coninc stont in drouven zinne
Ende slouch zijn hoeft neder.
Over lanc hief hijt weder
Up ende begonste werpen uut
Een dat vreeselicste gheloot
Dat noint van diere ghehoort waert.

In Afrikaans:

Die koning staan verslae
En laat sy hoof sak
Na 'n lang tyd hef hy dit weer
Op en begin om uit te stoot
Een van die vreeslikste geluide
Wat ooit van 'n dier gehoor is.

Van Oostrom noem die geluid wat die koning uitstoot, sy oerskreeu (2006:473). Sy sogenaamde geordende regstaat (waarin net Reinaert hom skuldig maak aan oortredings)

is deur en deur korrup. In hierdie koninkryk is Reinaert sowel provocateur asook ontmaskeraar van hierdie wêreld (Van Oostrom, t.a.p.).

Reinaert self word vir geen oomblik as 'n onskuldige slagoffer voorgehou of op 'n simpatieke manier geskilder nie. Hy word die wrede een ("de felle") genoem, hy sorg dat Bruun en Tybeert (weliswaar deur hulle swakhede uit te buit) verneder en beseer word, en bieg self oor die vreeslikste misdrywe. Tog is die leser aan sy kant en ons koester 'n heimlike bewondering vir hierdie skelm, soos wat Lulofs dit ook stel (1983:261). Die manier waarop hy die koning, vir wie niemand simpatie het nie, uitoorlê, is meesterlik, Soos atyd gaan die ander diere aan hulle eie swakhede en onnoselheid ten gronde.

Ten slotte (in die "pernicieuze" slot, soos wat Hellinga (1958:372) dit noem) tree Firapeel die eerste keer in die verhaal na vore. In sy artikel "Het laatste woord is aan Firapeel" beskryf Hellinga die luiperd vir wie selfs die koning gehoorsaam, as "koning van het nachtelijk woud, de Boze, de heer van allen die de mens in het duister bedreigen, weerwolf, man-beer, heksenkater" (Hellinga 1958:372).

Met sy oplossing (een wat hoegenaamd nie vreemd aandoen in ons eie tyd nie) stel Firapeel die reg ondergeskik aan die mag en skroom nie om die koning aan te raai om sy mag te misbruik nie. Reinaert stel dus die hele moreel vervalde hof aan die kaak.

Lulofs (1983:291) lê uit dat die straf wat ten slotte deur die luiperd aan Reinaert toegedeel word, eintlik teen die heersende reg is. Volgens Firapeel se reëling mag die beer en die wolf vir Reinaert en sy familie ongestraf 'n hinderlaag stel of as 'n "woestballing" behandel. Dit is teen die heersende reg, maar Firapeel en die koning maak die reg ondergeskik aan magswellus.

2.10 Slot en vooruitskouing

Hellinga (1958:372) beskryf op kleurrike manier die slot van die *Reinaert* binne die konteks van die 12 de eeu:

Het verhaal is uit. De jongleur met zijn troep is verdwenen, vermoedelijk snel. Het is alsof de boze flikkering in zijn spottende ogen nableef onder de mensen daar op die middeleeuwse markt. Zij weten

dat zij bedreigd zijn, dat de Kerk, met al haar macht hen niet volledig, hen niet voldoende kan beskermen; dat de boosheid telkens weer triomfeert over recht en rede. Zij weten ook, die burgers, dat het intellect een machtiger wapen is dan de macht van een Nobel, en evenzeer weten zij dat niets in de wereld geheel slecht, dat niets op de wereld geheel goed is. Ze gaan naar hun huizen terug door modder en varkensdrek. De huizen in de nauwe straten van een middeleeuwse stad zijn donker. Ze stinken. Ze zijn vaak koud, ze zijn meestal benauwd. Maar ze zijn ook veilig. Ze geven beskerming. Er staat de tafel die de mens voedt, vlees en brood liggen er op. Er staat de kruik met het stadsbrouwsel, het bier dat veiliger is dan water. En in de nacht is er het bed. Dat is de twaalfde eeuw.

Ook in ons tyd praat die teks met ons. In die volgende hoofstuk word gekyk na die manier waarop die karakter Reinaert, soos hy in *Vanden vos Reynaerde* geskets is, voortleef in Suid-Afrika.

HOOFSTUK 3

REINAERT SE ERFLATING IN SUID-AFRIKA

Nog altijd sluipt Reynaert, de felle rode, door de velden van Vlaanderen. Hij steelt er zijn kippen en klein wild, ergert boer en jachtopziener, en glipt weg, vol slimme streken, als hij gejaagd wordt, tot bewondering ook van zijn vervolgers. Men houdt van hem en noemt hem een rakker. Men vertelt verhalen van hem, veel verhalen en sterke verhalen, die als ze waar zijn hem eren en die hem ook eren als ze niet waar zijn en dat is nogal eens het geval. Hij leeft in het veld en hij leeft daar onder de mensen. Hij leeft ook in de literatuur, in de hoofden en harten van literatoren en lezers. Ja, lezers! (Hellinga 1958:353).

Ek was al moeg
om in hotel en kroeg –
net waar ek in Europa kom
by kneg of boer,
ons saak te stel,
toe tussen Gent en Naarden
my voete op die vloer
warm druk in die hare
van 'n rooijakkalsvel,
die Vos Reinaerde!

Hy skreef sy oë
en spits sy snoet
deur koue appelboorde
en kapok by Otterloo
en draf die lang voetpaadjie
verby Egipte, Libië
tot 'n hygende rooi tongetjie

in die skadu
van 'n renosterbossie
in die Karoo.

D.J. Opperman: Vloervelletjie

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die latere Suid-Afrikaanse wel en wee van Reinaert die vos en sy metgesel, Iesegrin die wolf, kortliks geskets ten einde aan te toon dat die vos as't ware 'n tweede lewe op Afrikabodem kom voer het. Dit is hierdie lewenskragtigheid van die ou Reinaert-verhale wat dit moontlik maak om die sentrale gebeurtenis in die meesterlike *Vanden vos Reynaerde*, naamlik die hofspraak, binne die moderne Suid-Afrikaanse konteks te probeer interpreteer en te verstaan, soos wat daar dan ook vanaf Hoofstuk 4 in hierdie verhandeling gedoen word.

In dié hoofstuk sal aangetoon word dat die Reinaert-verhale onder andere voortleef in Afrikaanse vertalings van die diere-epos, maar ook in die bekende jakkals-en-wolfverhale. In Afrika word die slinkse vos 'n tipiese Afrikaanse skelm – en wat meer is, hy is 'n skurk wat vanweë sy wesenlik menslike karakter nie vir moderne lesers vreemd is nie. Ook in 'n tyd (2017) waar baie, maar nie alles nie, verander het, en waar nuwe, korrupte heersers nog steeds die septer swaai, gryp die vos se durf (weliswaar nie altyd met edele bedoelings nie) ons verbeelding steeds aan en kan 'n mens nie anders as om hom te bewonder nie. In die volgende afdelings word aangetoon hoe die jakkals, ten spyte van sy metamorfose tot 'n ander spesie, in baie opsigte tog maar dieselfde ou skelm rooibaard gebly het.

3.2 Die Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale

Een van die heel interessantse en terselfdertyd tergendste “verdere lewens” van Reinaert vind ons in sekere verhale in die gevarieerde Suid-Afrikaanse diereverhaalskat. In hierdie verhale is die vos (nou in die gedaante van 'n Suid-Afrikaanse rooijakkals) en die wolf (soms as Europese wolf en soms as Suid-Afrikaanse hiëna) die hoofspelers. Soos in die *Reinaert* is dit weer die wolf wat telkens bedroë daarvan afkom as die jakkals eers met hom klaar is. Omdat daar nie in die verhandeling gepoog is om die jakkals-en-wolfverhale opnuut te ondersoek nie, word hier slegs 'n kort literatuuroorsig gegee en word daar in hierdie afdeling gesteun op dit wat tot dusver oor hierdie verhale in die Suid-Afrikaanse literatuur aangetref word.

In publikasies deur Bleek (1864), Von Wielligh (1907 en later) Coetzee (1940), Coetzee (1960), Nienaber en Nienaber (1962), Grobbelaar (1981), Eitemal (1981), De Jong (1983) en Van Rensburg (1983), waar die aard en oorsprong van die Afrika- (of Afrikaanse?) dierestories die onderwerp van besinning is, word problematiese aspekte van die oorgelewerde en opgetekende verhale bespreek. Terugkerende temas in hierdie besprekings is die aard van die verhale, verinheemsing, die waarskynlike Europese oorsprong asook die idee van 'n eie, eg-Afrikaanse verhaalskat.

Die bibliografie² in 3.2.1 toon 'n seleksie aan van Suider-Afrikaanse en spesifiek ook Afrikaanse publikasies waarin daar jakkals-en-wolfverhale voorkom. In afdeling 3.2.2 word daar stilgestaan by die vroegste optekeninge deur Westerlinge van die inheemse dierestories waarna verwerkings of vertalings van die Middeleeuse epos in afdeling 3.3 bespreek word.

Die omvang van hierdie verhandeling laat nie 'n meer uitvoerige bespreking, waarin kwessies soos tipiese orale kenmerke van die verhale byvoorbeeld deeglik ondersoek kan word, toe nie.

3.2.1 'n Kort bibliografie van Suider-Afrikaanse jakkals-en-wolfverhale

1864	W.I.H. Bleek <i>Reynard the Fox in South Africa or Hottentot Fables and Tales</i>
1896–1922	Diereverhale opgeneem in <i>Ons Klyntji</i>
1907	G.R. von Wielligh <i>Dierestories soos deur die Hottentots verteld) Deel I</i>
1910	J.H. Botha <i>Reinaard de jakkals</i> . ³
1910	K.L. Vaughan & A.O. Vaughan <i>Ou Hendrik z'n stories</i>
1919	G.R. von Wielligh <i>Boesmanstories</i>
1920	G.R. von Wielligh <i>Dierestories en ander verhale Deel II</i> ⁴

² Omdat nie al hierdie verhaalversamelings ook self gelees is nie, word hulle nie in die bronnelys aan die einde van hierdie verhandeling opgeneem nie.

³ Botha, hoof van die Jan Hofmeyrskool in Worcester, het die epos in Nederlands vertaal. Botha verander die vos in 'n jakkals en verander die eiename as volg: Isengrijn word Huilebalk, Grimbeert Stompstaart, Tibert Steekbaard, Cuwaart Langoor en die pastoor en koster word predikant en ouderling onderskeidelik.

1931 en 1936	J.M. Friedenthal <i>Ondank is die wêreld se loon; Nukkebol Reinaerd</i>
1932	C.J. Grové. <i>Jakkals se strooptogte</i>
1942–1986	T.O. Honiball ⁵ <i>Jakkals en Wolf strokiesprente</i>
1952	Ela Spence. <i>Avonture van Reinaert die Vos / oorvertel deur Ela Spence</i> . Pretoria:Van Schaik.
1970	R. Brown. <i>Reinaard die vos, na 'n bewerking van Joseph Jacobs; uit die Engels vertaal deur Albert Crafford</i> . Kaapstad: Tafelberg.
2011	Pieter W. Grobbelaar. <i>Jakkals en Wolf</i>

In geen van die Afrikaanse volksverhale het die diere die ou Germaanse eiename (Reinaert en Isengrijn nie). Hulle word bloot Jakkals en Wolf genoem.

3.2.2 Inheemse dierestories of Reinaert in Afrika?

In die onderskeie inleidings tot hulle vertalings van die epos, spekuleer sowel De Jong (1983) as Eitemal (1981) oor die herkoms van die Suid-Afrikaanse jakkals-en-wolfverhale:

Dit is 'n interessante veronderstelling dat hierdie tipiese soort diereverhaal waarskynlik met die Kruistogte oorgebring is na Europa, waarskynlik deur ons Hollandse voorouers uitgebring is na Suid-Afrika, en waarskynlik via die Blanke-kinderkamer oorgedra is op ons inheemse volkere, veral die Hottentotte, wat met hulle lewendige verbeelding daarop voortgebou het. Maar dit het Afrikaans geword, deel van ons kultuurlewe” (Eitemal 1981:13).

Dit is goed moontlik dat die manier waarop die stories later deel geword van 'n tipies Suid-Afrikaanse volksverhaalskat baie ooreenkoms mag vertoon met die uiteensetting soos wat Eitemal dit hier bo aanbied. Verwysings na enige bepaalde kinderboek of -boeke ontbreek

⁴ Die Von Wielligh-versamelings is in vier dele uitgegee deur Van Schaik (1917 -1922) en weer deur Protea in 2009-2013.

⁵ Honiball se jakkals-en-wolf-strokiesprente (in *Die Jongspan*), is later gebundel in 16 bundels van 1942 tot 1986.

egter geheel en al in alle besprekings oor die verhale (vergelyk ook bv. Van Rensburg 1983). Of die hipotese van Eitemal ooit deeglik getoets is, is hoegenaamd nie duidelik nie.

In die volgende afdelings word 'n paar van die standpunte, soos wat hulle in die publikasies voorgestel word, voorgehou.

3.2.2.1 W.H.I. Bleek

In 1864, in die boek *Reynaerd the fox in South Africa*, raak Bleek die kwessie aan van die herkoms van die verhale wat by die Khoi-Khoi opgeteken is. Hy merk die volgende op oor die literêre gehalte van hierdie “Hottentot fables”:

The fact of such literary capacity existing among a nation whose mental qualifications it has been usual to estimate at the lowest standard, is of the greatest importance; and that their literary activity (in contradistinction to the general character of Native literature among Negro nations) has been employed almost in the same direction as that which had been taken by our own earliest literature, is in itself of great significance” (Bleek 1964:xii).

Hy probeer nie 'n antwoord gee oor of die verhale gesteel is (“purloined from the superior white race”) en of hulle inderdaad in die woestyn ontstaan het nie, maar toon wel aan dat sommige verhale 'n duidelike ooreenkoms met Europese diere-verhale het (Bleek 1964:xxiv).

In Bleek se versameling is daar 13 jakkals-fabels en 5 leeu-fabels, maar in hierdie verhale is daar eintlik net twee wat wel duidelike ooreenkoms met die Reinaert-verhale toon. Nommer 8, “Fish-Stealing” herinner aan die vissteel- of viskarstorie. Hier is die hiëna die dier wat deurloop. Verhaal 10 (“The lion’s illness”) waarin die vel van die (vroulike) hiëna afgetrek word om die leeu se kwaal te genees, is ook 'n ou bekende, al word dit nou vertel met 'n toordokter ook in die verhaal. In hierdie twee verhale sien ons die sluwe jakkals, wat ter wille van sy eie oorlewing of gerief, nie skroom om ander diere, selfs op die wreedste maniere te laat ly nie. Die hiëna is hier die dom wolf, die leeu die sterkste, die jakkals die sluwe, die wrede.

Dat daar sekere verhaalelemente uit die ou Europese dierestories in die verhaalskat van die Khoi-Khoin beland het, lyk uit Bleek se versameling taamlik seker. Maar dit is ook so dat baie van die “Hottentotfabels” absoluut geen ooreenkoms toon met die *Reinaert* of sy brontekste nie – vergelyk byvoorbeeld die verhale oor skilpad, bobbejaan, die son en die maan, Heitsi Eibib en ander.

3.2.2.2 G.R. von Wielligh

In 1907 verskyn *Dierestories (soos deur die Hottentots verteld)* van Von Wielligh en in 1919 gee hy ’n versameling *Boesmanstories* uit. Hierdie verhale asook dié in die ander versamelings van Von Wielligh, verskyn in 4 dele tussen 1917 en 1922 by Van Schaik (*Diere stories soos deur Hotnots vertel*) en in 2009 verskyn *Versamelde Boesmanstories* by Protea.

In die voorwoord noem Von Wielligh dat hy as kind in 1870 met “wilde Boesmans” kennis gemaak het en dat die “oudjies” saans vir ’n geringe vergoeding stories vertel het. Hy sluit in die Voorwoord af:

In Europa en Amerika word tot nog vrugtelose pogings aangewend om gewilde en ingrijpende “Diere-Stories” te skrywe; hier in Suid-Afrika het die Hotnots en Boesmans dié reeds eeue gelede uitgewerk. Al wat ons te doen het, is om die rijk oes in te samel.

Vir Von Wielligh is daar dus geen onsekerheid nie: die stories wat hy opgeteken het, is beslis nié van Europese oorsprong nie. Lees ’n mens dan ook byvoorbeeld Nommer 32 in Deel I, die storie van “Leeu, Wolf en Jakkals” – ’n “skildering” van wat die diere doen as hulle jag – is daar niks in hierdie verhaal wat die *Reinaert*-verhale eggo nie.

Die raam waarbinne die San- en Khoi-Khoinverhale vertel word, is gewoonlik dié van die (altyd manlike?) verteller (outa Abram by Grové 1932) of outa Klaas (Eitemal 1981)) wat saans buite om die vuur die verhale vertel het.

In die voorwoord tot Deel II (1920) van die *Dierestories* wys Von Wielligh ook pertinent daarop dat daar wel “deeglik verskil bestaan tussen die maniere waarop Hottentots en Boesmans hulle stories vertel”, alhoewel die diere kan praat en van gedaante verander.

Op grond van die verhale wat deur Bleek en Von Wielligh opgeteken is, lyk dit voorlopig asof ons kan onderskei tussen (moontlik baie ouer?) Khoi-Khoi en Boesmanverhale en latere verhale wat duidelik spore toon van die vos / jakkals.

In die volgende afdeling word die gesprek oor die oorsprong van die diereverhale oorsigtelik weergegee.

3.2.3. Die Reinaert-verhale verinheems

Die gesprek oor die herkoms van die tipies Afrikaanse jakkalsverhale het Suid-Afrikaanse akademië lank besig gehou. In die volgende afdelings word kortliks en oorsigtelik aandag geskenk aan hierdie gesprek.

3.2.3.1 Abel Coetzee

Abel Coetzee (1940) ondersoek die verhaalskat wat in *Ons Klyntji* verskyn het. Hy wys daarop dat die verhale deur die Bleeks en Von Wielligh opgeteken is “uit die mond van die Hottentotte en die Boesmans” en dat hierdie bevolkingsgroepe daartoe bygedra het om ’n “eie Afrikaanse kleur” aan die verhale te gee. Dit lyk asof Coetzee wel ’n deeglike studie gemaak het van die verhale en hulle vergelyk het met verhale uit die 10de eeuse *Ecbasis Captivi*⁶.

Hy toon aan dat die verhaal van die wolf of hiëna se vel wat afgestroop moet word om die leeu te genees, opgeteken deur Bleek (kyk 3.2.2.1 hier bo), en ook deur Du Toit in *Ons Klyntji*, ook een van dié is wat in die *Ecbasis Captivi* aangetref word. (Dié verhaal kom eeue na die *Ecbasis* ook in gruwelik gewysigde vorm voor in *Vanden vos Reynaerde*, waar Bruun se vel en Isengrijn en Hersinde se voete afgestroop word – nou nie om die koning te genees nie, maar om Reinaert van ’n pelgrimstas en skoene te voorsien. J.S.)

Coetzee kom tot die slotsom dat baie van die verhale (maar nie almal nie, kan ’n mens aflei) erfgoed is uit Europa. In ’n artikel uit 1960 spreek Coetzee hom as volg hieroor uit:

⁶ Die *Ecbasis Captivi* (“Die ontsnapping van ’n gevangene”), ’n ou diere-epos, is tussen 930 en 940 n.C. deur ’n Franse monnik in Latyn geskryf. Dit word in 1834 deur Grimm ontdek (kyk Hoofstuk 2) en word beskou as die begin van die diere-epos in Wes-Europa.

Al is dit dan so dat die Afrikaanse jakkals-verhale 'n hele aantal voorvalle bevat wat laat dink aan die Middelnederlandse Reinaert-epos, lyk dit tog of ons in die waarskynlikste in die Afrikaanse verhale – benewens die groei en beïnvloeding uit die Bantoe-wêreld en uit die Ooste – 'n naklank moet sien van die Middeleeuse volksoorlewering wat deels ook moes gedien het as die bron van die beroemde Reinaert-epos (Coetzee 1960:11).

Dit blyk Coetzee se opinie te wees dat ons die oorsprong van die jakkals-en-wolfstories nie na die epos as sodanig nie, maar na die mondelings oorgelewerde verhale (met hulle eie lang ontstaansgeskiedenis – vergelyk Hoofstuk 2) – waaruit ook Willem geput het, kan terugvoer. Hierdie gemeenskaplik gedeelde volksverhale was in orale vorm goed bekend in Wes-Europa ten tyde van die skryf van die *Reinaert*. Coetzee besluit dus dat dit twyfelagtig is of daar 'n regstreekse verwantskap tussen *Vanden vos Reynaerde* en die Afrikaanse verhale is (Coetzee 1960:11).

3.2.3.2 P.J. Nienaber en G.S. Nienaber

In 1962 verskyn *Die Afrikaanse dierverhaal: Die dier-tema in die Afrikaanse Prosaletterkunde* deur die broers Nienaber.

Die Nienaberbroers beskou die dierestories as oorspronklik van Germaanse oorsprong wat aan die “Hottentotte” vertel is (Nienaber & Nienaber 1962:6). Die vertellings “het só tot die Hottentot se verbeeldingswêreld gespreek dat hy hulle oorgeneem, omgevorm en by die plaaslike toestande aangepas het.” Mettertyd verkry die verhale, soos oorvertel deur die Khoi-Khoin dan wel 'n eie, inheemse karakter, besluit die Nienaberbroers. Hulle toon aan (op bladsy 7 in die aangehaalde werk) dat die Jakkals in die opgetekende Von Wielligh Boesmanstories 'n bangbroek en 'n bedelaar is – hier duidelik nie onse Reinaert nie.

Ook die Nienabers, soos die res van die kommentatore, wend nie werklik 'n poging aan om vas te stel presies watter “Germaanse” stories en in watter formaat (uit kinderboeke?) later deur die Khoi-Khoin as briljante navertellers – liever as literatuurverwerkers (Nienaber en Nienaber 1962:12) – verafrikaniseer is nie.

3.2.3.3 Pieter W. Grobbelaar

In sy doktorale proefskrif “Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans” (1981) vors Grobbelaar die eeue-oue tradisie van volksvertellings na. Hy wys op die “lang en kleurige Oosterse tradisie van openbare storievertelling” (bl. 158) wat later oorspoel na die Weste:

Die Oosterse mondelinge tradisie loop o.m. in die 3de eeu v.C. uit op die *Djataka* (of *Jatakam*, letterlik “hergeboortes”, aansluitend by die Boeddhistiese geloofswêreld). Talle legendes, sprokies en fabels is daarin opgeneem. Verder was daar die beroemde *Pantsjatantra* (“Die vyf boeke”), vermoedelik in die 3de eeu n.C. in Indië saamgestel. Die verhale vertoon verwantskap met die Esopus-fabels en dui op onderlinge beïnvloeding tussen Oos en Wes (Grobbelaar 1981:498).

Soos Coetzee, verwys Grobbelaar (1981:651) ook na die *Ecbasis Captivi* (en met name ook na die verhaal van die siek leeu) maar hy wys daarop dat die groot stryd tussen Jakkals en Wolf vir die eerste keer in die *Ysengrimus* uitgebeeld word. In die *Ysengrimus* kry die diere vir die eerste keer name: Ysengrimus, die wolf, is die draer van die ysterhelm of ystermasker, en Reinardus, die vos, is “baie hard”. In die *Ysengrimus* is die latere Afrikaanse volksverhaalvariante ook te sien: die siek leeu, die visvang met die stert en wolf wat die boodskap op die perd se hoef lees (Grobbelaar 1981:651).

Grobbelaar toon oortuigend aan (bl. 517 e.v.) dat nie alleen bruin of swart vertellers dieresprokies om die vuur vertel het nie – baie vertellers in die 19e eeu was wit vertellers en in baie stories was Jakkals die hoofkarakter. Maar, sê hy: “Die sprokievertellers by uitstek was egter die bruinmense” (bl. 518). Lesers van *Ons Klyntji* het dan ook baie stories wat hulle by bruinmense gehoor het, ingestuur.

Grobbelaar deel die Afrikaanse sprokies in erfgoed, leengoed en nuutskeppings in (bl. 529). Wat die jakkals-en-wolfstories spesifiek betref, konkludeer Grobbelaar:

Wanneer die oorheersende rol van Jakkals in die Afrikaanse dieresprokie ter sprake kom, word gewoonlik net na die invloed van die Middelnederlandse *Van den vos Reynaerde* verwys en dit daarby

gelaat. So eenvoudig is dit egter nie. Daar was 'n lang Westerse én Oosterse gekrewe tradisie, wat mekaar oor en weer beïnvloed het, en dit het neerslag gevind en is aangevul deur vertellings in die volksmond (Grobbelaar 1981:647).

Soos wat ook Van Rensburg (1983) later sal aantoon, het die Middeleeuse *Reinaert* 'n lang ontwikkelingslyn gehad wat loop vanaf die Indiese Pantchatantra-verhale (so gespel deur Van Rensburg – J.S.), waarin 'n nuwe heerser na vore getree het, naamlik die leeu, en nie meer die olifant of die tier nie. (Van Rensburg 1983:9).

3.2.3.4 F.I.J. van Rensburg

In 'n klein boekie, *Van Vlaamse vos tot Afrikaanse jakkals* (1983), wat gebaseer is op 'n lesing wat prof. F.I.J. van Rensburg in 1982 gelewer het, skryf hy uitvoerig oor die swerwer Reinaert en bied hy 'n deeglike ontleding aan van hoe Reinaert in Eitemal se diere-epos herleef.

Van Rensburg (1983:2) konstateer onomwonde dat Reinaert hom van die begin van die Europese aanwesigheid aan die Kaap “onder die Suiderkruis bevind het”. Hy verander van spesie (van vos na jakkals) en snuffel orals rond in sy nuwe tuisland. Hy maak hom tuis “daar waar om die buitevure gesit is en lekker vertel is”. Hy beland volgens Van Rensburg tussen die skutblaaie van die volksboeke waarin die Reinaert-verhale in prosa vertel is en wat baie populêr was gedurende die 16de en 17de eeu in die Nederlande (bl. 3).⁷ Van Rensburg het min twyfel oor die proses: “Hier het hy in die blanke kinderkamer beland. En uit die blanke kinderkamer het hy saam met die Bruin kinderoppasters, sy pad na die strooise en vure gevind, veral dié van die Hottentotte” (bl. 3). Hier eggo hy feitlik woordeliks – let wel sonder bronverwysing – vir Eitemal (kyk 3.4.2). Van Rensburg verwys natuurlik ook hier na die jakkals-en-wolfstories en hy beskou hierdie stories wel as eg-Afrikaans, maar met wortels in die Vlaamse Reinaert-verhale.

⁷ Dit is wel baie jammer dat Van Rensburg nie al die stellings wat hy in dié lesing maak, met bronverwysings staaf nie.

3.2.3.5 F.P. Verster

Ook Verster in sy verhandeling “n Kultuurhistoriese ontleding van pikturale humor, met besondere verwysing na die werk van T.O. Honiball” (2003), is op soek na die oorsprong van die jakkals-en-wolfverhale in Afrikaans.

Sy konklusie is dat die vos in *Reinaert* nie die voorganger is van die jakkalskarakter in die jakkals-en-wolfverhale nie. Volgens Verster is daar ’n veel langer tradisie betrokke by die jakkals-en-wolfstories, naamlik die vermenslikte dierekarakters. (Verster 2003:443, 446).

In aansluiting hierby bespreek Verster en Burden (2006) in hul artikel “Strokies vir kinders: Jakkals en Wolf en ander reekse” die oorsprong van die Afrikaanse jakkals-en-wolfverhale asook hul plek in die Afrikaanse verhaleskat. Volgens hulle, is Honiball se jakkalskarakter nie op verhale van die inheemse volke van Afrika gegrond nie – hulle is “merendeels op die Europese siening van die slim Jakkals en dom Wolf geskoei” (Verster en Burden 2006:184). Volgens die skrywers was Honiball voorts ook goed bekend met die fabels van Esopus.

Die Europese vos *Reinaert* is volgens Verster en Burden nie die vroegste karakter in die ontwikkeling van die jakkals-en-wolfsage nie. (Verster & Burden 2006:184). Hierin sluit hulle aan by die lang akademiese gesprek oor die oorsprong van die *Reinaert*-verhale wat in Hoofstuk 2 bespreek is.

Honiball, in die skepping van sy jakkals-en-wolfsage, het aangesluit by hierdie eeu-oue tradisies in sy strokiesverhale (Verster & Burden 2006:185). Die skrywers kom tot die gevolgtrekking dat “die produkte van die kruisbestuiwing tussen Europese en Afrika-kulture feitlik net in Afrikaans behoue gebly het omdat Nederlands en later Afrikaans deur die Khoi-Khoin aangeleer is en die Khoi-Khoin mettertyd opgehou het om as afsonderlike etniese groep te bestaan” (Verster & Burden 2006:185).

3.2.3.6 Samevatting

Uit hierdie kort oorsig lyk dit asof daar wel sonder twyfel “egte” Afrika-diereverhale is met geen Europese spore nie – met name verhale van die Khoi-Khoin en San soos opgeteken deur Von Wielligh en Bleek. Waar daar duidelike ooreenkomste aan te wys is met die ou

Germaanse diersprokies, wat op hulle beurt weer terug te voer is tot 'n nog ouer Oosterse en Westerse (Latynse) verteltradisie, soos waarop vlugtig gewys is in Hoofstuk 2, is daar wel sprake van 'n Westerse verhaaltradisie. Omdat die Middeleeuse *Reinaert* klaarblyklik in Nederlandse kinderboeke populêr was, kan daar miskien met taamlike sekerheid aangeneem word dat die jakkalskarakter met al sy streke, sy wreedheid en leedvermaak voortleef in die jakkals-en-wolfverhale. Maar hy leef ook op 'n ander manier voort as in kort volksvertellings en hier is die epos baie duideliker die voorganger, naamlik in vertaling en hertaling. Dit is die onderwerp van die volgende afdeling.

Ons konkludeer op grond van bostaande uiteensettings deur verskillende ondersoekers, dat daar wel, op Suid-Afrikaanse bodem, eie unieke Afrikaanse variante van die *Reinaert*-verhale ontstaan het. Op dié manier het *Reinaert* sy lêplek hier kom kry en inheems geword. Die sentrale gegewe in die *Reinaert*, naamlik die hofsaak, is egter nêrens te vinde in die kort verhale wat deel van die Afrikaanse orale verhaalskat geword het nie.

Wat in die toekoms meer aandag sou kon kry, is die unieke orale aard van die opgetekende “inheemse” Afrikaanse volksverhale.

3.3 Die Middeleeuse *Vanden vos Reynaerde* in Suid Afrika

Die Middeleeuse teks is vir baie lank – waarskynlik tot die einde van die twintigste eeu – as deel van kursusse in Afrikaans-Nederlands gedoseer en bestudeer. Opeenvolgende generasies studente ken die bekende bruin boek van Burm en Van der Merwe (1973), uitgegee na die Comburgsche Handskrif, met die houtsnee van die biegtende *Reinaert*, asook sy aanval op “een hane die arde vet was ende jonc” (verse 1710–1711) te sien is. *Reinaert* word hier duidelik voorgestel as 'n skynheilige skurk. Die teks is voorsien van leestekens volgens die Afrikaanse norme “om die lees en verstaan vir die leser makliker te maak” (Burm en Van der Merwe 1973:xi). Die name van die karakters word deurgaans met kleinletters geskryf en dit is ook eienaardig om in hierdie uitgawe te lees van “sirapeel” en nie “firapeel” nie. Verklarende aantekeninge en vertalings van sekere versreëls is daarop gemik om die teks vir Afrikaanse lesers te ontsluit en die boek bevat ook 'n waardevolle glossarium.

3.3.1 Opperman

In “Vloervelletjie” uit die bundel *Dolosse* van 1963 is daar duidelike intertekstuele verwysings na die *Reinaert*. Die spreker, veral geestelik uitgeput, vind in ’n Europese hotelkamer tussen Gent en Naarden, troos in die vel van ’n rooihaarjakkals (dalk, as dit in Vlaandere is, eerder ’n vosvel?) op die vloer en sy vreugde klink op in die herkenning: die Vos Reinaerde!

Die gedig verwys duidelik na die heersende tydsgewrig waarin Suid-Afrika en met name die Afrikaners op dieselfde manier as die jakkals vervolgt word en voor die wêreldhof in Den Haag gedaag word. Almal probeer hom vang, maar is ook maar gierig en sluip in die geheim na die “suidelike rante” agter Kriekeput se goud en diamante aan, waardeur hulle skynheilige morele bankrotskap aangetoon word. Nobel (hier ’n verwysing na die heersers in Afrika, Asië, die VVO en Europa) besef “on-heel-haas” hy word uitoorlê deur die sanksieontduikers – “die miljoene rooi reinaerdes” in die slotreëls van die gedig. verwys. Die vos ontkom aan die vervolging deur na Suid-Afrika te vlug en hom hier tuis te maak, maar hy is geen engel nie en gedra hom, tipies aan sy aard, sleg.

3.3.2 Eitemal

Die hertaling, herdigting of herskepping van *Vanden vos Reynaerde* deur Eitemal (die skryfnaam van prof. W.J. du Preez Erlank) neem ’n besondere plek in die (Suid-) Afrikaanse Reinaertgrafie in. Hierdie werk, *Reinaard die Jakkals, ’n Afrikaanse diere-epos* (1981) is, soos sy Middelnederlandse voorganger, die verhaal van ’n antropomorfe dier, in hierdie geval ’n Suid-Afrikaanse jakkals. Alhoewel die verhaallyn breedweg ooreenstem met dié van die Middelnederlandse epos, is daar verskille wat lei tot ’n tipies (Suid-)Afrikaanse verhaal.

Reeds op die tweede skutblad word die werk geïdentifiseer as Suid-Afrikaans, en meer bepaald as Afrikaans, in die inleidende verse:

Die stories van wolf en jakkals
is aan ons vertel deur Outa Klaas
saans voor die es om ons te vermaak,
tot ons oë blink word van die vaak,
en hy met ’n kreukellaggie besluit:

“Fluit-fluit, my basies, my storie is uit.”

(In afdeling 3.2.2.2 is daar stilgestaan by die rol van die stereotipiese “outa Klaas” wat die stories aan (wit en bruin en swart?) kinders saans om die vuur sou vertel.)

In die Inleiding beskryf Eitemal sy verhaal as ’n “vrye skepping” (bl.13) en met toevoeging van bekende wolf-en-jakkalsstories het ’n Afrikaanse *Reinaert* ontstaan. Dit beteken vermoedelik dat Eitemal se bedoeling was om ’n nuwe, Afrikaanse verhaal te skryf, en in hierdie opsig het ons te doen met ’n ware erflating van die *Reinaert*.

Eitemal probeer om die rymende paarrym van die oorspronklike teks te behou. Sonder om na Willem te verwys, begin hy:

Dit was op ’n dag in die Pinkstertyd,
die bome en struik was wyd en syd
bedek met ’n groen blarekleed.
Nobel, die leeu, het almal laat weet
dat, hy, aan die wet van die land getrou,
sy jaarlikse hofsitting wou hou
vir sy ryk tot groter eer en lof.
(Eitemal 1981:15, 16).⁸

Eitemal het die boersheid, die volksaardige realisme (Eitemal 1981:12) van die oorspronklike teks probeer behou in sy sprankelende vertaling, wat baie maklik in Afrikaans lees. Waar De Jong (kyk afdeling 3.4.3) so na as moontlik aan die oorspronklike teks probeer bly, praat al wat dier is in die Eitemalweergawe ’n besondere gemaklike, eietydse Afrikaans. Iesegrim het byvoorbeeld die volgende te sê oor Reinaard, die skelm met die roesrooi baard:

As u hom skiet gee, vat hy áls,
want hy is ’n veelgat-jakkals.
(Bladsy 16)

En:

⁸ Eitemal nommer nie sy verse nie, daarom word bladsyverwysings gegee.

“Sire, hy is skelm en slim.
By al ons nasionale leed
wou ek persoonlike dinge vergeet
wat ek gely het onder die skavuit.
Hy het in my kinders se oë gefluit
waar hulle geslaap het, sý soort sport!
(Bladsy 17)

Nadat 'n klomp perdebye, omgekrap deur Reinaard, lesegrim in sy “senter” gestee het, vertel hy dat hy

(...) gekrul (het) onder die ellend
van 'n toegeswelde fondament
as 'k agter die bossies 'n windjie laat.
(Bladsy 17)

Eitemal laat Reinaard die Latynse formulier *In nomine Patris, Filii et Spiritus Sancti* soos volg in Afrikaans verdraai: *Noem my kapater en sank spiritus.*

Van Rensburg (1983) dui op verskillende aspekte van Eitemal se teks in 'n antwoord op die vraag wat hy self stel: Hoe het Eitemal in die transponeringsproses gevaar? Van Rensburg bied sy antwoord op dié vraag vanaf bladsy 12 tot 39 aan. Die nuuskierige leser word aanbeveel om gerus hierdie uitgebreide analise self te lees.

Met sy herskepping van die Vlaamse *Reinaert* is Eitemal, volgens Van Rensburg, gekonfronteer met formidabele uitdagings. Hy moes die *Reinaert* as't ware oorplaas na 'n twintigste-eeuse landskap en beskawing wat baie verskil van sy “land van herkoms”. Eitemal situeer sy *Reinaard* in die destydse Suid-Afrikaanse politieke klimaat. In 'n sekere sin begin sy verhaal daar waar die Middeleeuse epos ophou – by die mislukte poging van die “katteler” om Reinaert te arresteer. Hulle vind dat Reinaert gevlug het:

Reinaard en syne het verhuis
na 'n land vér onder die Suiderkruis.
(Bladsy 120)

Dit is klaarblyklik 'n verwysing na Suid-Afrika, net soos Opperman se renosterbossie in die Karoo, maar Eitemal gebruik 'n ander tipies Suid-Afrikaanse landskap, die Wes-Transvaal, as Reinaard se nuwe tuiste.

Dit is 'n plesier om die Eitemalteks te lees. Nadat Grimbeert ('n sogenaamde *oomsêer* van Reinaard) 'n roerende pleidooi ter verdediging van sy oom gelewer het, lees ons:

Die koning was diep aangedaan;
in sy linker- geel oog blink 'n traan.
Hy praat toe, sonder die koningsbrul,
en sê hy is met dank vervul
dat in sy ryk so 'n onderdaan...
Toe kraai bo die bult 'n hoenderhaan
(Bladsy 29)

Op hierdie punt kom Kanteklaar met groot vertoon aangesit in die begrafnisstoet van sy dogter Adelheid wat deur Reinaard doodgebyt is.

Ook die volgende toneel, waar die pastoor se vrou Bruin met haar pan toetakel, verskaf 'n mens plesier:

Die kostersvrou trek weg haar rok,
voordat sy met haar braaipan swaai
en hom klapáng met bliklawaaai
plat op sy neus. Die pastoor se drel
doof altaarkerse in sy agterstel.
Bruin voel hy gaan die stryd verloor
met die knyp van agter en koes van voor.
(Bladsy 43)

Van Rensburg wys op die manier waarop Eitemal elke dier vir ons visueel teken. So sien ons vir Grimbeert, die regsgeleerde:

Grimbeert smaal met snor en lip.
As hy 'n stert had, sou hy dit wip.
Sy houding, toe hy agtertoe draf
was duid'lik: Ek vee my aan julle af.
(Bladsy 28)

Getrou aan die satiriese aard van die oorspronklike teks, behou Eitemal, soos gesien kan word uit bostaande aanhalings, die speelsheid van die Reinaert.

Van Rensburg (1983) toon aan hoe Eitemal vryelik gebruik maak van aspekte van die Afrikaanse politieke, en in mindere mate, letterkundige milieu. Om 'n paar voorbeelde aan te haal: Reinaard oorreed die beer, Bruin, om vir hom (Reinaard) perd te speel na aanleiding van die beroemde Roelandslied. Reinaard sit die Roelandslied om in 'n platvloerse Afrikaanse variasie:

“Ek is die jokkie, ek is die chep,
wat ry in die bere-hendikep.”
(Bladsy 40)

Dit is 'n maklik herkenbare parodie van die “Lied van die bokke se klok”, na aanleiding van die besoek aan Suid-Afrika in die vroeg-1960's van die swaarddrinkende Victor Carpio en sy genoot, Martinus de Alva, spesiale gesante van die VN, om die Suidwes-Afrikaanse dispuut te probeer beredder. (Van Rensburg 1983:32). Eintlik was die titel van die lied wat ter sprake was, “Gif in die koffie”, (Carpio het gepoog om sy ietwat vreemde uitlatings te blameer op die vergiftiging van sy koffie; vermoedelik deur die Suid-Afrikaanse owerhede).

Wanneer die koning Bruin en Iesegrim in ere herstel, spreek hy hulle as volg aan:

Iesegrim, jy het veel vir jou land gedoen:
ek slaan jou tot Ridder van die Skoen.
Jou, Bruin, bekleed ek meer gepas
met die Ridderorde van Adam Tas,
wat ons eerste vryheidsvegter was.
(Bladsy 119)

Van Rensburg (1983:34 e.v.) beskryf hierdie toneel as een van “speelse anachronisme” en “baldadigheid” en wys op nog baie voorbeelde van verplaasliking. Spot word gedryf met die “volksredenaars” van voor 1994, bykans uitsluitlik van die Nasionale Party en Afrikaanse volks- en kulturele organisasies, wanneer Bruin gehawend na die koning se hof terugkeer, en Nobel die rede voer:

Hy staan, soos die stilte voor die storm;
sy selfbeheersing is enorm.
Hy roep elke ridder by sy naam
volgens sy adelstand en faam,
prins, hertog, graaf, burggraaf, baron,
die dapperste dapperes onder die son,
en hy spreek hulle toe in die ridderhal
met die gloed en die vuur van 'n Eitemal.
Hy het in sy spiets 'n hoogte behaal
wat 'n spreekwoord geword het in ons taal:
“Te wapen, blom van ons adeldom!
En, kom ek om, so kom ek om!”
(Bladsy 48)

Nie net word daar na die toe heersende Suid-Afrikaanse politiek verwys nie, maar Eitemal self word deel van die verhaal – verplaasliking by uitstek. Daar is nog vele sulke voorbeelde van verplaasliking: onder andere die beskrywing van Bruin, Iesegrim en Tibert wat hardloop om die galg vir Reinaard se teregstelling op te rig, as hulle gaan:

oor springhaasgate en trassiebos
Wat jou skielik pootjie en skielik los.
(Bladsy 81)

Nog 'n voorbeeld waar die Vlaamse landskap omskep word in 'n tipies Suid-Afrikaanse omgewing is die beskrywing van die haan, Kanteklaar, se oggendkraai:

In die voordagvroegte as hy
sy wekroep slinger deur die lug,
kom dit van sewe bulle terug.

As dan op talle boereplasies
pondokke, struik en murasies
die ander hane wakker word
en krete dunnerig uitstort,
het iedereen van hulle mooi
gedink hý kraai die more rooi.
(Bladsy 29-30)

Van Rensburg identifiseer die verplaaslikings of transponering op politieke gebied as die treffendste (Van Rensburg 1983:38). Enkele voorbeelde is die volgende: lesegrim se reaksie “my apartheid is in sy moer” nadat Reinaard (rasgebaseerde) ontug met mevrou Wolf gepleeg het; politieke vergaderings wat met gebed geopen word, deur slanery met stoelpote onderbreek word en met ’n braaivleis afgesluit word; die sing van die volkslied, verwysings na verligtheid en verkramptheid, die rol van die Ossewabrandwag in die beplanning van ’n republiek; die Krugermiljoene; publikasiebeheer en sensorskap en die spanning tussen jeug en ouderdom in die politiek, die gebruik van die woorde *polisiestaat*, *vryheidsvegter*, *lasbrief* en nog vele meer. Die verafrikaansing is ook te sien in die name van sommige diere: Taaiman, die ratel, Skrophier, Skropdaar (hoenderkinders van Kanteklaar).

Daar kan tereg geargumenteer word dat Eitemal met sý weergawe van die *Reinaert* ’n eg Suid-Afrikaanse (en Afrikaanse) verhaal geskep het wat sodanig verwyderd is van die Nederlandse *Reinaert*, dat dit op eie voete kan staan as ’n verhaal uit Afrikaanse bodem deur ’n (Suid-) Afrikaanse skepper. In hierdie opsig kan Eitemal se *Reinaert* beskryf word as ’n unieke erflating van die Nederlandse verhaal.

Die laaste woord in hierdie verband kom Van Rensburg toe:

Uit alles is dit meer as duidelik: Reinaert se verhuising na die land “vêr onder die Suiderkruis” was inderdaad die geval van Vlaamse ekspansie, nie ’n beweging in ’n diaspora nie. ’n Vlaming, Willem, het in die laaste dekade van die twaalfde eeu iets so kragtigs in die lewe geroep dat dit tot agt eeue later nog ’n lewenskragtige telg in ’n ver land kon afwerp (Van Rensburg 1983:42).

3.3.3 C. de Jong

In 1983 verskyn 'n vertaling van *Vanden vos Reynaerde* (Reinaert 1) deur C. de Jong in paarrym, sover die Afrikaans dit toelaat.

So lui die verse na die aanhef, waarmee die dramatiese gebeure open, (verse 41–47):

Dit was in die mooie Pinkstertyd.
Bos en weiveld wyd en syd
Was met friskgroen blare versier.
Nobel die koning het al die diere
Uitgenooi om hofwaarts te tou,
Waar hy luisterryk hofdag wou hou
Met goeie geluk tot sy grote lof.

In 'n inleidende gedeelte van 35 bladsye skryf De Jong onder andere:

Die stof daarvan (d.i. van die *Reinaert* – J.S.) is ontleen aan ou volksverhale wat ook in Suid-Afrika in (Hollands-) Afrikaans ingang gevind het en hier as “jakkals-en-wolfstories” bekend staan” (De Jong 1983:1).

Volgens hom was die belangstelling vir die avonture van die jakkals in 1983 nog lewendig. Hy wei taamlik breedvoerig uit oor die *Reinaert* as epos en laat ten slotte ook die soeklig val op “Reinaard in Suid-Afrika” (De Jong 1981:26–27). Hy wys daarop dat die geslepe skelm in diereverhale uit Wes-Afrika die slim spinnekop Anansie is – verhale wat volgens hom ook in Suriname voortleef. Volgens De Jong is daar drie moontlike verklarings vir die verskyning van die jakkals en die wolf (geen Suid-Afrikaanse dier nie, sê hy) in Suid-Afrika:

1. Vanuit Noord-Afrika (Egipte, byvoorbeeld) is dierverhale in Suider-Afrika aan die San en die Khoi-Khoi oorgedra.
2. Vanuit die Weste het Europese koloniste stories oor onder andere die vos na Suid-Afrika gebring en oorgedra aan die Khoi-Khoi en die Kleurlinge wat baie Nederlandse verhaalstof en liedere oorgeneem het.

3. Vanuit die Ooste het “Voor-Indiërs en Indonesiërs” dierverhale ingevoer. In Indonesië was die skelm nie ’n jakkals nie, maar die dwerghert of kantjil.

De Jong verwys verder na die Kaapse Maleierlied oor Oom Jakkals waarin die jakkals ook vol streke is⁹ en na Opperman se “Vloervelletjie”. De Jong gee helaas geen bronverwysings in hierdie oorsig nie.

Wat sy vertaling betref, was De Jong se bedoeling om, anders as Eitemal, die “Vlaamse kleur” van die *Reinaert* te behou:

Ek beoog om die Middelnederlandse, Europese sfeer van die “Reinaard” in ’n vertaling in Afrikaans te behou, het die eiename slegs in die geval van enkele byfigure gewysig, die vos nie in ’n jakkals verander nie en slegs af en toe suiwer Suid-Afrikaanse woorde en uitdrukkings, soos *moan* (‘kla’) indaba, kraal en jakkalsdraai, gebruik (De Jong 1981:32).

Die dierkarakters behou hulle Germaanse name en *Reinaert* se woning heet Maupertuis.

Die vertaling is, vanweë rymdwang en om so na as moontlik aan die Middeleeuse teks te bly, soms baie vreemd. De Jong gee wel dikwels verklarende aantekeninge by sy vertaling, soos by *leenmanne*, *baard*, *’n jaar en ’n dag*, *Dieu vous saut*, *ribaud* en baie ander vreemde terme of woorde (maar nie, byvoorbeeld by *heuningmede* – vers 2177 – nie).

Na vers 1265 voeg hy twee verse in “om die obsene teks – wat deur die digter beknop gehou is – vir die hedendaagse leser te verduidelik” (De Jong 1983:65):

Hy spring die paap tussen die bene
En hy trek uit hom die ding
Wat hy tussen sy bene vind
In die beursie sonder naat,
Waarmee die man die luiklok slaat.

⁹ Hierdie lied is opgeteken deur I.D. du Plessis (Du Plessis 1968).

3.3.4 Henri van Daele se Reinaart de vos; De felle met de rode baard.

In 2013 verskyn die Afrikaanse vertaling, deur Daniel Hugo, van Henri van Daele se prosabewerking van sowel Willem se epos, as verdere verhale van Reinaert wat in ongeveer 1375 as *Reynaerts historie* (die sogenaamde *Reinaert II*), verskyn: *Reinaard die vos. Die wrede een met die rooi baard*.

Van Daele het met sy oorvertelling jong lesers in die oog. Hy vertel vinnig en vlot.¹⁰ Sonder om na die outeur, Willem, te verwys, begin die verhaal prosaïes en nie met die welluidende rymende openingsverse van die oorspronklike teks nie: “Dit is lente en die hele wêreld is groen. Tydens Pinkster besluit Nobel, die leeu wat die koning van die diere is, om sy hof byeen te roep”. ’n Mens mis die ritme en rym van die oorspronklike teks, maar wie die Middeleeuse verhaal wil lees, kry ’n getroue weergawe.

Reinaert I in dié vertaling bestaan uit die volgende 20 hoofstukke:

Koning Nobel roep sy hof byeen
Iesegrin se klagtes
Kuwaard leer die geloofsbelydenis
Grimbeert se pleidooi
Die moord op Koppe
Bruin se boodskap
Tibert se boodskap
Reinaard bieg by Grimbeert
Reinaard moet hang
Die komplot teen Nobel
Die skat van koning Ermerik
Reinaard vertrek op ’n pelgrimstog na Rome
Bruin staan ’n stuk van sy rug af
Iesegrin en Hersinde moet elkeen ’n paar skoene uittrek
Kuwaard en Belien vergesel Reinaard na Malpertuis
Die moord op Kuwaard
’n Vreemde brief vir koning Nobel

¹⁰ Aangesien daar geen bladsynommers in hierdie teks is nie, is dit baie moeilik (eintlik onmoontlik) om na spesifieke verse te verwys.

Sierpels die luiperd bewerkstellig 'n versoening
Belien word doodgemaak
Bruin en Isegrim word in ere herstel

Alle diere behou in die Afrikaanse vertaling van Hugo hulle Germaanse name. Hier en daar is daar wel eie skeppings soos Spikkels en Sproete vir Kantekleer die haan se kinders. Die bekende verhale van die stryd tussen wolf en vos, soos onder andere deur Reinaert aan Grimbeert vertel, is natuurlik ook deel van die teks.

Nadat Nobel "so 'n geweldige brul" gee dat al die diere "verstyf van vrees", neem Sierpels, die luiperd, beheer oor: hy stel voor dat Reinaert weer ter dood veroordeel word, hy verklaar hom terstond voëlvry, bewerkstellig dat die vrede met Bruin en Isegrim herstel word en dat Belien die ram en sy nageslag gerus maar verslind mag word deur beer en wolf – presies soos in *Vanden vos Reynaerde* dus. Hier eindig die verhaal soos wat dit in Reinaert I vertel word.

3.3.5 Samevatting

Eitemal se herbewerking staan kop en skouers bo die ander pogings uit. Bloot die leesgenot en die skerp satire (wat tog maar tot groot mate ontbreek in die Van Daele-Hugovertaling) maak dit die moeite werd om die hertaling weer op te neem en te lees.

Daar word afgesluit deur te besluit dat die Middeleeuse vos wel deeglik sy spore gelaat het in ons Suid-Afrikaanse (literêre) landskap, sowel in die jakkals-en-wolfverhale as in literêre tekste.

3.4 Afsluiting en vooruitskouing

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die Suid-Afrikaanse verankering en die wortels van die *Reinaert* ten einde die brug te bewerkstelling tussen die Middeleeuse *Vanden vos Reynaerde* en die moderne Suid-Afrika – en meer spesifiek na die regstelsels wat vandag geld.

In die volgende drie hoofstukke gaan die volgende navorsingsvraag, beantwoord word: Hoe verskil die regsproses en verhoor in die *Reinaert* van, of kom dit ooreen met die

hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg? In Hoofstuk 4 word die heersende Middeleeuse regstelsel in die tyd waarin die *Reinaert* geskryf is, beskryf, in Hoofstuk 5 word die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel geskets en in Hoofstuk 6 word die teks vergelyk met die hedendaagse Suid-Afrikaanse straf(proses)reg.

HOOFSTUK 4

DIE ONTWIKKELING VAN 'N EUROPESE REGSTELSEL IN DIE MIDDELEEUSE VLAANDERE

4.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk bied in voëlvlug 'n oorsig oor die ontwikkeling van die Romeinse reg in Wes-Europa.¹¹ Die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel, wat in die volgende hoofstuk bespreek word, se wortels lê onder andere¹² in hierdie Wes-Europese regstelsel (Van Zyl 1983:303). In Hoofstuk 6 sal aangetoon word watter spore van die Wes-Europese en Suid-Afrikaanse regstelsels terug te vind is in die diere-epos *Vanden vos Reynaerde*.

Ten einde die regstelsel in Vlaandere in die tweede helfte van die 12de eeu en die begin van die 13de eeu, toe sowel die *Reinaert* as sy twee belangrike voorgangers, die *Roman de Renard* en die *Ysengrimus* (vergelyk Hoofstuk 2) geskryf is, te verstaan (kyk Hoofstuk 1), is dit nodig om stil te staan by die ontwikkeling van die *ius commune* (of *jus commune*), 'n baie belangrike begrip in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Europese regstelsel. Die term *ius commune* verwys na 'n algemeen geldende regstelsel. Dit word in Engels *common law* genoem en in Afrikaans *gemenerereg*.

Die tradisie van die Romeinse reg wat vandag nog in die Suid-Afrikaanse regstelsel terug te vind is, het sy oorsprong in die Europa van die laat 11de eeu toe die antieke Romeinse reg in Italië herontdek is (sien afdeling 4.5). Hierdie ontdekking is die begin van die moderne, gesofistikeerde regswetenskap wat geskoei is op twee regskorpusse, naamlik die Romeinse keiser Justinianus se *Corpus Iuris Civilis* (burgerlike reg) en die *Corpus Iuris Canonici* (kerkregtelike tekste) (Lesaffer 2013:5). Die Romeinse burgerlike reg en die kerkreg (of kanonieke reg) het tesame die grondslag van die *ius commune* (gemenerereg) gevorm. Wat

¹¹ Vir hierdie hoofstuk word daar gesteun op die volgende bronne: Van Caenegem (1971), Van Zyl (1983), Kleyn (1989), Edwards (1995), Thomas, Van der Merwe en Stoop (2000). Daar is veral met groot vrug gebruik gemaak van Lesaffer (2013) se *Inleiding tot de Europese rechtsgeschiedenis*.

¹² Die Suid-Afrikaanse strafregstelsel toon ook spore van die Engelse regstelsel, die *common law*, wat veel minder deur die Romeinse reg beïnvloed is as die Europese regstelsels. Hieroor kan daar meer gelees word in Hoofstuk 5.

die kanonieke reg betref, noem Van Zyl (1983:1) dat dit 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die moderne Suid-Afrikaanse strafprosesreg gespeel het.

Die 12de eeu is gekenmerk deur die merkwaardige herlewing en opbloeï van die klassieke Romeinse reg in Wes-Europa. Hierdie reg is in die Middeleeue geleidelik verder ontwikkel. Dit het die gemenerreg van die Lae Lande geïnfiltreer en so as't ware die weg gebaan vir die volskaalse aanvaarding daarvan in Europa sodat dit later bykans universeel in Europa toegepas is. Dit is nie alleen vir die ontleding van die regsaspekte in die *Reinaert* van belang nie, maar ook vir die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel waar die spore daarvan tot vandag toe nog nagespeur kan word.

Hierdie hoofstuk volg dan ook die ontstaan en ontwikkeling van die *ius commune* van die vroeë tot laat Middeleeue.

Die bydrae van die Romeinse reg tot die ontwikkeling van die bykans universele Europese *ius commune*, 'n proses van die unifikasie van die reg (Van Zyl 1983:26), word vervolgens ondersoek.

4.2. Die Romeinse reg

“Op geen enkel vlak wisten die Romeinen hun identiteit so sterk te ontwikkel as op het terrain van het recht”, skryf Lesaffer (2013:18) in sy boek *Inleiding tot de Europese rechtsgeschiedenis*. Die invloed van hierdie kragtige regstelsel kan nouliks oorskat word.

Tydens die bestaan van die Romeinse beskawing, wat oor bykans 1 200 jaar strek, het die Romeinse reg geleidelik ontwikkel en ten tyde van die Romeinse Ryk het hierdie reg gegeld in alle gebiede waar die Ryk geheers het, dus ook in die Lae Lande (die huidige Nederland en België) en, meer spesifiek ter sake vir hierdie studie, in Vlaandere. Die Romeinse reg was 'n verfynde regstelsel waarin beide siviele en strafregtelike jurisdiksie deur 'n sentrale gesagsowerheid, die staat, uitgeoefen is. Die reg is toegepas binne 'n goed ontwikkelde stelsel met duidelike “wetgewing”,¹³ soos byvoorbeeld die edikte van die praetors (magistrate).

¹³ Let op dat die praetor nie 'n wetgewer was nie.

Rome was aanvanklik maar 'n onontwikkelde, agrariese gemeenskap waar die koning, gevolg deur die priesters, die hoogste regsprekende gesag gehad het. Die monargie duur van 753–509 v.C. Die monargie word gevolg deur die Republiek (509–27 v.C.). In die laaste eue van die Romeinse Republiek ontwikkel die Ryk tot die grootste in die Middellandse See-gebied en die uitbreiding van die Ryk gaan gepaard met die ontwikkeling van die regstelsel. Aan die einde van dié tydperk verval die republikeinse staatstruktuur en dit stort in duie waarna die prinsipaas ontstaan (27 v.C.–284 n.C.). Dié staatstruktuur word in 284 n.C. gevolg deur die dominaat waartydens alle mag in die hande van die keiser gesetel het.

In 367 v.C. – dus ten tyde van die Republiek – word die amp van die praetor ingestel waardeur die praetor 'n soort assistent van die konsul (die hoogste Romeinse staatsamptenaar) word. Die praetors het die regsprekende monopolie van die *pontifices* (priesters) oorgeneem met die bedoeling om die leke (die priesters) se regsprekende bevoegdheid in die hande van 'n objektiewe groep te plaas (Lesaffer 2013:75). Daar het met ander woorde sekularisasie van die regspraak ontstaan – die staat (praetors of magistrats) het die kerk (soos verteenwoordig deur die *pontifices* of priesters) se regsprekende rol oorgeneem (Lesaffer 2013:75). Die *praetores* was die lede van die uitvoerende gesag van die Romeinse staat en verantwoordelik vir regspleging. In hierdie ontwikkeling was die rol van die *praetor urbanus* (hoofmagistraat) veral belangrik. In dié tyd het die *praetor urbanus* “in iure de rechtbank voorzat” (Lesaffer 2013:75). Nie alle praetors het egter noodwenig juridiese kennis of ervaring gehad nie en hierin lê ten dele die verklaring vir die opkoms van die regsgeleerdes in die laat 2de en 1ste eeu v.C. (Lesaffer 2013:75).

Daar moet gelet word op die feit dat die praetors se funksie toegespits was op siviele of privaatregtelike dispute (Van Zyl 1983:20). Hulle het edikte uitgevaardig wat van die vernaamste bronne van die Romeinse reg geword het. Hierdie edikte het regsrag gehad, maar hulle was nie wette nie. Die praetors moes ook regspleging reël en het dus ook strafregtelike funksies gehad. Wat die strafregproses betref, was die Romeinse reg relatief onontwikkel. In hierdie verband is die *ius commune* beide in Europa en elders belangrik.

Die praetor kon billike optrede, bekend as *actiones utiles*, afdwing. Dit was 'n belangrike funksie wat betref die latere *ius commune*, want met die uitoefening daarvan “het die *praetor* dikwels teruggegryp na die *ius gentium*, die reg wat aan alle volke gemeenskaplik was en wat op die natuurlike billikheid (*aequitas*) gegrond was” (Van Zyl 1983:21). Die

praetor kon kennis neem van regsbeginsels wat oor grense heen en onder alle volke gemeenskaplik was.

Die vroeë Romeinse regstelsel wat net vir Romeinse burgers gegeld het, het bekend gestaan as die *ius civile*. “Die vernaamste kenmerk van hierdie reëls en beginsels was die informele aard daarvan en die waarde wat op die goeie trou (*bona fides*) en billikheid (*aequitas*) geplaas is” (Thomas, Van der Merwe en Stoop 2000:30).

Omdat Rome al hoe meer vreemdelinge binne sy poorte gekry het, dus mense wat nie Romeinse burgers was nie, moes die Romeinse regbanke al hoe meer geskille aanhoor waarop die *ius civile* (siviele reg) nie toegepas kon word nie. Die *praetor peregrinus* is toe in Rome aangestel om regsgedinge waarby vreemdelinge betrokke was, te besleg. Hierdie *praetores peregrini* lê aan die basis van die *ius gentium* (internasionale of volkereg). “Naar inhoud was het een soort rudimentair en algemeen stelsel van privaatrecht”, skryf Lesaffer (2013:79). Dit is toegepas op alle hofgedinge waarby vreemdelinge in Rome betrokke was, ongeag die nasionaliteit van die betrokke partye. Die Romeinse reg ontwikkel met die *ius gentium* “in ’n regstelsel wat geskik was om in die behoeftes van die komplekse en gesofistikeerde samelewing van Rome te voorsien” (Thomas, Van der Merwe en Stoop 2000:31). Die ontwikkeling is voorafgegaan deur ’n drastiese ontwikkeling in die prosesreg waarin die rol van die *praetor* van groot belang was. Hy het inderdaad die vernaamste bron van die Romeinse reg geword.

Benewens die *ius gentium* was nog ’n belangrike bron van die Romeinse reg die *senatus consulta* (senaatsbesluite). Alhoewel nóg die praetors se edikte nóg die *senatus consulta* enige formele wetskrag gehad het, was dit wel effektief bindend (Van Zyl 1983:21).

In die 2de en 1ste eeu v.C. ontstaan daar in Rome ’n outonome, sekulêre regswetenskap wat deur ’n groep regsgeleerdes en juriste beoefen is. Dit het veral op die privaatrek gekonsentreer. Die Romeinse regsgeleerdes was spesialiste in die regspraktyk en het ’n groot bydrae gelewer tot die verdere vorming en verfyning van die Romeinse reg. Daar is egter baie min geskryf oor die publieke reg van daardie tyd (Lesaffer 2013:80).

In 27 v.C. het Augustus die mag as *princeps* of leier (keiser) oorgeneem (Edwards 1995:278). Hy het vir homself al meer mag toegeëien totdat ’n soort monargie mettertyd tot stand gekom het (Edwards 1995:278). Die reg het gedurende die prinsipaas (wat ook as ’n

soort militêre diktatuur beskou kan word) 'n vlak van ontwikkeling bereik waarop nooit later verbeter is nie (Edwards 1995:279).

In 284 n.C. vervang keiser Diocletianus die prinsipaas met 'n dominaat (absolute monargie) wat alle gesag in die hande van die keiser plaas. Onder hierdie stelsel was daar 'n algemene verval, spesifiek ook van die Romeinse regs wetenskap (Edwards 1995:280–281). Geleidelik het die Romeinse beskawing na die Oos-Romeinse Ryk verskuif (Kleyn 1989:187). Hierdie proses het die wetenskaplike bestudering van die reg ingesluit en teen die sesde eeu het daar feitlik geen gespesialiseerde regsopleiding meer in die Weste bestaan nie. (Vergelyk Kleyn 1989:187 en Edwards 1995.)

4.2.1 Die val van die Wes-Romeinse Ryk en die vroeë Middeleeue¹⁴

Van belang vir die latere ontwikkeling van die Romeinse reg in Europa is die gebeurtenis wat die sogenaamde “donker Middeleeue” ingelei het, naamlik die val van die Wes-Romeinse Ryk in 476 n.C. – iets waaraan die toenemend sterker wordende Germaanse stamme 'n leeu-aandeel gehad het. Groot migrasiestrome van Germaanse en ander stamme het daartoe gelei dat Germaanse stamme noord van die Ryn en die Donau sedert die tyd van Caesar en Augustus noue kontak met die Romeinse Ryk gehad het. Algaande het eers die Hunne en later Germaanse stamme militêr al sterker geword totdat koning Odoaker (435–493) in 476 die laaste Wes-Romeinse keiser, Romulus Augustulus, afgesit het.

Die Oos-Romeinse Ryk, wat die groot migrasiestrome van die 5de eeu oorleef het, het nog duisend jaar voortbestaan as 'n Christelike, Griekssprekende ryk met Konstantinopel as hoofstad, totdat die stad in 1453 deur die Ottomaanse Turke verower is.

Die ineenstorting van die Wes-Romeinse Ryk lei 'n periode van verval en stagnasie in. Die disintegrasie van die Mediterreense wêreld was teen die helfte van die 8ste eeu n.C. 'n voldonge feit, maar die vroeë Middeleeue (van die 6de tot die 10de eeu) was ook die tydperk waarin die Grieks-Romeinse, Joods-Christelike en Germaanse kulture saamgevloei

¹⁴ Die volgende kensketsing van die gebeure wat gelei het tot die val van die Wes-Romeinse Ryk berus grotendeels op Kleyn (1989), Edwards (1995) en Lesaffer (2013).

het. Uit hierdie vereniging het 'n nuwe Wes-Europese kultuur gegroei. Van Caenegem (1991:71) stel dit so: “On the ruins of the Roman empire, Western Christendom, a community composed of Latin, Germanic, Celtic and Slavic peoples, arose over a period of centuries.”

Dit is nodig om nou stil te staan by die allerbelangrike skepping van die *Corpus Iuris Civilis* (burgerlike reg) wat in samehang met die kerkreg, die *Corpus Iuris Canonici*, 'n aansienlike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike regsregime, die gemenerereg, in Europa.

Tydens die vroeë Middeleeue het die regswetenskap as outonome dissipline verdwyn. Alhoewel enkele kopieë van Justinianus se groot kodifikasie die skiereiland van Italië wel bereik het, “was de tekst te omvangryk en te complex om veel verspreiding in het Westen te krijgen”, aldus Lesaffer (2013:166). Enkele fragmente van hierdie kodifikasie het egter wel bewaar gebly in die oornam daarvan in die *leges Romanorum*. Ook in die teologie het enkele elemente van die Romeinse regswetenskap oorleef (Lesaffer 2013:166).

4.2.2 Keiser Justinianus se kodifikasie van die Romeinse reg¹⁵

Justinianus (482–565 n.C.) het in 527 n.C. keiser van die Oos-Romeinse Ryk geword. Die grootste bydrae wat hy gelewer het, was op regsgebied. Hy het waarskynlik sy inspirasie geput uit die werksaamhede van die regskele in Beiroet en Konstantinopel. Hy het besef dat regsekerheid 'n belangrike voorvereiste is vir 'n magtige ryk en het besluit om die bestaande reg op skrif te laat stel. Justinianus se ambisieuse plan het gelei tot die optekening van die reg in geheel – gebaseer op die klassieke Romeinse reg maar aangepas vir die Justiniaanse era. Hierdie kodifikasie bestaan uit die *Digesta*, die *Institutiones*, die *Codex* en die *Novellae* en sou later bekend staan as die *Corpus Iuris Civilis*. Die *Corpus Iuris Civilis* was 'n ambisieuse onderneming wat binne slegs drie jaar tot stand gekom het.

Justinianus stel aanvanklik in 528 n.C. 'n tienmankommissie aan met die opdrag om alle keiserlike konstitusies te versamel, te sistematiseer en wetgewing by die heersende omstandighede aan te pas. Die tienmankommissie het die bestaande *Codices* gebruik en die *Codex Vetus* binne 'n jaar voltooi.

¹⁵ Vir hierdie oorsig is gebruik gemaak van Van Zyl (1983), Van Warmelo (1978), Kleyn (1984), Van Caenegem (1991), Thomas, Van der Merwe en Stoop (2000) en Lesaffer (2013).

Na die eerste kommissie se sukses word die oorblywende deel van die regstelsel (die *ius*) gekodifiseer. Die *Digesta* was 'n kodifikasie van die ganse juristereg (*ius*). Dit is opgestel deur 'n kommissie van sestien lede – drie regsprofessore, 'n hooggeplaaste keiserlike amptenaar en elf praktiserende advokate (Van Zyl 1983:31). Die *Institutiones* was 'n handboek vir voornemende studente en die *Novellae* het latere verordeninge bevat. Die bronne wat deurgewerk moes word, was om die minste te sê omvangryk. Die *Digesta* alleen het behels dat twee duisend boeke met drie miljoen reëls geraadpleeg moes word. Dit is verwerk tot vyftig boeke met honderd en vyftig duisend reëls (Van Zyl 1983:31).

Die *Corpus Iuris Civilis* is vandag die belangrikste kernbron oor die Romeinse reg. Die meeste tekste van belangrike regsgeleerdes is daarin bewaar en dit is toeganklik vir navorsers en regspraktisyne.

Justinianus se voorbeeld het 'n belangrike rol gespeel in wetgewing in Europa (Van Zyl 1983:36–37) en dit sou sekerlik gelei het tot groter regsekerheid.

Voordat die *Corpus Iuris Civilis* later herontdek is, verloop daar egter 'n paar eeue waartydens die reg verval het. In dié tyd heers die Germaanse gewoontereg in die Lae Lande. Ten einde die latere gemenereg (met ander woorde die *ius commune*) behoorlik in konteks te plaas, sal vervolgens ingegaan word op die ou Germaanse regstelsel wat in die vroeë, “donker” Middeleeue toegepas is.

4.3. Die Germaanse reg

Van Caenegem (1991:117–118) beskryf die regsituasie tydens die duisend jaar wat die Middeleeue geduur het (vanaf 476 tot 1453) soos volg: “... one cannot speak of a law of the Middle Ages, because there were not one, but several legal systems in force throughout the period and simultaneously.”

Die fokus val vervolgens op die Germaanse reg – een van die baie regstelsels waarna Van Caenegem verwys.

Na die verdwyning van die Romeinse bestuur uit die Weste het die reg verval en in die plek daarvan kom die primitiewe Germaanse gewoontereg, wat selfs ten tyde van die

Karolingiërs nie eens naastenby die vlak van die Romeinse tyd kon benader nie (Lesaffer 2013:169). “Het recht van de Vroege Middeleeuwen heeft dan ook weinig betekenis voor de opbloei van het rechtswetenschap in het Latijnse Westen na 1000”, skryf Lesaffer (2013:169).

Teen die einde van die 5de eeu, na die val van die Wes-Romeinse Ryk en die troonbestyging van die Germaanse koning Odoaker in Italië, het ’n magsvakuum ontstaan. Dié vakuum is gevul deur ’n handvol Germaanse koninkryke, waaronder die Franke in die hedendaagse België en die Suid-Nederlande (Lesaffer 2013:115). Daar het grootskaalse migrasie van Germaanse stamme in Europa plaasgevind, onder andere ook na die voormalige Wes-Romeinse Ryk. Die Romeinse reg moes homself in die Lae Lande binne ’n Germaanse gemeenskap met ’n eie kultuur, tradisies en behoeftes probeer handhaaf (Kleyn 1989:189). Hierdie verskillende kulture en regstelsels het die toepassing van die Romeinse reg beïnvloed. Die groot verskeidenheid Germaanse stamme, elk met hul eie tradisies en behoeftes, het die doeltreffende, gesentraliseerde gesag van die Romeinse Ryk laat verkrummel. ’n “Gevulgariseerde versie” (Lesaffer 2013:147) van die Romeinse reg het gaandeweg ontstaan. Dit is opgeteken en staan bekend as die *leges Romanorum*.

Die Germaanse reg het baie verskil van die Romeinse reg, onder andere ook omdat daar geen gemeenskaplike regstelsel vir die verskillende Germaanse stamme bestaan het nie. Die reg het hoofsaaklik bestaan uit gewoonteregsgreëls, die *ewa*. Die volksvergadering het ’n belangrike rol gespeel en opgetree by die beslegting van geskille.

In die Germaanse samelewing het die hoogste gesag, ook wat die reg betref, aanvanklik by die volksvergadering berus. Mettertyd het dit in die hande van die koning gekom en later geleidelik oorgegaan na die landheer of leenheer (Van Zyl 1983:66). Teen die 6de eeu het die regswetenskap as outonome dissipline in die feodale Wes-Europa verdwyn, ’n situasie wat tot die 12de eeu voortgeduur het.

Gewoontereg berus op ’n mondelinge tradisie wat regsonsekerheid in die hand werk. Daar was dikwels twyfel oor die inhoud van die regsgreëls. “De opvatting heerste dat het recht onveranderlijk en eeuwig was.” (Lesaffer 2013:145) Tog het ook hierdie stelsel met verloop van tyd geëvolueer, “spontaan en traag”, soos wat Lesaffer (2013:146) dit stel.

’n Germaanse koning het nie onbeperkte mag gehad om nuwe wette te maak nie (anders as wat die geval was onder die dominaat). “De koning moest zorg dragen voor de instandhouding en het voortleven van het recht, niet voor de verandering ervan.” (Lesaffer 2013:146)

Die regsrag van die reëls het gesteun op die tradisie en die aanvaarding daarvan deur die volk by wyse van konsensus (Lesaffer 2013:145 e.v.).

Die Oudgermaanse reg was ’n primitiewe stelsel waar die strafreg ’n privaatregtelike aangeleentheid was. Skendings van persoons- of sakeregte het nie die hele samelewing geraak nie maar hoofsaaklik die betrokke partye. Die basis was die vrye afrekening tussen partye. Wraak en vetes was deel van so ’n siening. Veral die bloedwraak het sentraal gestaan. Hiervolgens het die ganse familie die reg gehad om op eie houtjie af te reken met die vyand van die familielid:

Een misdrijf is in de eerste plaats een vergrijp tegen de rechten van de enkeling, slechts in de tweede plaats tegen de belangen van de gemeenschap als zodanig. Het is dus allereerst de taak van de enkeling om zich tegen dat vergrijp te weer te stellen, bij de aanval door zelfverdediging, erna door wraakneming.

(Van Caenegem 1954:234).

In so ’n samelewing is die solidariteit van die familie baie belangrik. Die enkeling het die beskerming van sy verwante nodig gehad. Die familie van ’n benadeelde kon eiehandig teen die misdadiger optree sonder toestemming van die owerheid. Die bloedwraak – om volgens die eie reg te handel – was selfs vir lank ’n regverdigingsgrond vir misdrywe (Van Caenegem 1954:47–48).

Veel later het straf en soendwang die plek van die wraakhandeling ingeneem.

As gevolg van die migrasie van Germaanse stamme het daar in die 5de en 6de eeue ’n behoefte ontstaan om dispute tussen Germane onderling, maar ook tussen Germane en Romeine, te besleg. Gevolglik het die Germaanse heersers die Germaanse gewoontereg

redelik omvangryk in verskeie Germaanse koninkryke laat opteken (Lesaffer 2013:146). Verskeie elemente van die Romeinse reg is in dié wetgewing vervat (Van Zyl 1983:7).

Twee soorte gewoontereg kan in hierdie tydperk onderskei word: die *leges romanorum* (Romeinse wette) wat reeds eeue lank deur die Germaanse veroweraars toegepas is toe hulle nog onderdane in die Romeinse Ryk was, en die opgetekende Germaanse stamwette, die *leges barbarorum*. Alhoewel die Germaanse wette nie so kompleks en uitgebreid was soos die klassieke, gesofistikeerde Romeinse regstelsel nie, het die optekening daarvan na die val van die Wes-Romeinse Ryk bygedra tot die voortbestaan van die Romeinse reg, al was dit in 'n gefragmenteerde, vereenvoudigde en verbasterde vorm (Kleyn 1989:189).

Bekende voorbeelde van dié optekening was die *Lex Romana Visigothorum* (die Romeinse reg van die Wes-Gote) wat in 506 uitgevaardig is, die *Lex Burgundionum* (die Boergondiese reg) en veral die *Lex Salica*, 'n nalatenskap van die Frankiese Ryk. Dit is tussen 507 en 511 opgestel en was 'n poging om die strafreg en strafprosesreg saam te vat (Van Zyl 1983:72). Dit is die eerste bekende kodifikasie van die Germaanse regsproses en daar kan aanvaar word dat dit sterk beïnvloed is deur die regstelsel en prosedures wat die betrokke wetgewing voorafgegaan het. Sover bekend bestaan daar geen geskrewe weergawe van die *Lex Salica* nie. Kommentatore meen egter dat dit hoofsaaklik gehandel het oor die promulgering van 'n tarief van boetes of vergoeding in gevalle waar 'n persoon se eiendom of persoon aangetas is. Die feit dat die voorgeskrewe tariewe vir boetes en vergoeding in navolging van die ou Germaanse reg afgehang het van die relatiewe erns van die oortreding, is belangrik (Middleton 1983:25–27).

Hoewel die twee regstelsels gemeenskaplike kenmerke gehad het, was daar geen gemeenskaplike reg nie. Van Caenegem (1991:66) waarsku dan ook teen die gebruik van terme soos “Middeleeuse reg” wanneer regsprosedures ter sprake kom:

In the millennium which we call the Middle Ages, Europe has gone through so many and such dramatic developments that we cannot speak of one medieval law, or the Law of the Middle Ages; rather there was a multitude of legal systems, sometimes co-existing. Whereas this does not simplify the historian's task, it certainly makes the period all the more fascinating. So numerous were the legal

problems and solutions that the period must be considered one of the richest treasure houses of human experience in the field of law.

Die verhoorprosedure in die vroeë Middeleeue is vir ons doeleindes van belang – Reinaert se daging voor die hof is per slot van sake die kern van die verhaal.

Volgens Van den Bergh (1983:147) het 'n verhoor volgens die Germaanse gewoontereg uit drie stadia bestaan. Dit het begin met die verhoor van die beskuldigde deur sy gelykes, 'n "oorerwing van die ou Germaanse *thing* en die rasideelste deel van die hele proses" (Van den Bergh 1983:147). Hierna moes die hof uitspraak lewer.

Die tweede stadium het aangebreek indien die hof na aanhoor van getuies nie tot 'n beslissing kon kom nie. Dit het behels dat die aangeklaagde se karakter bepaal moes word deur getuies wat 'n eed moes aflê dat die beskuldigde se pleit waaragtig is.

Indien die hof nog steeds nie 'n beslissing kon vel nie, is oorgegaan tot die derde stadium waartydens God gevra is om die beskuldigde se skuld of onskuld te bepaal. Die proses het gewoonlik die aandoen van liggaamlike leed ingehou; as die letsel(s) na 'n vasgestelde tyd genees het, was dit 'n teken van onskuld. Juridiese tweegevegte het ook in hierdie kategorie geval (Van den Bergh 1983:147).

Lesaffer (2013:140 e.v.) voer aan dat die rol van die regter (die koning, stamleier of hulle verteenwoordigers) beperk gebly het in die Frankiese tyd (van die 3de tot die 10de eeu) – die eintlike regsprekende bevoegdheid het by die volk berus, maar die mag van die koning het wel tydens die 8ste en 9de eeue gegroei.

Die Germaanse gewoontereg het mettertyd meer gesofistikeerd geword en onder andere gebruik gemaak van 'n embrioniese vorm van die presedentestelsel waar die hof hom laat lei het deur vroeëre uitsprake oor dieselfde vraagstuk of dispuut.

Die hele regstelsel, soos onder andere die verhoorprosedure soos hierbo uiteengesit, was om voor die handliggende redes onbevredigend. Mettertyd sou 'n meer algemene, bevredigende stelsel aanvaar word. Hierdie stelsel sou bekend word as die *ius commune* oftewel die gemenereg.

4.4. Die kanonieke reg of kerkreg

“Naast de studie van het Romeins recht was de uitbouw van het kerkelijk recht één van de grote verwezenlijkingen van de Renaissance van de Twaalfde Eeuw.” (Lesaffer 2013:237)

Gedurende die feodale tydperk van die 9de tot die 12de eeu was daar weinig regsontwikkeling in Wes-Europa. Die Katolieke Kerk en die kerklike (of kanonieke) reg se bydrae tot die voortbestaan van die Romeinse reg in die “donker Middeleeue” kan egter nie buite rekening gelaat word nie.

Lesaffer (2013:241) bespreek die wisselwerking tussen Romeinse reg en kanonieke reg en skryf dat die *ius commune* twee pilare het, naamlik die Romeinse reg en die kanonieke reg.

Die Romeinse reg was die basis van die kerkreg, wat ook enigszins beïnvloed is deur die Germaanse gewoontereg. Die spreuk *ecclesia vivit secundum legem Romanam* (die kerk leef ooreenkomstig die Romeinse reg) dui mooi aan wat die invloed van die Romeinse reg ook op die kerkreg was.

Keiser Konstantyn die Grote (305–337 n.C.) het die Christelike geloof amptelik erken en geloofsvryheid aan Christene verleen. In 395 n.C. maak Theodosius die Grote die Christendom die staatsgodsdienst en die Rooms-Katolieke Kerk word uitgebou tot 'n magtige organisasie met 'n behoefte aan 'n sterk stel regsreëls. In die 4de en 5de eeue is die werkinge van die kerk tot in die fynste detail bereël, die kerk het steeds groter regsmag en jurisdiksie verkry en 'n stel kerkreëls het ontwikkel wat die grondslag van die kanonieke reg gevorm het (Lesaffer 2013, Van Zyl 1983:160).¹⁶

Voor die val van die Wes-Romeinse Ryk was die Katolieke kerk op 'n Romeinse regsgrondslag gegrond en in die Germaanse koninkryke het die kerkreg so bly voortbestaan. Dit was 'n gewysigde Romeinse reg wat verwerk is om by die behoeftes van die kerk aan te pas en besluite is in kerkvergaderings geneem.

Aanvanklik was die reëls wat die verskillende kerklike instellings uitgevaardig het net van toepassing op die organisasie van die kerk (Kleyn 1987:331). Die kanonieke reg was egter nie beperk tot suiwer kerklike aangeleenthede nie; dit was veral invloedryk op die gebied

¹⁶ Die bespreking deur Lesaffer (2013:128) van die verhouding tussen die kerklike en politieke gesag is interessant.

van prosesreg. Die prosedures van die kanonieke reg is beïnvloed deur die Romeinsregtelike proses van *cognitio extraordinaria* (buitengewone kennis), selfs op die gebied van die strafprosesreg met sy beklemtoning van opset en met die ontwikkeling van strafregtelike aanspreeklikheid (*imputabilitas*) (Kleyn 1987:340).

Kerkregtelike geleerdes het die konsepte en reëls van die Romeinse reg dwarsoor die Latynse Weste versprei (Lesaffer 2013:265).

Die kanonieke reg het vanaf ongeveer die vierde eeu bestaan en het uitsluitende jurisdiksie in alle kerklike sake gehad (Kleyn 1987:332). In verskeie opsigte was daar 'n wisselwerking, 'n oor en weer beïnvloeding tussen Romeinse en kerklike reg. Algemene beginsels van Romeinse deliktereg is byvoorbeeld na die kerkreg oorgedra en die beginsels van geldige kontrakte is weer van die kerkreg na Romeinse reg oorgedra. Die jurisdiksie van die Rooms-Katolieke kerk het selfs aspekte soos huweliksreg ingesluit omdat die huwelik een van die kerklike sakramente was. Dit het daartoe gelei dat die hele gebied van familiereg en personereg aan die jurisdiksie van die kerk onderhewig was (Kleyn 1989:201).

Bogemelde is twee voorbeelde waar die kerkreg die onbuigsame Romeinse reg beïnvloed en getemper het. Van Zyl (1983:73) som die invloed van die kerkreg as volg op:

Die geestelikes se werksaamhede op die gebied van die reg het gedurende die Frankiese tydperk met rasse skrede toegeneem. Hulle het nie net in kerksake die leiding geneem nie, maar was ook op sekulêre gebied dikwels in raadgewende hoedanigheid aan die koninklike hof verbonde of hulle het ander ampte beklee.

“The transformation of canon law into a science in the late medieval period, which occurred roughly at the same time as the scientific rediscovery of Roman law, was largely the work of Gratian, a monk working in Bologna.” (Du Plessis 2010:364) Gratianus stel 'n versameling pouslike dekrete op onder die titel *Concordia Discordantium Canonum*, ook bekend as die *Decretum Gratiani*. Dit word beskou as die grondslag van die kerklike reg.

Kleyn (1987:333) beskryf die latere wisselwerking tussen Romeinse reg en kerkreg in die Renaissance (dit wil sê na die ontdekking van die klassieke Romeinse reg) soos volg:

It is thus clear that since the twelfth century there existed two very dynamic systems of law in Western Europe – Canon law and Roman or secular law. As could be expected in an age characterized by flourishing legal studies and continuing tensions between papacy and empire these two systems could not exist in total isolation of each other. Canon law borrowed extensively from Roman law (...) On the other hand, canon law also influenced secular law and as from the second half of the twelfth century, there was a definite interaction between the two systems.

Lesaffer (2013:242) sien die waarde van die kerklike reg veral in die “moraaltheologiese” oorsprong van die reg, waardeur die eise van regverdigheid meer in fokus gekom het. Hy stel dat die groot beginsels van die privaatreë wat tot vandag toe ’n gemeenskaplike substraat in die groot kontinentale stelsels vorm, heel eerste as juridiese beginsels in die kerklike reg geformuleer is (Lesaffer 2013:242). Volgens Lesaffer (t.a.p.) is hierdie proses egter eers in die 17de eeu – ’n belangrike tydperk in die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis – voltrek.

Soos ons ook sal sien in Hoofstuk 5, het die kanonieke reg ’n belangrike rol gespeel in die Engelse reg wat na 1806 deel geword het van die Suid-Afrikaanse reg. Deur hierdie weg is daar dus in die moderne regstelsel in Suid-Afrika ook spore van die ou kerklike reg, veral wat prosesreg betref.

4.5. Op pad na ’n *ius commune*

Vanaf die 12de eeu maak tradisionele Germaanse konsepte betreffende reg en owerheid geleidelik plek vir ’n nuwe beskawing. Ons sien die opkoms van die Renaissance onder andere in die ontwikkeling van die *ius commune* — die geleerde Romeins-kerklike reg in Wes-Europa.

Die situasie wat betref die gewoontereg (en bepaald ook die strafreg en die strafprosesreg) van die vroeë Middeleeue het min of meer onveranderd voortgeduur tot en met ongeveer die 12de eeu. Vanaf die jaar 1 000 verander die gesig en aard van die Middeleeue egter. Wat vanaf die 11de eeu in Europa gebeur het, word beskryf as ’n intellektuele ontwaking of hergeboorte, ’n “renaissance”.

Hahlo en Kahn (1973:429–430) noem veral die 12de eeu as dié landmerk:

In the history of legal thought in Western Europe during the Middle Ages, the 12th century constitutes a landmark. Until the middle of the eleventh century the traditional Germanic concepts of law and government continued to hold sway. When European society began to move out of the long winter of the Dark Ages into the springtime of a new civilisation they (d.i. die Germaanse konsepte – J.S.) came increasingly under attack. The revival of legal learning, which followed in the wake of the economic renaissance of the tenth and eleventh centuries, and which led to the intellectual rediscovery of Justinian Roman Law for the West early in the twelfth century, produced new ideas which engaged the older concepts in a contest for dominance. The patterns of thought which emerged have provided the conceptual framework for legal and constitutional development **up to the present day.** (my nadruk – J.S.)

Van ongeveer die einde van die 11de eeu tot met die Latere Renaissance in die 15de eeu het die Europese gemenereg, die *ius commune*, ontstaan. Die opkoms en ontwikkeling van dié regstelsel word in hierdie afdeling onder oë geneem.

Die Latynse woord *commune* word as volg in Smith en Lockwood (1976:128) omskryf: “common to several or all, common, general”. Die term *ius commune* slaan dus op algemene reg; dit word in Engels *common law* genoem en in Afrikaans *gemenereg*. Dit gaan hier om ’n stel onderliggende regsreëls wat die Europese regsisteem (onderskeibaar van die Engelse “common law”) onderlê en waarvan die onderdele alle aspekte met mekaar gemeen het.

Lesaffer (2013:241) gee die volgende omskrywing van die *ius commune*: “Het geleerde recht van de Middeleeuwen zoals dat aan de universiteiten werd bestudeerd en ontwikkeld”. Hierdie gemeenskaplike reg was ’n eg Europese fenomeen en het op twee pilare gerus: die Romeinse reg en die kerklike reg. Naas die studie van die Romeinse reg was ook die verdere uitbou van die kerklike reg een van die groot verwesenlikings van die 12de-eeuse Renaissance (Lesaffer 2013:237).

Soos hier bo beskryf, het regsontwikkeling in Europa prakties tot stilstand gekom vir 'n tydperk van ongeveer vyf eeue na die opstel van Justinianus se ambisieuse *Corpus Iuris Civilis*. Gedurende hierdie tydperk het daar dan ook min of meer geregtelike chaos geheers.

Tot die 11de eeu was opleiding in die vrye kunste, die *artes liberales*, die monopolie van die kloosters en abdye (Lesaffer 2013:226). Dit was dan ook in hierdie skole dat die intellektuele lewe volgens Lesaffer eerste herleef het. Deur die loop van die 11de eeu het al hoe meer stedelinge wat geen ambisie gehad het om priesters te word nie beroemde katedraalskole soos dié van Chartres, Amiens en Reims besoek. In die laat 11de eeu begin daar in Noord-Italië stedelike skole ontstaan wat in die hande van stadsbesture, en nie die kerk nie, was. Die skool in Bologna was so een.

Aan die begin van die 12de eeu kom daar 'n nuwe instelling by: dié van die universiteit – 'n instelling wat wesenlik verskil het van die skole omdat daar “hoër onderwys” aangebied is.¹⁷ Die oudste van hierdie universiteite was Salerno (vir geneeskunde) en Bologna (vir regsgeleerdheid). In Parys groei daar uit die Notre Dame-katedraalskool 'n teologiefakulteit en oral in die Weste kom daar in die loop van die 12de en 13de eeu universiteite by, soos die eerste universiteit in Engeland in 1167, naamlik Oxford. Hierdie universiteite het die ruggraat gevorm van 'n opkomende Europese intellektuele kultuur.

In Italië het die herinnering aan die grootse Romeinse reg bly voortbestaan, maar die *Digesta* van Justinianus het verdwyn. In die 11de eeu ontstaan daar 'n regskool in Pavia waar die Romeinse reg bestudeer is, maar die tipe reg wat hier onderrig is, was van mindere gehalte en dit is deur latere geleerdes “eselsreg”, *ius asinium*, genoem.

Toe, teen die einde van die 11de eeu, teen ongeveer 1070, duik 'n eksemplaar van die *Digesta* van Justinianus in Pisa op en vanaf 1110 gee Irenius daarvoor les in Bologna. Die Romeinse reg herleef as't ware en veral aan die regskool in Bologna het die getal navorsers en studente vinnig gegroei. Reeds voor 1200 is aanspraak gemaak daarop dat die

¹⁷ Hierdie uiteensetting van die omstandighede wat die oplewing in Noord-Italië voorafgegaan het, steun hoofsaaklik op Lesaffer (2013) se *Inleiding tot de Europese rechtsgeschiedenis*.

studentetal honderde, indien nie duisende nie, beloop het. Verskeie skole of rigtings het ontstaan, waaronder die glossatore en die ultramontani.

Die werk van die Middeleeuse regskole het gelei tot die aanvaarding van die Romeinse reg. Benewens die sekulêre regstelsels was daar ook nog die reg van die kerk, “which lived according to Roman law” (Van Caenegem 1991:118).

Die glossatore is só genoem as gevolg van hul metode om kommentaar (glosse) in die kantlyne van ’n teks te skryf. Deur hulle arbeid het die wetenskaplike bestudering van die Romeinse reg na verskeie ander Italiaanse stede asook na Frankryk en Engeland versprei. Die glossatore was regsgeleerdes wat die reg wetenskaplik bestudeer het en gesorg het dat regsgeleerdes voortaan die administrasie van die reg sou reël.

Die Romeinse reg het hoofsaaklik bekend geword deur die werk van prominente kommentatore soos Bartolus de Saxoferrato, ’n professor in Perugia, en een van sy studente, Baldus de Ubaldis. Lesaffer (2013:258) beskryf Baldus de Ubaldis as die tweede invloedrykste kommentator oor die Romeinse reg. Die kommentatore het die invoer van die Romeinse reg in die praktiese regspleging moontlik gemaak.

Die ultramontani was gebaseer by die Universiteit van Orleans. Hulle het ’n praktiese benadering tot die reg gehad en aandag bestee aan die reg van die praktyk (Kleyn 1989:195–200). Die ultramontani het die kanonieke reg amptelik erken en reëls vasgestel vir die resepsie van die kanonieke reg.

Van Caenegem (1991:128) som die uitkoms van bogemelde verrigtinge soos volg op:

The masters of Bologna (...) taught the *Corpus Iuris* to increasing and more and more sophisticated audiences. Soon, already in the twelfth century, the teaching of Roman Law, closely connected with that of Canon law, spread beyond the Italian frontiers. A new European science was born, a new legal system, common to learned legists and canonists all over Latin Christendom, Europe’s *jus commune*.

Die glossatore en die ultramontani het nog nie spesifiek na die *ius commune* of dié se voorgangers verwys nie. Dié kommentatore het egter die grondslag vir die internasionale

privaatreg gelê en miskien die belangrikste rol gespeel in die ontwikkeling van die *ius commune*. As gevolg van die werk van die universiteite en die invloed van die kerkreg het 'n regstelsel dus tot stand gekom wat in essensie die voorloper was van die *ius commune*.

Van Zyl (1983:226–227) bespreek die oorsprong in Europa van Romeinsregtelike konsepte, 'n proses wat hy meen onvermydelik daartoe gelei het dat “die verskillende Europese regstelsels algaande nader aan mekaar sou beweeg totdat 'n stadium bereik sou word waar daar van 'n Europese ‘gemenereg’ oftewel *ius commune* gepraat sou kon word.”

Hierdie totstandkoming was meer as die optelsom van die klassieke Romeinse reg en die kanonieke reg. Lesaffer (2013:241) beskryf die proses so:

Als scholastici ambieerden de commentatoren en decretalisten om voor elk juridisch probleem één heldere, eenduidige en onaanvechtbare oplossing te krijgen. De grote commentatoren en decretalisten van de 14de eeuw kwamen tot de articulatie van een massa aan rechtsregels, concepten en instellingen die hun wortels hadden in de Romeinse en canonieke teksttradities, maar die tegelijk overstegen.

Uit die term “gemenereg” (*ius commune*) kan afgelei word dat daar konsensus moes bestaan oor 'n spesifieke saak en die reg wat daarop van toepassing is. Volgens Lesaffer (2013:265) was die *ius commune* die bewys dat die reg algemeen in die Latynse Weste aanvaar is.

In die tyd van die 11de tot die 14de eeu “voltrok zich de overgang van de primitieve naar het geëvolueerde strafrecht” (Van Caenegem 1954:1). Met die herlewing in die 12de eeu word die antieke reg die verwysingspunt van die Europese reg en lê dit die grondslag van die moderne Europese reg.

In die Europese Unie is daar tans 'n debat aan die gang oor die wenslikheid om 'n nuwe *ius commune* vir 'n verenigde Europa te skep (Van Caenegem 2001:26). Dit sal 'n eenvormige gemenereg wees vir die lande wat deel is van die Europese Unie en sal in die plek kom van die bestaande nasionale regsregimes. Daar is sterk teenkating teen dié voorstel. Gegewe die ontevredenheid oor bestaande instellings soos die Hof vir Menseregte, is dit onwaarskynlik dat hierdie ideaal gou verwesenlik sal word, indien ooit. Van Caenegem gee 'n gedetailleerde oorsig van hierdie voorstel en van die argumente daarvoor en daarteen

(Van Caenegem 2002:26–33). Die *ius commune* bly 'n prominente deel van die Europese gesprek, maar dit is te betwyfel of dit ooit vervang sal word deur 'n “nuwe” *ius commune*.

4.6. Samevatting en vooruitskouing

In hierdie hoofstuk is daar oorsigtelik gekyk na die lang ontwikkeling van 'n gemene Europese regstelsel, wat 'n belangrike voorloper was van die hedendaagse Suid-Afrikaanse regstelsel. Daar is gekonsentreer op die regsontwikkeling van die Middeleeue omdat dit van belang is in 'n ontleding van die *Reinaert*. Daar is gewys op die Romeinsregtelike basis van die reg, die belang van die kerklike reg en ook die Germaanse gewoontereg wat in die 13de eeu, toe die *Reinaert* geskryf is, aan't evolueer was na die *ius commune*.

In die volgende hoofstuk word 'n kensketsing van die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel gegee – 'n verdere stap in die evoluering van die reg.

HOOFSTUK 5

DIE SUID-AFRIKAANSE REGSTELSEL

Suid-Afrika het 'n multikulturele samelewing waarin verskillende regstelsels nagestreef word. (...) Eng vertolk, kan (regspluralisme) gesien word as die naasbestaan van verskillende regstelsels wat amptelik deur die staat erken word (Van Niekerk 2010:3).

5.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is 'n kort oorsig gegee oor die Europese regsgeskiedenis tot en met die waarskynlike ontstaansdatum van die *Reinaert*, waarskynlik in die eerste helfte van die 13de eeu – in die laat Middeleeue dus. Die oorsig in Hoofstuk 4 het ten doel gehad om 'n goeie idee te gee van die heersende regstelsel toe die *Reinaert* geskryf is.

In hierdie hoofstuk val die soeklig op die Suid-Afrikaanse regstelsel. Teen hierdie agtergrond sal 'n vergelyking dan in Hoofstuk 6 getref word tussen die regsproses in die *Reinaert* en dié in die hedendaagse Suid-Afrikaanse regstelsel – veral wat die straf- en strafprosesreg betref.

5.2 Kensketsing van die Suid-Afrikaanse reg

Terwyl daar algemeen aanvaar word dat die Romeins-Hollandse reg op die gebied van die privaatrek gegeld het, was daar aansienlike Engelsregtelike invloed op die verhouding tussen die staat en sy burgers (Coertze 1937:3). In sy intreerede by die Universiteit van Pretoria haal Coertze (1937:3) soos volg aan uit die uitspraak van Lord de Villiers in die saak *Binda vs The Colonial Government* van 1887 (5.S.C.290):

I have not however thought it necessary to enter into a thorough investigation of the Roman and Dutch laws on the subject, because the legal relations subsisting between the Government and its officials must, to a great extent, depend on the law of England.

Veral op die gebied van maatskappyereg en strafreg is die Suid-Afrikaanse wetgewing in 'n groot mate geskoei op Britse wetgewing en dus ook ander jurisdiksies.

Die Suid-Afrikaanse regstelsel kan dus beskryf word as 'n gemengde stelsel met elemente van beide Romeins-Hollandse reg en Engelse reg. Die Romeins-Hollandse invloed is veral duidelik te sien in die privaatreë terwyl die verhouding tussen die staat en sy onderdane (die publiekereg) 'n sterker Engelse (en internasionale) invloed toon, veral wat betref die strafprosesreg.

Saam met die Romeins-Europese regsfamilie vorm die Anglo-Amerikaanse regsfamilie die kern van wat as die "Westerse reg" beskryf kan word (Van Zyl 1981:169). Dit is hierdie Westerse regsbeginsels waarop die Suid-Afrikaanse regstelsel volgens Middleton (1983:xv) geskoei is:

The criminal law which prevails in South Africa today is generally accepted to be the product, not of indigenous growth, but of certain Western legal thinking transplanted to the Cape of Good Hope by the early settlers. If, therefore, the study of past legal developments is to have the more positive value of helping to explain and elucidate the principles applied in South Africa today, it must be devoted to the history of the transplanted law.

Die Romeinse reg het egter betreklik min invloed op die Engelse *common law* gehad (Van Zyl 1983:169). Die Engelse *common law* lê veel meer klem op publiekregtelike aangeleenthede soos proses- en bewysreg as die Romeins-Europese regsfamilie. Hoe die twee regstelsels saam bygedra het tot die moderne Suid-Afrikaanse reg, is die onderwerp van hierdie hoofstuk.

Middleton (1983:498) skryf soos volg oor die invloed van die Romeins-Hollandse reg op die Engelse reg (en andersom):

Not the least important of the unobtrusive way in which the English law infiltrated the Roman-Dutch system was, of course, the deliberate appointment of British-trained jurists at the Cape who tended,

sometimes unconsciously, to apply English principles to the Roman-Dutch law.

In hierdie verband verwys Middleton (1983:499) na die invoering van die presedentereël, ook bekend as die *stare decisis*-leer. Alhoewel daar min elemente van die Romeinse reg in die Engelse reg was, blyk dit dat die twee stelsels genoeg gemeen gehad het om simbioties te kon bestaan.

Alhoewel daar voorstanders van kodifikasie was, is die Suid-Afrikaanse regstelsel, anders as die moderne Europese regstelsels soos die Franse, Nederlandse en Duitse stelsels, nie gekodifiseer nie. Die mees prominente voorstander van kodifikasie was waarskynlik Sir John Wessels (Edwards 1995:366). Die moderne konsensus in Brittanje is egter ook teen kodifikasie (Edwards 1995:504).

Suid-Afrika, 'n land met baie kulture en tradisies, het bowendien ook 'n regstelsel wat getuig van regspluralisme (Van Niekerk 2010:3), dit wil sê die naas mekaar bestaan van verskillende regstelsels. Naas die Romeins-Europese stelsel wat deur die Engelse reg beïnvloed is, het ook die gewoontereg 'n beperkte mate van regsgeldigheid in Suid-Afrika (Van Niekerk 2010:3).¹⁸ Die gewoontereg is die enigste regstelsel van die vroeëre bewoners van die land (met name die swart inwoners). In die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel vertoon hierdie pluralisme 'n Westerse komponent (met Romeins-Europese en Engelse kenmerke), 'n inheemse Afrika-komponent en 'n universele komponent. Dit is veral duidelik te sien in die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Met die koms van die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika in 1994 is meer klem geplaas op die feit dat Suid-Afrika 'n multikulturele land is waarin verskeie regstelsels nageleef word (Van Niekerk 2010:3). In navolging van hierdie siening is aan verskeie gewoonteregtelike stelsels in wetgewing erkenning gegee. So is daar in 1996 erkenning gegee aan die gelykheid van vrouens en mans in Joodse huwelike en het die hof die bevoegdheid om 'n egskeidingsbevel te weier indien een van die partye deur godsdienstige reg verhinder sou word om weer te trou (Van Niekerk 2010:11).

¹⁸ Omdat die inheemse gewoontereg min relevansie het vir hierdie ontleding van die *Reinaert*, word nie verder daarop ingegaan nie.

Ook in navolging van die erkenning en bevordering van regspluralisme in Suid-Afrika is wetgewing soos die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike (Nr. 120 van 1998) en die wysiging aan die Wet op Intestate Erfopvolging (Nr. 81 van 1987) (Van Niekerk 2010:7) ná 1994 gepromulgeer.

Alhoewel daar in verskeie statute erkenning gegee is aan die feit dat daar verskillende regstelsels in Suid-Afrika bestaan, het dit nie die regstelsel wat voor 1994 bestaan het, geaffekteer nie (Van Niekerk 2010:14).

5.3 Romeins-Hollandse reg (14de tot 17de eeu)

In hierdie afdeling val die fokus op die resepsie van die Romeinse reg in die Nederlande en die totstandkoming van die Romeins-Hollandse reg in Nederland in die 16de en 17de eeu.

Toe Van Riebeeck, 'n werknemer van die VOC, in die Kaap voet aan wal gesit het, was die Romeins-Hollandse regstelsel die dominante regstelsel in Nederland vanweë die prominensie van die provinsie Holland (Edwards 1995:322).

Hierdie regstelsel is 'n amalgamasie van die Romeinse reg, soos vervat in veral die *Corpus Iuris Civilis* van Justinianus, en die plaaslike reg van veral die provinsie Holland.

Die term "Romeins-Hollandse reg" is vir die eerste keer in 1664 deur Simon van Leeuwen in sy werk *Het Rooms-Hollands Recht* gebruik. Die bloeitydperk van hierdie regstelsel was die tydperk van De Vrije Republiek van de Verenigde Nederlanden (Van Zyl 1983:345) waartydens die verversingstasie aan die Kaap gevestig is. Dit was dus vanselfsprekend dat hierdie regstelsel aan die Kaap sou geld.

Die Romeinse reg is goed gedokumenteer in die *Corpus Iuris Civilis*, maar minder goeie dokumentasie is beskikbaar oor die Hollandse regstelsel voordat dit deur die Romeinse reg beïnvloed is. Vir inligting hieroor is ons aangewese op Julius Caesar se *De Bello Gallico* en Cornelius Tacitus se *De origine et situ Germanorum*. Beide skrywers het dit oor die Germaanse stamme in wat vandag bekend staan as die Lae Lande. Volgens Caesar was die klem op die groep of clan en dit wil voorkom

asof daar gedurende hierdie tydperk (Caesar het in 56 v.C. geskryf) min sprake van individuele aanspreeklikheid was, veral in gevalle waar 'n leier of hoof van 'n clan 'n groot gevolg gehad het (Middleton 1983:3–4).

Die regsproses was eweneens informeel en tot 'n groot mate ongeorden. Van formele howe soos wat vandag bestaan, was daar min sprake. Die hoogste gesag in 'n stam was gevestig in 'n stamraad waaraan alle wapendraende stamlede behoort het. Die stamraad het op hulle byeenkomste veral besluite geneem oor die toepassing van die reg wat nog ongeskrewe was (Edwards 1995:295). Opsommenderwyse kan gesê word dat daar onder die Germaanse stamme min sprake van 'n georganiseerde strafregstelsel was (Middleton 1983:5).

Mettertyd, veral met die vestiging en ontwikkeling van dorpe, het daar egter 'n behoefte ontstaan aan 'n regstelsel wat sou voldoen aan die vereistes van 'n groeiende handel en nywerheid (Edwards 1995:301). Met die Republiek van die Verenigde Nederlande het 'n belangrike fase van die Nederlandse regsontwikkeling aangebreek (Van Zyl 1983:292).

Die resepsie van die Romeinse reg was 'n geleidelike proses wat begin het met die toepassing van Romeinsregtelike reëls in geïsoleerde gevalle en die invoeging van hierdie reëls in inheemse gewoontereg (Edwards 1995:304). Dit het oor 'n periode van eeue plaasgevind totdat die inheemse Germaanse (Hollandse) stamme die Romeinse reg as 'n positiewe regstelsel aanvaar het (Edwards 1995:305).

Hierdie ontwikkeling het gelei tot die verdere resepsie van die Romeinse reg in Nederland en spesifiek in Holland, veral met die stigting van die Universiteit van Leiden in 1575 asook universiteite soos Franeker, Harderwijk, Groningen en Utrecht in die vroeë 1600's.

Die werksaamhede van regsgeleerdes aan hierdie ander universiteite het 'n belangrike rol in die resepsieproses gespeel (Van Zyl 1983:314) en heel waarskynlik sou hulle insette 'n belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling van 'n koherente Romeins-Hollandse regstelsel.

Die tydperk van die Republiek van die Verenigde Nederlande word ook beskou as die bloeitydperk van die Romeins-Hollandse reg en van die Nederlandse regswetenskap,

veral in die 17de eeu, wat beskou kan word as die bloeitydperk van die Romeins-Hollandse reg en regs wetenskap in die algemeen (Van Zyl 1983:345).

Die resepsie van die Romeinse reg in die Nederlande het die Romeinse regstelsel sekuur gevestig as 'n bron van die reg. In sommige opsigte was die Romeinse reg die primêre regsbron, veral omdat dit soms moeilik was om die relevante gewoontereg te bewys (Van Zyl 1983:315). Verskeie skrywers het ook bygedra tot die ontwikkeling van wat bekend geword het as die Romeins-Hollandse reg.

Dit was gedurende die tydperk waarin die Romeins-Hollandse reg ontwikkel het wat die VOC se verversingstasie aan die Kaap gevestig is (Van Zyl 1983:345).

5.4 Die VOC-tydperk aan die Kaap die Goeie Hoop (1652–1806)¹⁹

Die Hollandse strafreg soos dit in 1652 gelyk het, is die saadjie waaruit die moderne Suid-Afrikaanse strafreg ontstaan het (Burchell en Milton 1991:19). Die toepassing van die regstelsel aan die Kaap was egter, om die minste te sê, alles behalwe bevredigend.

Gedurende die Nederlandse bewind is Philip II se strafprosesordonnansie van 1570 gevolg. Die proses was inkwisitories. Marteling is gebruik om bekentenisse te bekom en strawwe was barbaars en wreed. In navolging van die situasie in Europa, insluitende Nederland, is die doodstraf vir 'n wye verskeidenheid oortredings opgelê. Dit is toegepas deur onder andere gebruik te maak van die galg, onthoofding, radbraking (die liggaam is op 'n wiel gebreek), verwurging, verdrinking, versmoring en verbranding (Burchell & Milton 1991:15). Strawwe vir mindere oortredings het lyfstraf, diens as 'n openbare slaaf en ander vernederende behandeling ingesluit. Gevangenisstraf is selde opgelê, omdat gevangenis gebruik is vir aanhouding en nie vir straf nie (Burchell & Milton 1991:15). Vir drosting is slawe gewoonlik gebrandmerk sodat hulle lewenslank geskend is, selfs al het hulle die doodstraf vrygespring.

¹⁹ In die uiteensetting wat volg, val die klem veral op die strafreg omdat dit in die verhoor van Reinaert die vos sentraal staan.

Hierdie brutale strawwe en die inkwisoriese verhoorproses is in 1806 tydens die tweede Britse besetting afgeskaf (Burchell & Milton 1991:20). Sedertdien is die akkusatoriese proses in Suid-Afrika in gebruik (Burchell & Milton 1991:20).

In die VOC-tyd berus die uitvoering van die regsprosedure by die Raad van Justisie aan die Kaap. Die statutêre reëlings wat betref straf- en siviele prosesreg was egter onseker en verwarrend. Middleton (1983:503) lewer as volg kommentaar op die situasie aan die Kaap:

Court records revealed that apart from the local statutes, statutes from Batavia, the so-called New Statutes of India as well as statutes from the Province of Holland in the Netherlands found application at the Cape.

Die Raad van Justisie het in 1715 'n versoekskrif aan die politieke raad in Batavia (in wat vandag bekend staan as Indonesië) gestuur waarin hulle versoek het dat die statute van Batavia, die Romeinse reg en die "hedendaagse reg" van toepassing gemaak word in die Kaap. Dit blyk egter dat daar nie aan hierdie versoek voldoen is nie. Dit op sigself is 'n simptoem van die verwarring wat aan die Kaap geheers het met betrekking tot die toepaslike statutêre bepalings by die beoordeling van dispute en kriminele vervolgings (Middleton 1983:502).

Die feit dat die lede van die Raad van Justisie wat as siviele en strafregtelike hof aangestel is dikwels amptenare en burgers sonder regskwalifikasies was (Burchell & Milton 1991:19), het tot die onbevredigende toestand bygedra. Die meeste van die vroeë manlike immigrante aan die Kaap was ongeletterd of net half geletterd (Giliomee 2004:4) en gevolglik was daar nie sprake van 'n behoorlik gekonstitueerde hofstelsel nie.

Dit is in kontras met die posisie in Holland waar daar 'n verskeidenheid howe was, byvoorbeeld die howe van grawe, balju's, skout, skepene en heemrade, om net 'n paar te noem. Vermoedelik was so 'n gesofistikeerde, omvattende stelsel nie haalbaar in 'n buitepos soos die Kaap nie en is die hofstelsel aan die Kaap aansienlik vereenvoudig. Uiteindelik was dit beperk tot die landdroste en heemrade se kolleges (Ferreira 1979:1–2).

Die amp van landdros is teen 1685 ingestel, maar daar was min sprake van 'n skeiding van magte. Die landdros was terselfdertyd 'n polisiebeampte en openbare aanklaer voor die Raad van Justisie in die distrik waar 'n misdadig gepleeg is (Ferreira 1979:8). Eers onder die latere Britse bewind sou hierdie tekortkominge aangespreek word.

Die stelsel aan die Kaap het in die vroeë jare gelei tot 'n onbevredigende toepassing van die reg en veral tot 'n arbitrêre stelsel van strawwe. In latere jare het dit gelei tot verwarring in Suid-Afrikaanse howe (Middleton 1983:503).

Hierdie onbevredigende situasie sou eers met Ordonnansie 50 van 1828 finaal aangespreek word. Met hierdie Ordonnansie is die strafprosesreg aan die Kaap, en mettertyd in ander Suid-Afrikaanse gebiede wat onder Britse heerskappy gekom het, in ooreenstemming gebring met wat beskou kan word as algemeen aanvaarbare, beskaafde standaarde.

5.5 Britse besetting en koloniserings van die Kaap

Die Romeins-Hollandse reg, soos beskryf in afdeling 5.3 hier bo, was die heersende regstelsel wat in 1652 deur die amptenare van die VOC na die Kaap de Goede Hoop gebring is. Hierdie regstelsel was geen stagnerende reg nie, maar 'n lewenskragtige stelsel wat hom na die omstandighede kon plooi. In Suid-Afrika het dit beteken dat die Engelse reg wat die Britse koloniste na die Kaap gebring het, moes rekening hou met bestaande Romeins-Hollandse beginsels. Die bestaande reg aan die Kaap is dus nie vervang nie, maar die Engelse invloed is veral in die prosesreg en kommersiële reg sigbaar.

Op geen stadium is die Romeins-Hollandse regstelsel aan die Kaap na koloniserings met die Engelse reg vervang nie. Die Hollandse regstelsel is onveranderd gelaat en die substantiewe reg in Suid-Afrika is geskoei op die Romeins-Hollandse reg. Daar was egter belangrike ingryping deur die Britse owerheid wat die prosesreg betref.

5.5.1 Die eerste Britse besetting (1795–1803)

'n Reeks mindere wysigings is met die eerste Britse besetting van die Kaap in September 1795 in die strafregprosedure gepromulgeer. Die belangrikste was die volgende:

- (a) die afskaffing van marteling en wrede strawwe waaronder radbraking, verbranding en verdrinking; en
- (b) die vervanging van Nederlands deur Engels as die amptelike taal van die howe.

Daarbenewens is begin met die vervanging van die inkwisoriese regstelsel deur 'n akkusatoriese stelsel. Ingevolge die inkwisoriese stelsel het die voorsittende beampte 'n aktiewe rol in die verrigtinge vervul en kon hy die beskuldigde onder kruisverhoor neem. In die akkusatoriese stelsel het die voorsittende beampte 'n objektiewe rol vervul. Buiten om uitspraak te lewer en te vonnis, het hy nie aan die verrigtinge deelgeneem nie. Daarbenewens is die beskuldigde nie verplig om getuienis te lewer of om vrae te beantwoord nie (Burchell & Milton 1991:20).

Die akkusatoriese stelsel is steeds 'n belangrike element van die Suid-Afrikaanse strafprosesreg, soos ook die afwesigheid van wrede strawwe, 'n beginsel wat nou ook vervat is in die Grondwet van Suid-Afrika.

5.5.2 Die tweede besetting (1806)

Brittanje het aanvanklik besluit om te verhoed dat die Franse regering die Kaap oorneem, omdat die Kaap belangrik was vir die Britse regering se belange in Indië (Edwards 1995:349). In 1806 beset Brittanje die Kaap vir die tweede keer en word die Bataafse Republiek se beheer beëindig (Giliomee 2004:79).

Na hierdie tweede besetting is 'n proklamasie in 1813 uitgereik dat die beskuldigde 'n reg het om 'n geskrewe klagstaat te ontvang en dat geregtelike verrigtinge voortaan in 'n ope hof sou plaasvind (Burchell & Milton 1991:17). Dit is nie bekend of die beginsel van openbare regsprosedures onder die Hollandse bewind toegepas is nie, maar daar kan aanvaar word dat hierdie prosedure toe al gevolg is, omdat dit die geval was gedurende die eeue voor 1652.

In 1819 is wetgewing ingestel ingevolge waarvan 'n beskuldigde geregtig sou wees op regsverteenvoordinging; hierdie reg was reeds lankal gevestig in die stelsel wat met die Nederlanders na die Kaap gekom het (Burchell en Milton 1991:17).

Ordonnansie 50 van 1828 het die strafprosedure in die Kaapkolonie aansienlik gewysig om dit in ooreenstemming te bring met die prosedure in die Britse howe (veral die strafhowe). Alvorens hierdie Ordonnansie in detail bespreek word, is dit egter nodig om eers kortliks na die Engelse reg te kyk en in besonder na die invloed van kanonieke reg op die Engelse regstelsel.

5.5.3 Die Engelse regstelsel

Kanonieke reg het deel gevorm van die geleerde reg, of *ius commune*, en gevolglik van die algemeen geldende regstelsels wat mettertyd die fondament geword het waarop die Engelse strafprosesreg, en gevolglik die Suid-Afrikaanse strafprosesreg, gebou is.

Van belang is die feit dat die kanonieke reg belangrike elemente van die Romeinse reg bevat het. Die kanonieke reg het uitgebreid van die Romeinse reg geleen en gevolglik het twee dinamiese stelsels, Romeinse reg en kanonieke reg, in die Wes-Europese reg behoue gebly (Kleyn 1987:333).

Dit is hierdie gemengde Romeins-Hollandse en Engelse regstelsel wat die basis gevorm het van die latere Romeins-Hollandse regstelsel aan die Kaap en in die huidige Suid-Afrika.

Hendrik VIII (koning van Engeland vanaf 1509 tot 1547) was primêr verantwoordelik vir die breuk tussen Engeland en die Katolieke Kerk wat die draer was van die kanonieke regstelsel. Hy was voortdurend in konflik met die Katolieke Kerk van die dag en het tussen 1532 en 1537 selfs 'n aantal maatreëls ingestel om die kerk se invloed te ondergrawe.

Na die breuk tussen Hendrik VIII en die kerk het die band tussen die Britse monargie en die Rooms-Katolieke Kerk ontbind en het die kanonieke reg as die primêre reg in Engeland weggeval. Dit het Hendrik VIII oorkom deur die kanonieke reg te proklameer as die nasionale reg (natuurlik onderhewig aan die bepalings van die Romeinse reg wat toe al deel gevorm het van die regstelsel). Op hierdie wyse het die bepalings van die kanonieke reg deel geword van die Engelse reg.

In die strafreg het die kanonieke reg 'n belangrike rol gespeel, onder andere deur die beweerde boosdoener se bedoeling te beklemtoon. In hierdie opsig, soos in vele ander, het die kanonieke reg die streng aanspreeklikheid van die Romeinsregtelike beginsels getemper (Kleyn 1987:340).

Die invloed van die kanonieke reg is mettertyd beperk. Eerstens is die kerk se bevoegdheid om kerkampnare vir oortredings van die strafreg in Engeland te vervolg in George IV se tyd (1820–1830) weggeneem. Hierdie sake is oorgeplaas na die sekulêre howe (Mortimer 1953:63). Die kerk, en gevolglik die kanonieke reg, se posisie is verder beperk deur die afskaffing van verpligte tiendes aan die kerk, die kansellering van kerkhowe se magte om die eksekusie van testamente te beheer en laastens deur terugtrekking van die kerklike howe se reg om die geldigheid van huwelikskontrakte te beoordeel en om bevele van egskeiding uit te reik (Mortimer 1953:66).

Reste van die kanonieke reg het ook in Suid-Afrika oorgebly, waaronder Ordonnansie 50 van 1828. Die afskaffing van verpligte tiendes aan die kerk, die kansellering van kerkhowe se magte om die eksekusie van testamente te beheer en terugtrekking van die kerklike howe se reg om die geldigheid van huwelikskontrakte te beoordeel en om bevele van egskeiding uit te reik, is met die inwerkingtreding van dié Ordonnansie in die Kaap ingestel.

5.5.4 Ordonnansie 50 van 1828

Hierdie Ordonnansie het die toepassing van die Engelse regstelsel in die kolonies, en meer spesifiek in die Kaapkolonie, beïnvloed.

Voor die inwerkingtreding van Ordonnansie 50 van 1828 het die Britse owerheid reeds stappe geneem om die chaotiese en uitgediende regstelsel, veral die strafregstelsel, aan die Kaap te verbeter. In afdeling 5.5.1 is reeds verwys na wrede strawwe wat in 1806 verbied is en die vervanging van Nederlands deur Engels as die amptelike hoftaal in 1825. Benewens hierdie wysigings of hervormings maak die *Charter of Justice* (1827) voorsiening vir die instelling van howe wat in kleinere siviele sake en in sekere strafsake jurisdiksie sou hê.

Hierdie ontwikkelings het gekulmineer in Ordonnansie 50 van 1828. Die promulgasie van hierdie Ordonnansie het sy oorsprong gehad in ongeveer 1822 toe Wilberforce, 'n vegter vir die regte van slawe en verdrukke inboorlinge, die Britse parlement toegesprek het oor die toestand van die slawe en Hottentotte²⁰ (Khoi-Khoi) aan die Kaap. Die gevolg was 'n besluit om die koning te versoek om 'n kommissie van ondersoek aan te stel. Dit is dan ook gedoen en as kommissaris is majoor W.M.G. Colebrooke en mnr. John Thomas Bigge aangestel (Ferreira 1979:8). Hulle het ondersoek ingestel na alle aspekte van die regspleging, waaronder die rol van die landdroste en heemrade (Ferreira 1979:8).

Die verslag van hierdie kommissie is een van die belangrikste dokumente in die regsgeskiedenis van Suid-Afrika. Dit het gelei tot die uitvaardiging van 'n hele aantal ordonnansies wat die inwerkingstelling van prosedurele veranderinge ten doel gehad het. Die ordonnansies het die weg gebaan vir die moderne strafprosesreg in Suid-Afrika en het beginsels vasgelê wat vandag nog in die Suid-Afrikaanse strafprosedure resoneer.

Die kommissie was krities oor die regswerk van landdroste en heemrade en wou die uitgediende regstelsel, veral die strafregstelsel, aan die Kaap verbeter. Hulle was veral bevooroordeeld wat betref die "coloured classes". Kritiek is ook uitgesprek oor die feit dat hulle pligte dikwels weg van die openbare oog uitgevoer is. Die toepassing van lyfstraf op werkers is verbied asook die eie reg om veediewe te straf. Benewens hierdie wysigings of hervormings maak die *Charter of Justice* van 1827 voorsiening vir die instelling van howe wat in kleinere siviele sake en in sekere strafsake jurisdiksie sou hê.

Herman Giliomee beklemtoon die bepalings in die Ordonnansie wat die Khoisan in 'n gelyke regsposisie met blanke burgers geplaas het. Hy som die effek van die Ordonnansie (wat volgens hom hoofsaaklik die werk van die Skotse sendeling Philip en die Afrikaner Stockenstrom was) soos volg op:

Dit was 'n merkwaardige prestasie. (...) Min ander samelewings in die wêreld het in so 'n vroeë stadium gedwonge arbeid by wyse

²⁰ In 1828 was "Hottentotte" die algemeen-gebruikte naam vir die bevolkingsgroep wat vandag bekend staan as die Khoi-Khoi.

van wetgewing afgeskaf en vrye arbeid en nierassigheid ingestel (Giliomee 2004:66).

Afgesien van die ingrypende wysigings met betrekking tot die status van die Khoi-Khoin (en tot 'n mindere mate die slawe) wat deur die Ordonnansie ingestel is, bevat die Ordonnansie ook belangrike bepalings met betrekking tot die toepassing van die strafreg en strafprosesreg in die Kolonie.

Giliomee en Mbenga (2007) som die effek van hierdie Ordonnansie in Hoofstuk 3 van hulle boek *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* op. Dit kom daarop neer dat 'n onafhanklike regstelsel geskep is wat moes waak teen beide arbitrêre magismisbruik en korrupsie onder amptenare. In samehang hiermee is 'n nuwe hooggeregshof aangestel onder leiding van 'n hoofregter en prokureur-generaal. In die laer howe is landdroste vervang deur magistrate en voorsiening is gemaak vir 'n meer doeltreffende en eerlike staatsdiens.

Alhoewel Ordonnansie 50 van 1828 dus ingrypende veranderings aangebring het aan die prosedure wat in 'n strafsak gevolg word, wyk dit nie veel af van die prosedure wat sedert vroeë tye en ook in *Reinaert* se verhoor gegeld het nie (soos wat in Hoofstuk 6 aangetoon word). Ook as die prosedure in die *Reinaert*-verhoor vergelyk word met dié wat deur Ordonnansie 50 van 1828 ingevoer is, is daar slegs detailverskille en nie substansiële verskille nie.

In wese het die Suid-Afrikaanse strafregproses die beginsels behou wat so lank gelede as die 13de eeu reeds gegeld het. Die invoer van Britse prosedures het bloot gehelp om 'n meer regverdige verhoor te verseker. Daar kan dus gekonstateer word dat die huidige Suid-Afrikaanse strafregproses 'n amalgamasie is van prosedures wat in tribunale soos die hof van die koning in die *Reinaert* gegeld het met die beste elemente uit die Engelse reg.

5.6 Samevatting en vooruitskouing

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoe die een-en-twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse regstelsel ontwikkel het vanaf die koms van die VOC wat die Romeins-Hollandse reg na die Kaap die Goeie hoop gebring het in die laaste helfte van die 17de eeu. Wat sekere aspekte soos die prosesreg betref, word dit later sterk beïnvloed deur die heersende Britse reg. Veral Ordonnansie 50 van 1826 verander belangrike aspekte van die toe heersende regstelsel.

In Hoofstuk 6 word hierdie moderne regstelsel vergelyk met die regsproses wat in die Middeleeuse diere-epos *Vanden vos Reynaerde* aangetref word.

HOOFSTUK 6

VANDEN VOS REYNAERDE EN DIE MODERNE SUID-AFRIKAANSE REGSTELSEL: 'n TEKSGBASEERDE VERGELYKING

One practice within the law and literature movement is the study of literary re-presentations of the law as their subject matter, including law, trials courtrooms and legal themes (...) European literature of the Middle Ages, English and German as well as French, bears the imprint of a marked preoccupation with law. (Gravdal 1992:2)

6.1 Inleiding

In Hoofstuk 3 is die brug geslaan tussen die Middeleeuse epos en die voortlewing daarvan in Suid-Afrika by wyse van vertalings, herskeppings en die bekende jakkals-en-wolfstories wat vandag as deel van die Afrikaanse volksverhaalskat beskou word.

Nadat die ontwikkeling van die Europese en meer bepaald ook die Hollandse regstelsel vanaf die Middeleeue (in Hoofstuk 4) en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel (in Hoofstuk 5) kortliks geskets is, kan die sentrale vraag in hierdie verhandeling aan bod kom: watter ooreenkomste en verskille is daar tussen die hofsaak en -verrigtinge in *Vanden vos Reynaerde* (verder die *Reinaert*) en die moderne straf(proses)reg in Suid-Afrika?

Die sentrale gebeurtenis in die *Reinaert* is dié van die hofsaak. Reinaert die vos verskyn naamlik voor koning Nobel die leeu nadat 'n aantal diere oor hom en sy gedrag gekla het. Die epos bied daardeur 'n ingeligte blik op die regsprosedure van die 12de en 13de eeu (die *Reinaert* is waarskynlik in die eerste helfte van die 13de eeu geskryf; kyk Hoofstuk 2).

Die juridiese aspekte van die teks is wel al voorheen deeglik ondersoek (vergelyk byvoorbeeld onder andere Jacoby 1970, Lulofs 1983 in sy inleiding tot die *Reinaert* asook in die breedvoerige aantekeninge by die teks, Slings 1999 en Lippevelde 2012), maar sover vasgestel kan word, is daar nog geen studie gedoen oor die verband tussen die regstelsel (in besonder die strafregstelsel) van die Lae Lande en dié van Suid-Afrika nie. (Waarom hierdie verhandeling juis dié aspek wou ondersoek, word in Hoofstuk 1 gemotiveer.)

Daar kan aanvaar word dat daar wel verskille, en miskien selfs aansienlike verskille, tussen die twee regstelsels bestaan. Nie alleen skei byna agt eeue ons van die vervolging van die vos nie, maar ons weet ook dat die Westerse regstelsel eers vanaf die 12de eeu behoorlik beslag gekry en op gang gekom het en dat die Romeins-Hollandse reg veral in die 17de eeu (belangrik vir die Suid-Afrikaanse konteks) 'n besondere bloeitydperk beleef het. Maar vanweë 'n gedeelte verlede sal dit nie verrassend wees as daar ook groot ooreenkomste tussen die onderskeie regstelsels bestaan nie.

Lippevelde (2012) het in haar meestersverhandeling “Het recht in het Middelnederlandse dierenepos Van den vos Reynaerde” 'n tekskritiese analise van elke juridiese toneel in die *Reinaert* onderneem. Omdat 'n mens sekerlik nie Lippevelde se werk wil herhaal nie, sal volstaan word met 'n kort opsomming van haar belangrikste gevolgtrekkings.

Lippevelde (2012:109) was onder andere geïnteresseerd daarin om vas te stel

of het beskrywen recht in Van den vos Reynaerde in ooreenstemming was met het toenmalig geldende straf- en strafprocesrecht, zijnde het recht van het twaalfde en dertiende-eeuwse Vlaanderen, zoals beskrywen door Van Caenegem.

Sy verwys hier na die twee werke waarin R.C. van Caenegem deeglik verslag doen van die Middeleeuse reg in Vlaandere: *Geschiedenis van het Strafrecht in Vlaanderen van de XIe- tot de XIVe eeuw* (1954) en *Geschiedenis van het Strafprocesrecht in Vlaanderen van de XIe- tot de XIVe eeuw* (1956).

Lippevelde doen 'n baie noukeurige teksanalise van die *Reinaert* en som haar bevindinge so op: “In de meerderheid van de juridische passages, komt het recht in de literatuur overeen met het recht in de werkelijkheid.” (2012:109) Sy kom tot hierdie gevolgtrekking deur te kyk na die volgende aspekte van die heersende Vlaamse reg: die korrekte gebruik van juridiese terminologie; die korrekte toepassing van bewysreëls (soos byvoorbeeld die eed van onskuld en die feit dat die diere hulle klagtes teen *Reinaert* met bewyse moes staaf); voldoening aan die formele prosesreg oftewel regsformalisme; die korrekte vertolking van juridiese rolle (byvoorbeeld om as woordvoerder of as klaende party op te tree); die nakoming van die prosesreëls, en so meer.

Met verwysing na die manier waarop die outeur van die *Reinaert* aspekte van die 12de- en 13de-eeuse samelewing soos die “soendinc”, die vete, die belang van die gekrenkte familie-eer van Reinaert se familie en die belangrike kwessie van die clan en familiebande in die samelewing in die epos integreer, merk sy op: “We kunnen hem (dit is Willem, die outeur – J.S.) bijna niet betrappen op discrepanties tussen de juridische werkelijkheid en de toenmalige maatschappelijke werkelijkheid.” (Lippevelde 2012:110)

Ook wat betref die strafmaat, straftoemeting en die klassifikasie van die misdrywe in die epos, is Willem getrou aan die reg van sy tyd. Die manier waarop die vete byvoorbeeld in die verhaalgegewe geïntegreer word, wys volgens Lippevelde ook op die waarheidsgetroue aard van die *Reinaert*. Prosesreëls word ook reg toegepas in die verhaal:

Niet alleen worden de formele procesvereisten nageleefd, ook de procesregels worden door de dieren meestal goed gevolgd. In fragment v. 1328–1334 wordt bijvoorbeeld gesproken over de beraadslaging tussen vorst Nobel en zijn raadslieden, een stap in de juridische procedure die aan het Centraal grafelijk hof inderdaad doorgang kende. In een ander fragment worden het procedureverloop en de straftoemeting inderdaad terecht aangepast omdat Belijn op heterdaad wordt betrap met het hoofd van Cuwaert. Dit was ook gebruikelijk in het vigerende recht (v. 3355–3380) (Lippevelde 2012:110).

Tog wys Lippevelde daarop dat die verhaal nie altyd in ooreenstemming met die kontemporêre reg verloop nie: die formele regsreëls word soms oortree en onskuldige partye word byvoorbeeld van misdade beskuldig. “Ook in het contemporaine strafrecht werd verondersteld dat men effectief schuld moest hebben aan gepleegde misdrijven. Nochtans is het een constante in Van den vos Reynaerde dat Reinaert van allerlei misdrijven wordt beschuldigd waaraan hij geen schuld heeft”, stel Lippevelde (2012:112).

Op baie van die bogenoemde aspekte wat deur Lippevelde bespreek word, sal daar in die loop van hierdie hoofstuk verder uitgebrei word. Hier word volstaan met die volgende samevatting (Lippevelde 2012:114):

De eindconclusie die uit dit tekstonderzoek naar voren komt, is dat het recht in Van den vos Reynaerde voor het grootste deel wél op realistische wijze wordt beschreven. Het recht is dus in de meeste gevallen niet “aangetast” door de tekst. Anderzijds mogen ook de passages waarin het beschreven recht afwijkt van het werkelijke recht niet worden genegeerd, daarvoor is hun aantal immers te groot.

Lippevelde se navorsingvraag was nie dieselfde as dit waarop hierdie verhandeling 'n antwoord probeer kry nie. Daar word wel dankbaar gebruik gemaak van Lippevelde se deeglike analise en haar kennis van en insig in die 12de- en 13de-eeuse reg in Vlaandere, maar vervolgens kom die eiesoortige invalshoek van hierdie ondersoek aan bod.

6.2 Die verhaal

Die leser word verwys na die meer volledige opsomming van die verhaal in Hoofstuk 2. In hierdie hoofstuk word veral gefokus op die juridiese aspekte van die verhaal. Dit is belangrik om weer daarop te wys dat die verhaal tot groot mate in 'n hofruimte afspeel, met Reinaert, die vos, in die beskuldigebank, koning Nobel, die leeu, as voorsittende beampte of regter en verskeie ander rolspelers, waarvan die meeste Reinaert nie goedgesind is nie. Hoe die hofsaak verloop, is belangrik vir die verhandeling en aspekte van die strafreg sal bespreek word.

Die hofdag is 'n belangrike gebeurtenis en word wyd bekend gemaak. Só word die aankonding beskryf in die beroemde openingswoorde van die verhaal (nadat die inleiding, waar Willem sy outeurskap bevestig, agter die rug is):

Vers 41–47

Het was in eenen tsinxendage
Dat beide bosch ende haghe
Met groenen loveren waren bevaen.
Nobel die coninc hadde gedaen
Sijn hof crayeren over al
Dat hi waende (hadde hijs gheval)
Houden ten wel groeten love.

Die vrye vertaling in moderne Nederlands deur Slings (1999) lui as volg):

Het was Pinksteren.
Zowel bos als struikgewas
Stonden uitbundig in bloei.
Koning Nobel had
zijn hofdag overal laten afkondigen.
Hij verwachtte, als alles goed ging,
zijn roem er zeer mee te vergroten.

De Jong (1983) vertaal as volg:

Dit was in die mooie Pinkstertyd
Bos en weiveld wyd en syd
Was met frisgroen blare versier.
Nobel die koning het al die diere
Uitgenooi om hofwaarts te tou,
Waar hy luisterryk hofdag wou hou
Met goeie geluk tot sy groot lof.

Reinaert die vos daag egter nie by die hofdag op nie en negeer sy verskyningsplig. Die rede is voor die hand liggend: hy weet dat feitlik almal klagtes teen hom wil lê. Wanneer almal byeen is, kla verskeie diere die vos van 'n hele aantal misdade aan. Die ernstigste klagte is dié van moord op Coppe, die hen. Poging tot moord en moord is baie ernstige misdade en Isengrijn neem daarom reeds in vers 172 aan dat Reinaert die doodvonnis hiervoor sal kry.

Op aandrang van Reinaert se neef, Grimbeert die das, wat as regsvertegenwoordiger vir sy oom optree, besluit koning Nobel om die vos te daag om voor die hof te verskyn en hom nie onmiddellik te veroordeel nie al sou hy graag wou.

Binne die moderne Suid-Afrikaanse konteks is meer toeligting nodig oor hierdie daging om voor die hof te verskyn. Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) Deel II omskryf die werkwoord *daag* as: “(*jur*). (Deur die gereg) laat aansê, oproep om op 'n bepaalde dag voor die hof te verskyn”. *Dagvaar* word weliswaar in die WAT as sinoniem aangebied, maar

daging is die term wat in dié verhandeling verkies word omdat die woorde *dagvaar* en *dagvaarding* in die moderne Suid-Afrikaanse reg in 'n siviele proses en nie in die straf- of strafprosesreg gebruik word nie.

Lippevelde (2012) gebruik op verskeie plekke in haar verhandeling die woord “dagvaarding” in haar ontleding van die juridiese aspekte in *Vanden vos Reynaerde*. So skryf sy byvoorbeeld: “Verstek was ook in de twaalfde- dertiende eeuw pas aan de orde wanneer men niet verscheen na die dagvaarding en kon in bepaalde gevallen zelfs als een bewijs van schuld worden gezien.” (Lippevelde 2012:51) Vergelyk ook onder meer bladsye 1, 57, 58, 59, 62 en baie ander in Lippevelde.

In die Middelnederlandse teks word die woord *ombieden* in vers 472 gebruik waar dit om die eerste *daging* gaan. Die woord beteken volgens Burm en Van der Merwe (1973:185) “ontbied, laat aansê, gebied, beveel”. Lulofs (1983:86) gebruik “opdragen” as verklarende nota. In verse 476–477 lees ons dat Bruun die beer **belas** word met die opdrag om Reinaert te ontbied. Uit die konteks is dit duidelik dat dit hier gaan om 'n *daging* om voor die hof te verskyn. Die woord *daghen* word in vers 1007 gebruik wanneer Reinaert vir die tweede keer gedaag moet word. Volgens Burm en Van der Merwe (1973:167) se glos by dié woord beteken *daghen* wel “dagvaar” of “dagvaarding”. Bruun, Tybeert en Grimbeert word dus “geregsdienaars”, alhoewel die *ex officio*-prosedure nog nie aan die orde was in *Vanden vos Reynaerde* nie (Lippevelde 2012:57).

Reinaert lok die eerste twee afgevaardigdes wat die opdrag kry om hom te daag, Bruun die Beer en Tybeert die Kat, agtereenvolgens op slinkse wyse elk in 'n lokval deur hulle swakhede – heuning vir Bruun en muis vir Tybeert – uit te buit. Hierna oortuig die derde afgevaardigde, Grimbeert, die vos om wel na die hof te gaan (verse 1359 e.v.).

Dat Grimbeert as regsverteenwoordiger en ter verdediging van Reinaert optree, maar hom ook as “geregsdienaar” daag, dui hier op 'n potensiële botsing van belange. Grimbeert speel ook later die rol van biegevaarder – wat weer op 'n kerkregkwessie dui.

Wanneer Reinaert uiteindelik wel in die hof verskyn, word formele klagtes mondeling en in die openbaar teen hom gelê, soos vereis deur die destydse strafprosesreg (Van Caenegem 1956:26).

Verse 1865–1868

Alle dese ghinghen openbare
Voer haren heere den coninc staen
Ende daden reynaerde vaen.

Nu ghinct ghindre up een playdieren:
Nye hoerde man van dieren
So scone tale als nu es hier
Tusschen reynaerde ende dandre dier
Voert bringhen.

In Afrikaans, ietwat lomp en vry vertaal deur Burm en Van der Merwe (1973:85):

Almal hierdie gaan in die openbaar
Voor hulle heer die koning staan
en hulle laat Reinaert gevange neem.
Nou het 'n geweldige gepleit begin:
Nooit het 'n mens deur diere
sulke skitterende redevoerings hoor hou as wat nou hier die geval is
tussen Reinaert en die ander diere nie.

In De Jong (1983) se vertaling lui die gedeelte as volg:

Almal gaan in die openbaar
Voor die koning staan, hul heer,
En hulle laat Reinaard arresteer.
Nooit het u beter pleidooie gehoor
Van diere as tans en hier.

Die klagtes word deur bewyse gestaaf soos wat die gewoontereg vereis het:

Verse 1876–1878

Die claghen die de dieren ontbonden,
Proufden si met goeden orconden
Als si sculdich waren te doene.

De Jong (1983):

Die klagte wat voorgelê is²¹
Bewys²² hulle met goeie getuienis
soos hulle verplig was om te doen.

Daarop spoor die koning sy baronne aan om 'n vonnis te vel en hulle spreek die bevel uit dat daar 'n sterk en stewige galg gebou moet word waaraan Reinaert, die booswig, aan sy keel opgehang moet word:

Verse 1879–1884

Die coninc dreef die hoeghe baroene
Te vonnesse van reynaerts saken.
Doe wijsden si datmen soude maken
Eene galghe sterc ende vast,
Ende men reynaerde, den fellen gast,
Daer an hinghe bi ziere kelen.

Die koning het die hoë baronne aangespoor
Om 'n vonnis uit te spreek in Reinaert se saak.
Toe het hulle 'n uitspraak gelewer
Dat 'n stewige galg gemaak moet word
En Reinaert, die gemene (boosaardige) skurk/vent
Opgehang moet word.

Terwyl Isengrijn, Bruun en Tybeert die galg oprig, bly Reinaert alleen agter by die koning en koningin. Die listige vos neem sy kans waar en vertel vervolgens 'n merkwaardige verhaal van diefstal en verraad. Volgens Reinaert het sy eie vader die skat van koning Ermerike gevind en gesteel. Saam met Isengrijn, Bruun, Tybeert en Grimbeert, het hulle vervolgens saamgespan om die koning te dood en Bruun in Aken koning te maak. Hierdie plan het 'n aangeklamde Grimbeert toe aan Reinaert se vrou Hermelinde vertel. Reinaert het sy vader

²¹ "Uiteengesit word" volgens Burm en Van der Merwe (1973:185).

²² "StAAF" (Burm en Van der Merwe 1973:187)

agtervolg, die skat gevind en elders weggesteek. Hy alleen weet dus nou waar die skat begrawe is en as die koning hom wat Reinaert is vrylaat, sal Reinaert die bêreplek aan hom bekendmaak.

Daarop neem die koning se gierigheid oor en hy spreek Reinaert vry, bied hom sy vrede aan en neem Bruun en Isengrijn in arres. Hierop sê Reinaert, die wrede een met die rooi baard, dat hy op 'n bedevaart na Rome moet gaan (hy verkeer naamlik nog onder die pouslike ban vanweë vorige oortredings) en daarvoor sal hy 'n pelgrimstas en 'n paar ekstra skoene nodig hê. Die tas en skoene word terstond gemaak van 'n stuk vel wat uit die rug van Bruun gesny word en van die vel van die voorpote van Isengrijn en die agterpote van Hersinde. Vervolgens word Reinaert deur Cuwaert die Haas en Belijn die Ram na sy huis, Maupertuus begelei.

In sy burg ('n ondergrondse hool) vermoor Reinaert die haas terwyl Belijn ongestoord buite wag, ten spyte van Cuwaert se doodskrete. Die stomme Belijn word met 'n kluitjie in die riet gestuur en keer met die kop van Cuwaert in 'n tas terug na koning Nobel – salig onbewus van wat werklik in die tas is. Reinaert vlug met sy gesin na die wildernis.

Wanneer Belijn terugkeer aan die hof van die koning, en Cuwaert se kop in die pelgrimstas wat Reinaert kastig sou saamneem op sy pelgrimstog na Rome gevind word, besef Nobel dat hy deur Reinaert bedrieg is. Die koning se reaksie by die aanblik van Cuwaert se kop word as volg beskryf:

Vers 3383–3399

Die coninc stond in drouven zinne
Ende slouch zijn hoeft neder.
Over lanc hief hijt weder
Up ende begonste werpen huut
Een dat vreeselicste gheloot
Dat noint van diere ghehoort waert.
Ghene dieren waren vervaert²³.

Slings (1999) vertaal in moderne Nederlands:

²³ Volgens Burm en Van der Merwe (1973:156): al die diere daar het bang geword.

Die koning was ontgoocheld
En liet zijn hoofd zinken.
Na verloop van tijd hief hij het weer
Op en begon een van de
Vreselijkste geluiden uit te stoten
Die men ooit van een dier heeft gehoord.
Alle dieren zaten in angst.

Nobel begryp baie goed wat gebeur het: sy eie koningskap is nou in gevaar en hy het sy eer verloor, nadat hy hom so deur Reinaert laat bedrieg het. Op hierdie punt in die verhaal tree Firapeel die luiperd na vore en neem sake in eie hande. Hy besluit dat die onreg wat gedoen is teen Isengrijn en Bruun versoen moet word:

Vers 3411–3412

Doe sprac syrapeel²⁴ echt:
“Es gedaan mesdaad, men saelt zoenen.

As daar onreg begaan is, moet mens dit ongedaan maak deur 'n skadeloosstelling (moet mens 'n skadeloosstelling teweegbring) – Burm en Van der Merwe (1973:157).

Belijn moet boet vir die dood van Cuwaert en Reinaert moet gevang word en opgehang word.

Op hierdie korrupte manier red Firapeel die hof en so eindig die verhaal, met die vrede in die ryk weer herstel.

6.3 Die hoofkarakters: antropomorfe diere

Die karakters in die verhaal is antropomorfe diere, dus diere met menslike karaktertrekke. Die belangrikste karakters is reeds in die opsomming van die verhaal in 2.8 genoem. Hier word gekonsentreer op die rol wat die verskillende karakters in die hofgebeure speel.

²⁴ Die naam “Syrapeel” beteken volgens Burm en Van der Merwe (1973:157) “siervel” of “mooi vel”.

Die voorsittende regter is die koning, Nobel, 'n leeu. Die hof het 'n wye jurisdiksie gehad, en kon die doodstraf opleë.

Reinaert word van 'n lang lys oortredings aangekla:

- Medepligtigheid aan owerspel (Klaer: Isengrijn die wolf);
- Diefstal van 'n wors (Klaer Courtoys die hondjie);
- Poging tot moord – Reinaert sou naamlik probeer het om Cuwaert, die haas, se kop af te byt (Klaer: Pancer, die beer);
- Moord: Reinaert het Coppe, die hen, se kop afgebyt (Klaer: Cantecler; getuies Cantaert en Crayant).

Grimbeert, die das, tree as sy oom se “regsverteenvoerder” op.

As eerste en tweede bestellers van die “dagvaarding”²⁵ moet Bruun die beer en Tybeert die kat na Maupertuus gaan. Nadat hulle misluk in hulle pogings, is Grimbeert die derde besteller van die dagvaarding en hier is daar duidelik 'n potensiële botsing van belange omdat Grimbeert as regsverteenvoerder ook as dienaar van die reg optree.

Later begelei Belijn die ram en die haas weer vir Reinaert na sy huis voor sy pelgrimstog. Ten slotte tree nog 'n karakter, Firapeel die luiperd, na vore.

Daar is ook werklike menskarakters: die pastoor, Martinet (die pastoor se seun), Julocke, die pastoor se vrou, Lamfroit, 'n timmerman, verskillende dorpsbewoners. Hulle speel almal ook 'n rol en word ook slagoffers van Reinaert se streke, maar staan totaal buite die hofgebeure.

²⁵ Lippevelde (2012) gebruik die woord *dagvaarding* in haar ontleding van die juridiese aspekte in die teks. Daar moet hier duidelik gemaak word dat die teks self die woord *ombieden* bevat.

6.4 'n Vergelyking tussen die *Reinaert* en die hedendaagse Suid-Afrikaanse straf- en strafprosesreg

6.4.1 Inleidend

Die Oudvlaamse strafreg het van die 11de tot die 14de eeu die oorgang deurgemaak van 'n argaïese na 'n moderne sisteem met as keerpunt in hierdie ontwikkeling die 12de eeu (kyk Hoofstuk 4). In 'n enigszins vergelykbare proses verander Suid-Afrika met die Grondwet van 1996 van 'n stelsel van parlementêre soewereiniteit na 'n regstaat. Die Grondwet bepaal as die hoogste reg die beginsels, soos vervat in die Handves van Regte en Artikel 34 en 35, waaraan alle wetgewing, ook die straf(proses)wetgewing, onderhewig is. Die gesofistikeerde strafprosesreg sorg vandag daarvoor dat daar “due process”, oftewel “regsprosesreëlmatigheid” – met ander woorde 'n eerlike prosesgang – sal wees.

In die volgende afdelings word die juridiese aspekte van die *Reinaert* aan die hand van die moderne opvattinge van veral die straf(proses)reg soos wat dit vandag in Suid-Afrika daar uitsien, ontleed.

6.4.2 Strafrege as publieke reg

In die Middeleeuse Vlaandere is daar 'n oorgang van die primitiewe reg na vernuwing in die strafregstelsel (Lippevelde 2012:85). Die primitiewe Germaanse reg is privaatrege, met as basis die vrye afrekening tussen partye. Die partye is tot groot mate self verantwoordelik vir die oplos van onderlinge geskille. Die vrye afrekening, wraak en (bloed)vetes maak later in die Middeleeue plek vir straf deur die owerheid en die sogenaamde soendwang ingevolge waarvan die partye onderling die geskille tussen hulle vreedsaam oplos: die strafreg word publieke reg.

Só stel Van Caenegem (1954:247) dit: “Tussen de twee systemen die we primitief en modern noemen: zelfberechtiging en staatsoptreden, bevindt het Vlaams recht zich in een tussenstadium.” Dit is belangrik om hierdie kwessie in gedagte te hou in volgende bespreking wat volg.

In hierdie opsig verskil die regsisteem van die moderne Suid-Afrika dus wesenlik van dié in die laat Middeleeue. Hierdie ou Germaanse reg, waar strafreg nog privaatreë was, geld natuurlik nie meer in Suid-Afrika vandag nie.

In die oorgangstydperk tussen die primitiewe en die moderne regsisteme, word *Reinaert* deur die koning, Nobel die leeu, voor die hof gedaag. Die opvatting dat dit die staatsmag is wat misdadigers vervolg en veroordeel, is tipies iets van die moderne strafreg. In die *Reinaert* berus die besluit om te vervolg by die koning en sy leenhere as hoeders van die openbare orde en 'n voorgeskrewe prosedure word gevolg: koning Nobel roep 'n hofdag uit (die *Placitum Generale*) volgens die heersende Germaanse gewoontereg.

6.4.3 'n Ope hof: die hofdag

Sowel in die Oudgermaanse regsisteem as in die hedendaagse Suid-Afrika is die idee van 'n oop hof belangrik. Die oop hofdag in die *Reinaert* kom nog uit die tyd van die Germaanse volksvergaderings, waar alle vrye mans moes verskyn.

Lulofs (1983:203) beskryf die hofdag in die *Reinaert* as volg:

De hofdag komt voor uit de oude volksvergadering waar alle vrije mannen dienden te verschijnen. Het gerecht was verdeeld over (...) het lagere, midden en hoge gerecht. Het hoge gerecht was voorbehouden aan de vorst en vond plaats tijdens de curia alta, de (feestelijke) hofdag. Daar werden de kapitale delicten behandeld evenals de veten onder de adel.

Die hofdag het 'n belangrike doel gehad, naamlik om orde en vrede in die ryk te bevestig en ook te verstewig. Die koning se baronne, sy mees getroue vasale, het hom in sy hoedanigheid as die regsprekende gesag bygestaan met raad en daad, aldus Slings (1999:14).

Die hofdag was 'n plegtige sitting wat drie maal per jaar op vasgestelde dae plaasgevind het. In die *Reinaert* vind die hofdag plaas gedurende Pinkster (die "tsinksendage" van die openingsverse):

Verse 44–47

Nobel, die coninc, hadde ghedaen
sijn hof crayeren overal
dat hi waende (hadde hijs gheval)
houden ten wel groeten love.

Die vertaling in moderne Nederlands lui volgens Slings (1999) so:

Koning Nobel had
zijn hofdag overal laten afkondigen.
Hij verwachtte, als alles goed ging,
zijn roem er zeer mee te vergroten.

As alles goed verloop het tydens 'n hofdag, het dit die koning tot eer gestrek en is hy aan die einde daarvan lof toegeswaai deur sy vasale.

Omdat die klagtes teen Reinaert moord, 'n halsmisdaad, insluit, sou die hof sit as 'n *curia alta*.

Dit is in die Suid-Afrika van vandag ondenkbaar dat 'n staatshoof 'n hofdag kan afkondig, maar in die *Reinaert* is dit nog die koning self, Nobel die leeu, wat die mag het om dit te doen en wel met die doel om die klagtes oor die opperste skurk Reinaert aan te hoor. Soos gesê, was bywoning verpligtend. Al die diere behalwe Reinaert woon dan ook die hofdag by en almal behalwe sy neef Grimbeert die das kla oor die vos:

Vers 57–59

Doe al dat hof versamet was,
Was daer niemen, sonder die das,
Hine hadde te claghene over reynaerde,
Den fellen metten grijsen baerde.

Burm en Van der Merwe vertaal verse 58 en 59 so (Burm en Van der Merwe: 3)

Toe die hele hof byeen was

Was daar niemand nie, behalwe die das, wat nie oor Reynaert te kla
gehad het nie,
die wrede een met die grys baard²⁶

Die idee van 'n oop hof wat deur almal bygewoon mag word, is vandag nog in Suid-Afrika belangrik. Die meeste hofsittings mag deur die publiek bygewoon word en soms word selfs die pers toegelaat en kan die publiek deur middel van televisie-uitsendings 'n hele saak volg. Maar iets soortgelyks aan die Oud-Germaanse hofdag wat net sekere vasgestelde tye van die jaar sit, en waar almal (of ten minste alle mans) teenwoordig moes wees, is vreemd aan ons moderne tyd.

Alhoewel ons nie vandag in Suid-Afrika iets soos die ou Germaanse hofdag het nie, sit die Hooggeregshof (die verskillende Hoë Howe), die Hoogste Hof van Appèl en ook die Konstitusionele Hof net sekere tye en sake word by uitsondering *in camera* aangehoor.

Voor en gedurende die hofdag heers die sogenaamde **dingvrede**, een van die "bijzondere vredes" van die Oudvlaamse strafreg (Van Caenegem 1954:61 e.v.). Die besondere vredes (soos byvoorbeeld die nagvrede, die ploegvrede, die godsdienstige feesdae, ens.) het alle geweld verbied. Tydens die dingvrede, wat geheers het tydens die openbare regsitting, mog die onderdane van die koning geen wapens dra of iemand liggaamlike leed berokken nie. Vetes moes gedurende dié tyd opgeskort word. Die skending van die dingvrede was baie ernstig en streng strawwe is opgelê.

Ook hierdie gebruik is vreemd aan die moderne Suid-Afrika waar wapens (weliswaar onderhewig aan sekere maaatreëls) wel gedra mag word, maar niemand liggaamlike leed aangedoen mag word nie.

6.4.4 Die skeiding van magte

Die skeiding van magte wat van fundamentele belang is vir 'n moderne demokrasie soos dié in Suid-Afrika vandag, is nog nie streng gehandhaaf ten tyde van die skryf van die epos nie. Die beslissing om die vos wel of nie te vervolg nie, berus by koning Nobel as koning en staatshoof. Hy raadpleeg wel, soos voorgeskryf, sy leenhere, maar hy tree terselfdertyd,

²⁶ Of roesrooi baard, volgens De Jong (1983).

benewens as vervolgingsgesag, ook op as regter in 'n duidelike skending van hierdie belangrike beginsel.

Die koning was die beliggaming van die regstelsel en sy rol was dié van regter eerder as wetgewer. Die koning as regsprekende gesag was nie geheel en al onafhanklik nie en hy is nie toegelaat om sonder die bevolking se toestemming iets te verbied wat die gemenereg toegelaat het of om iets toe te laat wat die gemenereg verbied het nie (Hahlo en Kahn, 1973:430). Daar was dus 'n inperking van die koning se gesag wat vermoedelik ook in die howe gehandhaaf sou word in geval van litigasie waar die koning se regskeppende magte ter sprake kom. In Reinaert se verhoor, soos ons sal aantoon, kan dié inperking wel gesien word.

In Suid-Afrika, wat 'n republiek is en nie 'n monargie nie en waar die idee van 'n adelstand en leenhere vreemd is, berus die bevoegdheid om strafregelik te vervolg by 'n onafhanklike instansie, die Nasionale Vervolgingsgesag, en die regbank mag nie ingryp by 'n *bona fide* besluit van hierdie instansie nie, behalwe vermoedelik waar so 'n besluit irrasioneel is of indruis teen die Grondwet of ander wetgewing. Hierbenewens kan misdrywe ook deur die publiek by die polisie aangemeld word. Die saak word vervolgens deur 'n onafhanklike regbank aangehoor wat in artikel 165 (2) van die Grondwet as volg gereguleer word:

Die howe is onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en die reg, wat hulle onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas.

In teenstelling hiermee mag Koning Nobel, saam met sy leenhere, kragtens die Germaanse gewoontereg én as vervolgingsgesag én as regters optree.

Nadat Canticleer, die haan, sy klagte kom lê het rakende die moord op Coppe, die hen, met ooggetuies en al en boonop ook met die lyk van Coppe wat dramaties die hof ingedra word (iets wat duidelik ook nie in ons moderne tyd gedooë sal word nie), is die koning sonder verdere omhaal reg en gereed om ook as regter op te tree saam met sy vasale, vir wie hy wel om raad sal vra:

Vers 434–437

Dan sullen wi met desen heeren

Ons beraden ende bespreken

Hoe wi ons best ghewreken
Aan Reynaerde dese moort.

De Jong (1983):
En dan sal ons met hierdie here
Raad hou en deeglik bespreek
Hoe ons Kuifkop die edele²⁷ sal wreek
En Reinaard straf vir hierdie moord.

Hier is verder ook sprake van wraak as deel van die vonnis-oplegging.

6.4.5 Die wraakbeginsel en vetes

Soos alle ander beskaafde regstelsels, wyk die Suid-Afrikaanse reg af van die wraakbeginsel, dit wil sê van 'n prosedure waar iemand wat pyn, skade of besering gely het hom wreek op die persoon wat hom sodanig aangetas het (Burchell en Milton 1991:5). Die skrywers lewer as volg kommentaar op hierdie stelsel van private wraak:

From a social point of view such personal or 'private' vengeance has many drawbacks. Since retaliation tends to promote counter retaliation, private vengeance has a tendency to escalate into a sort of private warfare (the 'blood-feud') as the victims of vengeance draw families, clans, even tribes, into the business of retaliation and counter retaliation. As a society becomes progressively more civilised, the social disruption brought about by the feud becomes less tolerable. A point arises where the society decides that feuding can no longer be allowed. Ending the feud, it is realised, means abandoning the system of private vengeance and replacing it with a system of publically administered retaliation against wrongdoers ('public punishment'). It is at this point in social evolution that what can be described as the criminal law proper begins to emerge.

²⁷ Coppe

Maar in die *Reinaert* is daar wel deeglik nog sprake van die vete en van wraak. Die hoenders is met die moord op Coppe reg vir bloedwraak teen Reinaert se clan. Bruun wil hom ook wreek op Reinaert nadat hy deur die vos verneder is (vers 952–953).

Slings (1999:104) beskryf die vetereg as volg: “(een) rechtssysteem waarin een slachtoffer wraak mag nemen door de dader op precies dezelfde wijze te treffen (oog om oog, tand om tand)”.

Van Caenegem (1954:183 en 233 e.v.) skryf in detail oor die wraak- en vetebeginsels. Dit was in die ou primitiewe strafreg ’n uitvloeisel van familie- en gemeenskapsolidariteit wat spruit uit Oud-Germaanse beginsels. Pogings deur die Karolingiërs om die vetes te beperk en selfs uit te skakel, was vergeefs. Die effek van so ’n situasie was maklik verstaanbaar: geslagtelange vetes en vyandskap tussen families en groepe. Dit is dus nie verbasend nie, dat soos wat die reg ontwikkel het, die wraak- en vetebeginsels teen die 12de eeu reeds grotendeels verdwyn het.

In die moderne Suid-Afrika erken ons nie hierdie beginsel in die strafreg nie. Direkte wraak, soos wat daar wel soms opgemerk word in vigilantemoorde, is onwettig en dié wat hulle daaraan skuldig maak, word strafregtelik vervolgt. Die beginsel agter vigilantemoorde is dat enigiemand wat opsetlik die dood van ’n ander veroorsaak, skuldig is aan moord, afgesien van die motief (wat bes moontlik wraak mag wees). So ’n motief sou hoogstens kon geld as ’n faktor by vonnisoplegging.

Ook die teendeel van die vete, naamlik die versoening, kom voor in die *Reinaert*.

6.4.6 Soendinc (versoening)

In vers 187–189 praat Grimbeert met Isengrijn oor wedersydse versoening en bied aan om daarmee te help:

Heere ysengrijn, wildi angaen
Soendinc ende dat ontfaen,
Daer toe willic helpen gherne –

Heer Ysengryn as u wil voortgaan

Met versoening en dit ontvang,
Sal ek graag daartoe wil help –

Die versoening as oplossing vir en voorkoming van vetes kom meermale in die *Reinaert* voor. In verse 1886-1892 verlaat Reinaert se familieclan die hof nadat hulle hulle versoen het met die familie van Reinaert se slagoffers.

Daar is ook sprake van versoening tussen die vos en Koning Nobel nadat Reinaert belowe het om voortaan 'n beter lewe te lei:

Verse 2767–2774

Die coninc die sprac vriendelike:
“Reynart es hier commen te hove
Ende wille, dies ic goede love,
Hem betren met al zinen zinnen,
Ende mijn vrouwe, de coninghinne,
Hevet so vele ghebeden voer hem
Dat ic zijn vrient worden bem,
Ende hi versoent es ieghen mi
Ende ic hem hebbe ghegheven vry
Beede lijf ende lede.

Die koning het vriendelik gepraat:
“Reinaert het na die hof toe gekom
En wil, waarvoor ek God dank,
Sy lewe verbeter van ganser harte,
En haar Majesteit, die Koningin,
het so vir hom gepleit,
Dat ek sy vriend geword het
En hy weer in my guns is
En ek stel hom sy straf dus kwyt
En hy is nou versoen met my.
En ek gee hom vrye beskikking oor
Sy lewe sowel as sy ledemate.

Die “soendinc” gaan dus om die wedersydse proses tot versoening en die bylê van die vete. So ’n moontlikheid bestaan nie tydens ’n strafsak in Suid-Afrikaanse howe nie – trouens, die idee van die vete self het lank reeds verdwyn uit die moderne regstelsel.²⁸

6.4.7 Die vermoede van onskuld

In Suid-Afrika word iedereen as onskuldig beskou tot die teendeel bewys is en die verdagte deur die regbank skuldig bevind word, met nakoming van die reëls van die bewysreg en strafprosesreg. Die staat moet sy saak bo alle redelike twyfel bewys in ’n regverdige en openbare verhoor waar die aangeklaagde aanwesig is.

In die *Reinaert* is dit baie duidelik dat die diere wat na die hofdag kom Reinaert nie goedgesind is nie – “daer hi in hadde crancken lof” (vers 56 – waar hy ’n slegte naam gehad het) – en dit is dan ook die rede waarom hy aanvanklik nie durf opdaag nie.

Dit is natuurlik nie verbasend dat die mense wat die klagtes teen hom lê, hom nie goedgesind is nie, maar nietemin moet die korrekte prosedure gevolg word.

6.4.8 Regsreëlmatigheid (“due process”)

Alhoewel die publiek op koning Nobel se hofdag ongetwyfeld van mening is dat die vos skuldig is aan ’n groot aantal misdade, herinner Grimbeert die das die hof telkens aan Reinaert se regte. Hy mag nie sonder meer veroordeel en gestraf word nie. Reinaert moet byvoorbeeld drie maal gedaag word om self voor die hof te verskyn.

Daar is verder sprake van die nakoming van nog ’n belangrike beginsel: geen veroordeling van ’n afwesige nie (oftewel skuldigbevinding en vonnis *in absentia*).

In verse 183–281 sê Grimbeert opsommenderwyse dat die reg sy loop moet neem, maar dat die proses nie in die afwesigheid van die beskuldigde mag plaasvind nie. Trouens, Reinaert sou op sy beurt self klagtes teen die ander diere kon inbring. Grimbeert verdedig

²⁸ Dit is wel so dat die proses wat deur die Waarheids-en Versoeningskommissie gevolg is, ook deur die ou idee van die versoening tussen slagoffers en die persone wat hulle leed aangedoen het, geïnspireer is.

Reinaert ook en bespreek die redes waarom hy in der waarheid nie skuldig is aan die aanklagte teen hom nie. In stede daarvan dat hy Hersinde, Isengrijn se vrou sou verkrag het, het hulle al sewe jaar lank 'n verhouding en was die liefde wedersyds.

Ook die raadshere van die koning is van oordeel dat Reinaert (hy is 'n edelman soos hulle) 'n eerlike proses moet kry. Hierdie vorm van prosesreg was ten tyde van die ontstaan van die *Reinaert* nog nie lank in gebruik nie (Slings 1999:21), maar nietemin is dit in die *Reinaert* duidelik dat Nobel nie sonder meer kan besluit om wraak te neem op die vos nie.

6.4.9 Die aanwesigheid van die beskuldigde as regs subjek in die hof

Volgens Artikels 34 en 53(3)(c) en (e) van die Suid-Afrikaanse Grondwet is die beskuldigde geregtig daarop om aan die hofverrigtinge deel te neem en indien hy dit verlang om ook die bystand van 'n "regsvertegenwoordiger" te hê. Ook hier verskil die proses in die *Reinaert* nie wesenlik van die moderne strafprosesreg in Suid-Afrika nie. Reinaert verskyn na sy derde daging in die hof en kies, oënskynlik vol selfvertroue, om sy eie verdediging waar te neem.

6.4.10 Geen aanklag, geen reg

Reinaert moet formeel, mondeling en in die publiek aangekla word, soos wat dan ook gebeur. In Suid-Afrika word onder strenge voorskrifte (beide wat betref substansie en formaliteite) 'n aanklagte (in die laer howe) of 'n akte van beskuldiging (in die Hooggeregshof) opgestel en aan die beskuldigde verstrekk. Die besonderhede in die klagstaat of akte van beskuldiging moet voldoende wees om die beskuldigde in staat te stel om die klagte teen hom te verstaan en daarop te pleit.

'n Verdere belangrike beginsel is dié van *nullum crimen sine lege*. Dit was in die Middeleeue, en dit is vandag nog, ongeoorloof om iemand aan te kla van 'n handeling wat nie 'n misdad is nie, hetsy ingevolge statuut of die gemenerereg.

6.4.11 Die aanklagte

Die misdrywe waarvan Reinaert as antropomorfe dier by die hofdag aan die begin van die epos beskuldig word, was tipies van die Middeleeuse samelewing, en hulle is ook nie

vreemd in die een-en-twintigste eeu nie. (Die aanklagte word later herhaal wanneer Reinaert wel verskyn.) Die lys is lank en sluit die volgende in:

Klaer: Isengrijn die wolf

Verse 73–77

- Die verkragting van Isengrijn se vrou Hersinde en daarmee ook die skending van Isengrijn se eer. Die klagte blyk later eintlik medepligtigheid aan owerspel te wees omdat Hersinde volgens Grimbeert ingestem het tot die gemeenskap.
- Ernstige mishandeling van Isengrijn se kinders. Reinaert sou op die twee wolfwelpies geürineer het waardeur hulle blind geword het.

Klaer: Cortoys (die “onuitstaanbare” hondjie, soos wat Berents (1985:31) hom noem, en wat net Frans praat)

(Vers 100–106)

- Diefstal van ’n wors. Hierdie aanklagte slaag nie die regstoets nie soos wat Grimbeert dan ook later in sy pleidooi (verse 177–281) aantoon met die spreuk *male quesite male perdit* (vers 257). (Burm en Van der Merwe (1973:13) vertaal dit as “so gewonne, so geronne (d.w.s. wat ’n mens maklik verkry het, bly nie lank in jou besit nie”.) Cortoys het naamlik die wors eers by Tybeert die kat afgeneem wat op sy beurt die wors weer by ’n meulenaar gesteel het. (Vergelyk Tybeert se getuienis in verse 107–121).

Klaer en getuie: Pancer die bewer

(Vers 126–169)

- Poging tot moord op Cuwaert die haas.
- Oogetuie: Pancer het gesien hoe Reinaert, terwyl hy voorgee dat hy die credo aan Cuwaert leer met die doel om hom kapelaan te maak, probeer om die haas se kop af te byt.

- Getuienis: vars wonde aan Cuwaert se keel.

Klaer: Canticleer die haan; getuies, Cantaert en Crayant. (Vers 315–420)

- Moord op Coppe die hoenderhen, die dogter van Canticleer. Die moord verbreek tewens die koningsvrede en is een van die delikte sui generis.²⁹

Die gebruik van die woord *delik* in 'n strafsak val vreemd op, alhoewel Lippevelde (2012) die woord wel meermale gebruik, soos op bl. 50. Die moderne Suid-Afrikaanse gebruik van die woord *delik* dui op 'n sivilregtelike proses. Soos aangetoon in afdeling 6.4.2 was daar nog nie dieselfde skeiding tussen strafreg en siviele reg in hierdie tydperk in Middeleeue nie. Die woord *misdad* of *misdryf* sal hier te lande gebruik word.

Na hierdie ernstige klagtes, raai die edelmanne, die baronne, Nobel aan om die juiste proses te volg en Reinaert voor die hof te daag sodat hy behoorlik veroordeel kan word.

Reinaert word in hierdie tonele in sy afwesigheid beskuldig, maar wanneer hy uiteindelik wel voor die hof verskyn (verse 1852–1867), word die aanklagte ook in die openbaar geuit.

Soos ons later sal sien, kan nie alleen die ander diere nie, maar ook Reinaert klagtes lê en hy doen dit dan ook na sy eie vonnisoplegging.

Behalwe wat betref owerspel en die verbreking van die koningsvrede, is al die genoemde misdade (verkragting, aanranding, diefstal, poging tot moord en moord) ook strafbaar in die hedendaagse Suid-Afrika.

6.4.12 Die bewyslas

Daar moet natuurlik grondige redes aangevoer word vir 'n vervolging – sowel in die 13de-eeuse Vlaandere as in die 21ste-eeuse Suid-Afrika. In die epos staaf die klaers dan ook hulle klagtes met bewyse en die baronne veroordeel Reinaert tot die galg.

²⁹ Van Caenegem 1954:47 noem ook misdadige pogings soos om iemand te laat verdrink deur hom in die water te gooi, of om iemand in 'n hinderlaag te lei as *delicten sui generis*.

Alle reëls van die bewysreg word egter genegeer wanneer Reinaert sy verhaal van hoogverraad, samespanning en gesteelde skatte aan die koning opdis (verse 2142–2150). Die korrupte koning aanvaar sonder meer Reinaert se woord, let wel sonder enige bewyse, skeld hom sy vonnis kwyt en bied hom ook sy vrede aan. Bruun en Isengrijn word op grond van Reinaert se “getuienis” in voorarres geplaas weens sameswering teen die koning, sonder dat daar enige prima facie getuienis teen hulle op rekord is.

Willem, die skrywer van die verhaal, maak dit duidelik dat dit koning Nobel is wat op juridiese gebied verkeerd is hier. Hy beeld die koning uit as ’n magswellusteling wat die regsreëls uit eiebelang eenkant toe skuif – ’n handeling wat dreig om sy eie ondergang te bewerkstellig.

Die eweneens korrupte optrede van Firapeel die luiperd herstel ten slotte die koning se mag, maar dit laat ’n wrang smaak in die mond.

In Suid-Afrika sal dit vanweë die Grondwet nie so maklik wees vir ’n staatshoof om op soortgelyke korrupte wyse die reg in eie hande te neem nie. Die ingryping in die hele proses deur ’n persoon soos Firapeel behoort eweneens onmoontlik te wees.

’n Moderne staatshoof het wel die reg om gracie aan ’n veroordeelde te verleen.

6.4.13 Die onpartydigheid van die regbank

Nobel is ’n partydige en korrupte regter wat nie skroom om alle juridiese reëls te skend nie, en die Middeleeuse publiek wat die verhaal aanhoor, weet dit maar al te goed en weet ook dat dit nie so hoort nie. Soos vroeër genoem, is die verwagting ook in Suid-Afrika dat die regbank onpartydig sal optree.

Artikel 165(2) van die Grondwet reguleer die regbank as volg:

Die howe is onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en die reg, wat hulle onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas.

Partydigheid of begunstiging van een party bo ’n ander sal dus ’n grond wees vir hersiening of appèl.

Die diere wat Reinaert aankla is duidelik bevooroordeeld, maar die reg gaan wel eers sy gang.

6.4.14 Regsformalisme

Toe die epos geskryf is, het erge “prosesrigorisme” nog geheers en Van Caenegem (1956) beskryf dit in besonderhede. Alhoewel die Suid-Afrikaanse regstelsel nie hierdie uiterste vorm van formalisme ken nie, is daar wel streng strafprosesregreëls waaraan gehoor gegee moet word.

6.4.15 Verskyningsplig

Die verskyningsplig waarvolgens alle leenhere op die hofdag moet verskyn, is vreemd aan ons howe. Die feodale samelewing met sy adelstand het immers ook verdwyn en ’n staatshoof steun nie op die raad van ’n sekere stand of klas nie. (Soos reeds genoem, sal ’n staatshoof in ieder geval nie ook regter mag speel nie.)

Die vroeëre juriestelsel in Suid-Afrika, waar portuurgelykes van die beskuldigde deelgeneem het aan die verhoor, is miskien enigsins vergelykbaar met die verskyningsplig, maar dit is in wese ’n Engelse proses wat nie deel was van die Europese gewoontereg of die latere *ius commune* nie. Die juriestelsel was wel deel van die Suid-Afrikaanse reg, maar dit is in 1969 afgeskaf.

6.4.16 Die kerkreg

Volgens die kerklike strafreg is straf bedoel as ’n publieke bekentenis van skuld, ’n betoning van berou oor die misdaad deur die geduldige ondergaan van vernederende strawwe, soos lyfstraf, ’n ootmoedige houding of die bedevaart. Hierdie opvatting, wat voortspruit uit die Christelike moraal, is in die Vlaamse reg opgeneem (Van Caenegem 1954:19–20).

In die *Reinaert* is daar ook aspekte van die kerkreg op te merk. Die grens tussen kerkreg en gewoontereg word nie skerp getrek nie. So hoor Grimbeert, ’n dienaar van die hof wat

Reinaert voor die hof daag, ook Reinaert se bieg aan en gee hom daarna 40 ligte houtjies met 'n takkie om hom vry te skeld van sy sonde (vers 1676).

Reinaert verkeer na afloop van sy hofsaak nog steeds in die pouslike ban en moet op 'n pelgrimstog na Rome reis om sy saak daar te laat aanhoor. In die moderne Suid-Afrika is alle kerklike, kulturele of godsdienstige besluite of reëls in die laaste instansie onderworpe aan die Grondwet.

Die moralisasie van die strafreg, wat die aandeel van die kerk was in die ou strafreg (Van Caenegem 1954:20), sien ons nie in die moderne Suid-Afrika nie.

6.4.17 Voëlvryverklaring

Belijn die ram en sy hele familie word voëlvry verklaar omdat hy nie die haas kon red nie en Reinaert laat wegkom het. Isengrijn en Bruun mag Belijn en sy familie enige tyd doodbyt (vers 3446).

6.4.18 Familieskuld, vetes en versoening

Op aandrang van die listige Firapeel, moet die pyn en leed van die wolf, die beer en Hersinde, deur Belijn se voëlvryverklaring terugbetaal word. Die onreg moet versoen word. Volgens Lulofs (1983:290) wat verwys na Van Caenegem (1954:247) was die weiering om te versoen strafbaar.

Verse 3412–3417

“Es ghedaen mesdaet, men saelt zoenen.
Men sal den wulf enten beere doen comen,
Ende vrouwe hersenden also wel,
Ende betren hem hare mesdaet snel
Ende over haren toren ende over hare pine
Versoenen metten ram beline,

As daar onreg begaan is, moet mens dit versoen
Mens moet die wolf en die beer laat kom
En ook vrou Hersinde

En hulle vinnig skadeloos stel
Vir hulle aangedane onreg
En vir hulle leed en pyn
Die ram Belyn (as skadeloosstelling) gee

Slings (1999) se baie vry vertaling lui so:
Als er onrecht gedaan is, moeten we het verzoenen
Men moet de wolf en de dappere beer³⁰
En ook vrouwe Hersint
Voor hun schoenen en voor hun vel
Voor hun leed en voor hun pijn
Terugbetalen met Belijn de ram
Firapeel onderneem verder om die versoening tot stand te bring, wat
hy dan ook doen:

Verse 3434–3445

“Ghi heeren beede,
Ic bringhe hu vrede ende gheleede.
Mine heere de coninc groet hu
Ende hem berauwet zeere nu
Dat hi ieghen hu heeft mesdaen.
Hi biet hu, wildijt ontfaen,
Wie so blide si ofte gram;
Hi wille hu gheven belin den ram
Ende alle sheere belins maghe
Van nu toten doms daghe.
Eist int velt, eist int wout,
Hebse alle in hu ghewout,
Ende ghise ghewilleghelike verbit.

“U twee here,
Ek bied u regsvrede en veilige begeleiding / beskerming aan
My heer die koning groet u,

³⁰ Lulofs gebruik in sy teksuitgawe die vers uit Handskrif F, wat lui: *brunen den coenen*.

Dit spyt hom nou baie
Wat hy teenoor u verkeerd gedoen het.
Hy bied u, as u dit wil aanvaar,
Wie hom ookal daaroor mag verheug of vererg;
Hy wil u gee Belyn, die ram
En al die heer Belyn se familie
Van nou tot die oordeelsdag.
Of dit in die veld of die bos is
Het (u) hulle almal in u mag
En byt u hulle na hartelus dood.

Slings (1999) vertaal die gedeelte baie vry as volg:
Heren, ik bied u ('s konings) beskerming en vrijgeleide aan.
Mijn heer de koning groet u.
Hij heeft zeer veel spijt over
Wat hij tegen u heeft misdaan.
Hij biedt u verzoening, als u dat wil aannemen,
wat anderen daar ook van mogen denken;
hij wil u Belijn, de ram, en al zijn familie
schenken, vanaf vandaag
tot aan de dag des oordeels.
Of het nu in het open veld of in het bos is,
Ze zijn allen in uw macht
En u kunt ze naar believen doodbijten.

6.4.19 Die verstekvonnis

Nadat Grimbeert die derde daging ten uitvoer gebring het, stem Reinaert in om na die hof te gaan. Reeds nadat Tybeert misluk het om Reinaert voor die hof te bring, wou die diere Reinaert deur middel van die vetereg verhoor. Maupertuus moes beleër word en Reinaert en sy gesin opgehang word. As Reinaert nie hof toe sou gaan nie, kon hy by verstek *in absentia* gevonniss word.

Lippevelde, met verwysing na Van Caenegem (1954:246), skryf as volg oor hierdie nieverskyning in die hof:

Tot in de loop van de twaalfde eeuw werd men schuldig bevonden aan het misdrijf van niet-verschijnen of versmading van de rechtsorde, wanneer men zonder excuus niet verscheen en dus ongehoorzaam was aan de dagvaarding. Vanaf de tweede helft van de twaalfde eeuw werd men in dat geval veroordeeld bij verstek (en niet meer wegens verstek) omdat de beschuldigde zo toegaf dat hij iets had mispeuterd.

Indien Reinaert nie hof toe kom nie, kon hy byvoorbeeld voëlvry verklaar word, en enigeen sou hom kon doodmaak. Die verstekvonniss soos wat dit in Reinaert se verhoor toegepas kon word, naamlik 'n vonnis weens nieverskyning, geld nie vandag in Suid-Afrika nie.³¹

6.4.20 Die onskuldseed

Isengrijn kla in verse 81–82 dat Reinaert 'n onskuldseed moes sweer (Ende reynaerde soude hebben ghedaen / sine onsculde) maar dit nie gedoen het nie. Die onskuldseed was 'n Middeleeuse bewysmiddel uit die primitiewe reg. Hiervolgens sien die regter daarvan af om deur middel van 'n rasonale, objektiewe versameling van inligting (soos by monde van getuies of stoflike bewyse) die gebeure in sy gees te herroep en so die skuldvraag op te los. Indien Reinaert 'n onskuldseed sou aflê, sou dit inhou dat hy homself sou vervloek sodat die duiwel hom sou kom haal indien hy nie die waarheid praat nie. Gebeur dit nie, praat hy die waarheid en is hy onskuldig (Van Caenegem 1954:115–116).

Iets soos hierdie onskuldseed het vandag geen plek in ons howe nie – skuld moet bewys word en nie onskuld nie. Hierdie bewyslas rus op die staat. Daar is nie die verwagting dat die beskuldigde sy onskuld moet bewys nie. Die verdediging mag wel poog om die staat se bewyse van skuld te bevraagteken. Indien die staat hom nie goed van sy bewyslas gekwyt het nie, is die beskuldigde geregtig op vrypraak selfs al getuig hy / sy nie.

6.4.21 Notariële simboliek

Hierdie tipiese Middeleeuse gebruik word geïllustreer in verse 2542–2545 en 2561–2567. Slings (1999:70) verduidelik “notariële simboliek” as die gebruik om 'n handeling te verrig en

³¹ Daar is wel iets soos vonnis by verstek wat in die Siviële Prosesreg van krag is.

te bekragtig met 'n simboliese gebaar, eerder as om byvoorbeeld 'n skriftelike kontrak te onderteken tydens 'n ooreenkoms.

Wanneer koning Nobel glo dat Reinaert die wegsteekplek van die skat aan hom sal vertel, reik hy Reinaert 'n strooihalm:

Verse 2542–2545

Doe nam die coninc een stro
Ende vergaf reynaerde al gader
Die wanconst van sinen vader
Ende zijns selves mesdaet toe.

Toe neem die koning 'n strooihalm
En vergeef Reinaert daarmee sowel
Die vyandskap van sy vader
Asook ook sy eie misdade.

Op sy beurt bekragtig Reinaert ook sy eie onderneming om die skat van Ermerik op te gee aan die koning met die oorhandiging van 'n strooihalm (verse 2561–2564). Die aartsskurk Reinaert kom egter nie sy ooreenkoms na nie en die oorhandiging van die strooihalm is 'n leë gebaar, vol ironie.

6.5 Samevatting en voortuitskouing

In hierdie hoofstuk is daar deur middel van teksanalise, en steunend op hoofstukke 4 en 5 waarin die geskiedenis van die Middeleeuse Vlaamse en die moderne Suid-Afrikaanse regstelsels nagevors is, gewys op die ooreenkomste en verskille tussen die Reinaert en die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel.

Daar is merkwaardig baie ooreenkomste, maar regsbeginsele wat vreemd is in die moderne, een-en-twintigste-eeuse Suid-Afrika, is die volgende:

- Die optrede van die staatshoof as regter
- Die betrokkenheid van die staatshoof (die koning) se leenhere (die adelstand) by die proses, veral by vonnisoplegging

- Die erge prosesrigorisme soos wat Van Caenegem dit ook beskryf
- Die verskyningsplig waarvolgens alle mans by die hofdag moet opdaag
- Kerklike regsaspekte soos die pouslike ban
- Die verstekvonnis of vonnis in absentia.
- Die verbreking van die koningsvrede.
- Bloedwraak, vetes en versoening.
- Die onskuldseed

Baie van bogenoemde regsaspekte kom uit 'n feodale samelewing wat vandag nie meer bestaan nie. Dit is dan ook nie verbasend dat hulle nie die lang evolusie vanaf die primitiewe tot die moderne Europese reg meegemaak het nie.

In die laaste hoofstuk word die hele verhandeling kortliks saamgevat.

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKING

Based upon formula, gesture and ritual, the procedures of the feudal court resembled more than superficially the literary performance. Both fulfilled in different ways a common purpose – the affirmation of an acknowledged set of shared beliefs and aspirations through the articulation of a collective history (Bloch 1977:7).

7.1 Bereiking van die doestellings

Soos uit die Bloch-aanhaling hier bo blyk, is die regsproses ook 'n aanduiding van 'n gedeelde stel geloofsreëls wat deel is van 'n kollektiewe geskiedenis. In hierdie opsig verskil die Middeleeuse samelewing nie so veel van die moderne een nie.

In Hoofstuk 1 (afdeling 1.3) is die volgende doelstellings van die verhandeling aangedui:

Daar is gepoog om die hofverrigtinge wat plaasvind in die Middeleeuse teks, (en waar van toepassing die Middeleeuse straf- en strafprosesreg), te vergelyk met die moderne Suid-Afrikaanse reg en ooreenkomste en verskille tussen die teks en die moderne regstelsel uit te lig.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is ook gepoog om die verband te lê tussen die Middeleeuse epos en die moderne Afrikaanse letterkunde en volksverhale.

Voortspruitend uit die doelstellings soos aangedui in afdeling 1.3, is die volgende navorsingsvrae geformuleer:

- (1) Hoe verskil die regsproses en verhoor in die *Reinaert* van, of kom dit ooreen met die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg? Anders gestel: tot watter mate word elemente van die Middeleeuse reg soos te sien in die *Reinaert* nog in die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg aangetref?

- (2) Watter regverdiging kan gevind word om twee regstelsels wat deur meer as sewe eeue geskei word, met mekaar te probeer vergelyk?

Ten einde vraag (1) te beantwoord, is die volgende subvrae geformuleer:

- (1.a) Watter regstelsel het tydens die vos se verhoor (die twaalfde en dertiende eeu, (vergelyk Hoofstuk 2) gegeld?
- (1.b) Watter oorblyfsels van hierdie Middeleeuse regstelsel is nog merkbaar in die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg? Anders gestel: is daar enige verband tussen die twee regstelsels en indien wel, tot watter mate is die Middeleeuse strafregstelsel in die Suid-Afrikaanse reg geresipieer (opgeneem)?

En vir vraag (2):

- (2.a) Watter verband is daar tussen die Middeleeuse epos en die moderne Suid-Afrikaanse letterkunde?

Ten einde die doelstellings te bereik en die vrae te beantwoord, is die Middeleeuse teks in Hoofstuk 2 bespreek.

Die tweede navorsingsvraag het in Hoofstuk 3 aan bod gekom waar die erflating van die vos veral te siene is in die jakkals-en-wolfverhale maar ook in 'n herskepping van die Middeleeuse teks (Eitemal 1983), 'n meer letterlike, rymende vertaling (De Jong 1981) en onlangs in 'n Afrikaanse prosavertaling (Van Daele 2013 soos vertaal deur Daniel Hugo).

In Hoofstuk 4 is die Middeleeuse reg soos wat dit sou wees in Vlaandere in ongeveer 1250, toe die teks waarskynlik geskryf is, beskryf. Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel is in Hoofstuk 5 beskryf.

Die regstelsel wat in swang was toe die epos geskryf is, het nie onveranderd bly voortbestaan nie, soos wat in Hoofstuk 5 aangetoon is. Daar was dan ook die verwagting dat daar, benewens ooreenkomste, ook verskille sou wees tussen die twee regstelsels waaroor dit in hierdie verhandeling gaan.

Die ooreenkomste wat deur die teksanalise in Hoofstuk 6 uitgewys is, toon aan dat daar verbasend min fundamentele verskille tussen die heersende reg in die *Reinaert* en die moderne Suid-Afrikaanse reg is.

Die regsreëls en prosesgang kan opvallend maklik en goed gevolg word en aspekte daarvan is bekend vir 'n hedendaagse (Suid-Afrikaanse) leser. Ons kan alleen maar bewondering hê vir sowel diegene wat die nuwe laat-Middeleeuse regsprosesse van stapel gestuur het as vir die weergalose meester Willem, wat in sy meesterstuk korrupsie aan die kaak stel, in die besonder die ignorering en minagting van die reg deur die maghebbers van sy tyd.

7.2 Bydrae van die verhandeling

Na my wete is daar nog nie in Afrikaans enige akademiese bydrae gemaak binne die Reg-en-Letterkundebeweging nie. *Vanden vos Reynaerde* leen hom uitmuntend tot hierdie deelgebied waar die reg en letterkunde mekaar ontmoet.

Alhoewel die regsaspekte van die epos reeds dikwels ontleed is, is daar tot nog toe nie 'n poging aangewend om aan te dui watter aansluiting daar tussen die Middeleeuse teks en die moderne Suid-Afrikaanse leser van die teks is nie. Hierdie verhandeling toon aan dat dit 'n fassinerende onderwerp is wat die teks op 'n eiesoortige manier vir (Suid-) Afrikaanse lesers kan ontsluit.

Laastens hoop ek dat die verhandeling oor die algemeen mag bydra tot hernude belangstelling in die Middelnederlandse letterkunde.

Pretoria, Mei 2017

BIBLIOGRAFIE

Berents, D.A. 1985. *Het werk van de vos: Samenleving en criminaliteit in de late middeleeuwen*. Zutphen: Walburg Pers.

Bleek, W. H. I. 1864. *Reynard the fox in South Africa: or, Hottentot fables and tales / chiefly translated from original manuscripts in the library of Sir George Grey by W.H.I. Bleek*. London: Trübner and Co.

Bloch, R.H. 1977. *Medieval French Literature and Law*. Berkeley: University of California Press.

Bouwman, A. 1991. *Reinaert en Renart. Het dierenepos Van den vos Reynaerde vergeleken met de Oudfranse Roman de Renart. Nederlandse literatuur en cultuur in de middeleeuwen*. Amsterdam: Prometheus.

Burchell, J. en J. Milton. 1991. *Principles of Criminal Law*. Kaapstad: Juta.

Burm, O.J.E. en H.J.J.M. van der Merwe. 1973. *Van den Vos Reynaerde: uitgegee na die Comburgsche handskrif. Van 'n inleiding, aantekeninge en 'n glossarium voorsien..* Pretoria: Van Schaik.

Coertze, L.I. 1937. Watter regsisteem beheers die verhouding tussen owerheid en onderdaan in die unie – Romeins-Hollandse reg of Engelse reg? Rede by die aanvaarding van die professoraat in die Staatsreg aan die Universiteit van Pretoria.

Coetzee, A. 1940. *Die verhaalskat van "Ons Klyntji" (1896-1905)*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Coetzee, A. 1960. Enkele ooreenkomste en verskille in die Reinaert-jakkasverhale. *Tydskrif vir Volkskunde en volkstaal*. 6(4):6-11).

Conradie, C.J. 2011. Hanghen ende thoeft af slaen: Vorme van geweld in enkele Middelnederlandse tekste. *Werkwinkel* 6(1), pp. 23-36.

De Jong, C. 1983. *Van Reinaard die vos (Reinaard I). Ingelei en vertaal uit die Middeleeuse Nederlands*. Hulst: Eie uitgawe.

Du Plessis, I.D. 1968. Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur. In Pienaar, J.de V. (red.) 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. pp.80-84.

Du Plessis, L.M. 1979. *Westerse regsdenke tot en met die Middeleeue*. Potchefstroom: Pro rege.

Du Plessis, P. 2010. *Borkowski's textbook on Roman Law*. Oxford: Oxford University Press.

Edwards, A.B. 1995. The history of South African Law. In: Hosten, W.J., Edwards, A.B., Bosman, F. and Church, J. *Introduction to South African Law and Legal Theory*. 2nd edition. Durban: Butterworth.

Eitemal. 1983. *Reinaard die jakkals. 'n Afrikaanse diere-epos*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H. en B. Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Gravdal, K. 1992. Law and literature in the French Middle Ages: Rape law on trial in *Le Roman de Renart*. *Romanic Review* LXXXIII: 1-24.

Grobbelaar, P.W. 1981. Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysings na Afrikaans. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

Hahlo, H.R. & Kahn, E. 1973. *The South African Legal System and its Background*. Kaapstad: Juta.

Hellinga, W.Gs. 1958. Het laatste woord is aan Firapeel. *Maatstaf* 6: 353–373.

Jacoby, F.R. 1970. *Van den vos Reinaerde. Legal elements in a Netherlands epic of the thirteenth century*. München: Wilhelm Fink Verlag.

Kleyn, D.G. 1987. Canon Law as part of the South African Common Law. *De Jure*, 1(20), pp.331-340.

Kleyn, D.G. 1989. Regsontwikkeling in die Middeleeue. In: Ohlhoff, C.H.F. en M. Brink. 1989. 'n *Blik op die Middeleeue*. Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika, pp. 186–204.

Lesaffer, R. 2013. *Inleiding tot de Europese rechtsgeschiedenis*. Leuven: Universitaire Pers Leuven.

Lippevelde, L. 2012. Het recht in het Middelnederlandse dierenepos Van den vos Reynaerde. Een onderzoek naar de verhouding tussen recht en genre. Ongepubliceerde MA-verhandeling. Universiteit Gent.

Lulofs, F. 1983. *Van den vos Reynaerde*. Groningen. Walters-Noordhoff.

Middleton, A.J. 1983. *Judicial considerations concerning the imposition of Criminal punishment: A Historical Survey*. Ongepubliceerde doktrale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.

Nienaber, en G.S. Nienaber. 1962. *Die Afrikaanse dierverhaal: Die dier-tema in die Afrikaanse Prosaletterkunde*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Ohlhoff, C.H.F. en M. Brink. 1989. 'n *Blik op die Middeleeue*. Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika.

Opperman, D.J. 1963. *Dolosse*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Pavlovic, M.N. 1987. Literature and Law in the Middle Ages: A Bibliography of Scholarship (Book review). *Modern Language Review* 81 (3): 697–700.

Pienaar, J.de V. (red.) 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Rautenbach, C., J.C. Bekker en N.M.I. Goolam. 2010. *Inleiding tot regspluralisme*. Durban: LexisNexis.

Slings, H. 1999. *Reinart de vos*. Amsterdam: Amsterdam University Press.

Thomas, Ph.J., C.G. Van der Merwe en B.C. Stoop. 2000. *Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Privaatreg*. Durban: LexisNexis.

Van Caenegem, R.C. 1954. *Geschiedenis van het strafrecht in Vlaanderen van de XIe tot de XIVe eeuw. Verhandelingen van de Koninklijke Vlaamse academie voor wetenschappen, letteren en schone kunsten van België. Klasse der Letteren, 19.*

Van Caenegem, R.C. 1956. *Geschiedenis van het strafprocesrecht in Vlaanderen van de XIe tot de XIVe eeuw. Verhandelingen van de Koninklijke Vlaamse academie voor wetenschappen, letteren en schone kunsten van België. Klasse der Letteren, 24.*

Van Caenegem, R.C. 1991. *Legal history: A European Perspective*. London: Hambledon Press.

Van Caenegem, R.C. 2001. *European law in the past and the future: unity and diversity over two millennia*. Cambridge: CambridgeUniversity Press.

Van Daele, H. 2013. *Reinaard die vos. Die wrede een met die rooi baard*. Uit Nederlands vertaal deur Daniël Hugo. Pretoria: Protea.

Van den Bergh, G.N. 1983. *Die Middeleeue*. Durban: Butterworth.

Van Leeuwen, W.L.M.E. 1971. *Beknopt overzicht van de Nederlandse letterkunde*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Niekerk, G.J. 2010. Regspluralisme. In Rautenbach, C., J.C. Bekker en N.M.I. Goolam. 2010. *Inleiding tot regspluralisme*. Durban: LexisNexis, pp. 1–14.

Van Oostrom, F. 2006. *Stemmen op schrift. Nederlandse literatuur en cultuur in de Middeleeuwen*. Amsterdam: Bert Bakker.

Van Rensburg, F.I.J. 1983. *Van Vlaamse vos tot Afrikaanse jakkals*. Johannesburg: J.M. Missak Sentrum.

Van Zyl, D.H. 1983. *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse Reg*. Durban: Butterworth.

Verster, F.P. 2003. 'n Kultuurhistoriese ontleding van pikurale humor, met besondere verwysing na die werk van T.O. Honiball. Ongepubliseerde doktraleproefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

Verster, F. & M. Burden. 2006. Strokies vir kinders: Jakkals en Wolf en ander reekse. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. 20(1), pp.180–200.

Von Wielligh, G.R. 1919. *Boesman-Stories. Deel I, Mitologie en legendes*. Kaapstad: De Nationale Pers Beperkt.

Von Wielligh, G.R. 1920. *Boesman-Stories. Deel II. Dierstories en ander verhale*. Kaapstad: De Nationale Pers Beperkt.

Wikipedia. *Comburgse handschrift*.

https://nl.wikipedia.org/wiki/Comburgse_handschrift. (Toegang op 30 Mei 2017)